DIE VROU AS OUTOBIOGRAAF: DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

deur

SANDRA NORTJE

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF H M ROOS

JUNIE 2007

OPSOMMING

Hierdie verhandeling doen verslag van ’n studie rakende die outobiografie as genre, met die klem op die stem van die blanke, Afrikaanse vrou. Die vertrekpunt was ’n bestekopname van die aantal outobiografieë in Afrikaans deur blanke vroue geskryf. Met die fokus op die beperkte aantal sodanige outobiografieë is drie outobiografieë bestudeer, naamlik *Met die Boere in die veld* (Sarah Raal), *My beskeie deel* (M.E.R.) en *’n Wonderlike geweld* (Elsa Joubert). Binne die raamwerk van die kompleksiteit-sisteemteorie is die rol van die waarnemer (outeur/leser) ondersoek om te bepaal of by die lees/skryf van die outobiografie epistemologiese verandering kan plaasvind, wat manifesteer as konseptuele verskuiwing by die waarnemer. Daar kon ook aangetoon word dat die stem van die vrou met haar gevoeligheid vir interpersoonlike verhoudings dien as unieke register vir die kompleksiteit van bestaan as individu. Dit doen sy egter met ’n bewussyn van die deurlopende invloed, effek en behoeftes van ander.

- **Sleutelwoorde:**
  kompleksiteit-sisteemteorie; leesstrategie; konseptuele verskuiwing; liniêre gevolgtrekking; outobiografie; Afrikaanse vroue; epistemologies; literêr-teoreties; perspektief; waarnemer; Sarah Raal; M.E.R.; Elsa Joubert

ABSTRACT

This dissertation is a report on a study about autobiography as genre, focusing on the voice of the white, Afrikaans-speaking woman. The point of departure for this study was a survey of the number of autobiographies written in Afrikaans by these women. With the focus on the limited number of such autobiographies three autobiographies were studied, namely, *Met die Boere in die veld* (Sarah Raal), *My beskeie deel* (M.E.R.) and *'n Wonderlike geweld* (Elsa Joubert). Within the framework of the complexity systems theory the role of the observer (author/reader) was studied to determine the possibility of demonstrating that when reading/writing an autobiography, some epistemological changes may occur, manifesting as conceptual changes in the mind of the observer. It could be demonstrated that because of women's sensitivity to interpersonal relationships they are capable of acting as unique registers of the complexity of individual existence, while remaining aware of the constant influence, effect and needs of the other.

- **Keywords:**
  Complexity systems theory; reading strategy; conceptual shifting; linear conclusion; autobiography; Afrikaans-speaking women; epistemological; literary theory; perspective; observer; Sarah Raal; M.E.R.; Elsa Joubert

BEDANKINGS

My dank aan die volgende persone:

Prof. Henriette Roos vir jarelange ondersteuning as my studieleier. Deur haar toedoen het ek ná my BA besluit om met my studie in Afrikaans voort te gaan.

Terry Lynne Harris, die vriendelike en behulpsame vakreferent.

Olga Spangenberg wat deur die jare altyd beskikbaar was om te help en wie se vriendelikheid kontak met Unisa altyd opgehelder het.

My familie- en gesinslede vir hulle ondersteuning.

Dr. Kate Grieve en dr. Roy Sugarman.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1
Inleiding 1
1.1 Omskrywing 1
1.2 Onderwerp 1
1.3 Hipotese 1
1.4 Uiteensetting van die hoofstukke 4
Hoofstuk 2
Geskiedenis en teorie 5
2.1 ’n Literêr-historiese oorsig van die outobiografie as genre 5
2.1.1 Inleiding 5
2.1.2 Definisies 6
2.1.3 Hoogtepunte in die ontwikkeling van die outobiografie vanaf die antieke tye .. 7
tot met die Verligting 7
a. Die klassieke antieke tye 8
b. Die Middeleeue 10
c. Die Renaissance 11
d. Die sewentiende eeu 12
e. Die Verligting 12
f. Outobiografie en die modernisme 13
g. Samevattend 15
2.2 Agtergrond tot die kompleksiteit-sisteemteorie 17
2.2.1 Inleiding 17
2.2.2 Agtergrond tot die ekosistemiese benadering in die wetenskap 21
a. Die teorie van selforganisasie en selfregulering in lewende sisteme 22
b. Empiriese epistemologie 23
c. Kennis as ’n biologiese verskynsel 25
d. Lewende sisteme en die omgewing 25
e. Die waarnemer 26
f. Taal as konsep 27
g. Tyd as konsep 27
h. Selfbewussyn as konsep, persepsie en illusie 28
i. Kultuur as konsep 29
j. Die verband met tyd as konsep 29
k. Fokus/perspektief: die posisie van die waarnemer 30
Hoofstuk 3
Outobiografieë deur Afrikaanse vroue 32
3.1 Inleiding 32
3.2 Bestekopname 33
3.3 Kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie 37
3.3.1 Toepassing van kompleksiteit-sisteemteorie 37
3.3.2 Seksuele identiteit en genderspesifieke verskynsels 39
3.3.3 Historiese perspektief: Waar kom die (blanke) Afrikaanse vrou vandaan? ... 42
M.E.R. en Sarah Raal as tydgenote 46
3.3.4 Kommunikasie binne ’n sisteem 47
3.4 *Met die Boere in die veld* (2000) deur Sarah Raal 49
My beskeie deel (1972) deur M.E.R. 49
3.4.1 Die outobiografie as opdrag 49
3.4.2 Opvoeding 50
3.4.3 Konteks 51
a. Die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) 51
b. Ontbloting van die self 54
c. Taalgebruik 57
d. Geld as rolspeler 60
e. Interpersoonlike verhoudings 62

f. Die groter verband 64
3.5 Van Augustinus tot hier..... 67
Hoofstuk 4
Elsa Joubert en haar outobiografie: *'n Wonderlike Geweld* 69
4.1 Inleiding..... 69
4.2 Persoonlike agtergrond..... 70
4.2.1 Die familie-agtergrond 70
4.2.2 Gesinsverband 71
4.3 Konteks 74
4.4 Persoonlikheidseienskappe 76
4.4.1 Narratief 77
4.4.2 Idealisme..... 79
4.4.3 Taalgebruik 81
4.4.4 Idealisme: kultuur, godsdiens, politiek..... 83
4.4.5 Samevatting 85
4.5 'n Vergelykende lees 87
4.5.1 *My beskeie deel*, *Met die Boere in die veld* en *'n Wonderlike geweld*..... 87
4.5.2 Lesersreaksies 90
4.6 Samevattend 95
Hoofstuk 5
Verantwoording 97
Bronnelys 102

Hoofstuk 1
Inleiding

1.1 Omskrywing

Hierdie verhandeling van beperkte omvang vorm die vierde en finale vraestel van ’n gestruktureerde M.A.-studieprogram.

1.2 Onderwerp

Oorkoepelend gesien handel die studie oor die outobiografiese teks as ’n genre met unieke eienskappe. In die eerste plek word daar gekyk na die outobiografie as ’n letterkundige genre waarvan een van die belangrikste eienskappe gesien kan word as ’n konfrontasie met die self − ’n verhouding wat lei tot nuwe insigte vir die skrywer, maar daarna ook vir die leser. In hierdie studie val die fokus op die vrou as skrywer van ’n outobiografie en word gefokus op die rol van die vrou in ’n tradisioneel-patriargale bestel, in die spesifieke geval die blanke, Afrikaanssprekende vrou in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Laastens ondersoek die studie hoe die kompleksiteit-sisteemteorie as leesteorie gebruik kan word om ’n veelsydige, nieliniêre perspektief op die outobiografiese teks oop te maak.

Die fokus op die blanke, Afrikaanssprekende vroue in die Suid-Afrikaanse konteks val binne die parameters van die kompleksiteit-sisteemteorie (deur selektiewe aandag die sisteem wat ondersoek gaan word, vas te stel). Hulle verteenwoordig ’n groep mense wat sosio-polities gesien binne die vorige politieke bestel bevoorreg en beskerm kon funksioneer, maar wat ook as gevolg van die patriargale aard van die bestel onderdruk is. Vanuit hierdie posisie moes hulle die keuse maak om te skryf of nie te skryf nie.

1.3 Hipotese

’n Byna aksiomatiese beskrywing van die outobiografie as genre is dat dit ’n vorm van selfondersoek en besinning inhou wat ’n refleksie bied van die wêreld waarin geleef is en

geleef word. Dit bied ’n beeld van die persoonlike en sosio-maatskaplike omgewing van die individu.

Met verwysing na die begrip “’n besinning” is ’n definisie van epistemologie relevant; dit hou verband met “hoe mense of sisteme dinge weet en hoe hulle dink dat hulle dinge weet; hoe dit gebeur dat mense hulle gewoontes van kognisie konstrueer en in stand hou” (eie vertaling – Keeney 1983: 13 in Van der Hoorn 1995: 3). Daarbenewens word beweer dat “die mees fundamentele orde van verandering waartoe die mens in staat is, is epistemologiese verandering. ’n Verandering in epistemologie beteken transformasie van die manier waarop ’n mens die wêreld beleef” (eie vertaling – Keeney 1983: 7 in Van der Hoorn 1995: 3).

Die literêr-teoretiese raamwerke wat tradisioneel gebruik word as leesstrategie is, soos die huidige dominante wetenskaplike tradisie, dikwels “gesetel in ’n Cartesiaanse wêreldbeskouing, paradigmaties in positivisme, en metodologies in eksperimentalisme. Hieronder val die psigoanalitiese, taalanalitiese en meeste ander perspektiewe wat tans gebruik word. Dié tradisie word toenemend beskou as onvoldoende om die verweefde probleme en epistemologiese kwessies van postmoderne tye aan te spreek” (Van der Hoorn 1995: ii).

> The term *complexity* expresses new ways of becoming conscious of and of representing reality, as well as new concepts, conceptions and paradigms that follow from studying complex systems, whether they are part of the natural or social order or related to sundry branches of pure and applied research. What is offered us in the study of complexity is the outline of a new dialogue between human beings and nature while new possibilities of describing and understanding nature and society are implicit as well. Some have called it the emergence of a new scientific rationality, or the opening of a new theoretical space (De Beer 1991: 203 in Van der Hoorn 1995: 2).

Hierdie verhandeling stel, onder andere, voor dat die kompleksiteit-sisteemteorie as leesteorie tot die totale spektrum van leesstrategieë toegevoeg behoort te word, om so perspektief te verruim en ontwikkeling wat verband hou met die huidige stand van wetenskaplike waarneming moontlik te maak. Hierdie waarneming is afhanklik van konseptuele verskuiwinge by die waarnemer en kan dan op sy beurt tot epistemologiese

verandering vir die waarnemer lei, met ander woorde transformasie van die manier waarop ervaring van die wêreld beleef word. Kortliks word die voorstel as volg gemotiveer:

- Die kompleksiteit-sisteemteorie is ’n metateorie, maar kan ewegoed op mikrovlak funksioneer. Alhoewel dit nooit ander wetenskaplike tradisies volkome ongeldig maak nie, is die gebruik daarvan as metateorie van uiterste belang omdat dit die beperkinge van die huidige tradisies aandui en daarin slaag om nuwe konseptuele moontlikhede beskikbaar te stel deur integrasie met ’n wêreldbeskouing waarin daar ’n bewustheid ontwikkel word vir die groot belang van gehele, patrone, struktuur, organisasie en bowenal verhoudings.
- So ’n ontledingsproses is noodwendig geanker in die hier-en-nou, wat beteken dat die leser as waarnemer altyd deel uitmaak van die sisteem/verhaal/ lewensbeskrywing wat beskryf, beskou en herleef word en dat die gegewe van die hede asook die biologiese samestelling van die betrokke waarnemer bepalend is in die proses van so ’n ervaring of evaluasieproses.
- Die toevoeging van die kompleksiteit-sisteemteorie tot die breë spektrum van literêr-teoretiese benaderings is onafwendbaar, aangesien die epistemologiese ontwikkelinge binne baie ander dissiplines dit duidelik maak dat ’n eenvoudige liniêre verband tussen oorsaak en gevolg met moeite onderskryf kan word en dat negatiewe of positiewe terugvoer vanuit die omgewing (met sy veelvoud van subsisteme) altyd ’n persoon/sisteem se handeling/reaksie beïnvloed. Aan die ander kant is elke persoon/sisteem uniek ten opsigte van die moontlikhede wat in sy of haar samestelling opgesluit is om op die impulse vanuit die omgewing te reageer. Dit plaas die verantwoordelikheid op die leser om met deernis en respek om te gaan met ’n individu se bereidwilligheid om verslag te doen van sy of haar lewensverloop.

Die klem wat hierdie studie op die posisie van die vrou plaas, en veral die blanke Afrikaanssprekende vrou in Suid-Afrika as outeur van ’n outobiografie, bied die geleentheid om met die inskakeling van die kompleksiteit-sisteemteorie nuwe perspektiewe op die analise en interpretasie van die outobiografiese teks oop te maak.

1.4 Uiteensetting van die hoofstukke

Die hoofstukke word as volg uiteengesit:

Hoofstuk 1: Die inleiding met ’n oorsig van die studie.

Hoofstuk 2: a. ’n Literêr-historiese oorsig van die outobiografie as genre.

b. ’n Uiteensetting van die kompleksiteit-sisteemteorie met verwysing na die agtergrondgeskiedenis en aard daarvan en ’n bespreking van aspekte soos die rol van die waarnemer, kennis as biologiese verskynsel, lewende sisteme en tyd en taal as konsep.

Hoofstuk 3: Die kwessie van die beperkte aantal outobiografieë deur Afrikaanse vroue en ’n bespreking in die besonder van twee outobiografieë uit die vorige eeu, naamlik *My beskeie deel − ’n outobiografiese vertelling* (1972) van M.E.R. en Sarah Raal se *Met die Boere in die veld* (1936), met die kompleksiteit-sisteemteorie as teoretiese raamwerk.

Hoofstuk 4: ’n Bespreking van Elsa Joubert se *’n Wonderlike geweld. Jeugherinneringe* (2005), benader vanuit die sisteemteorie en vergelyk met die werke van M.E.R. en Sarah Raal.

Hoofstuk 5: Verantwoording.

Hoofstuk 2
Geskiedenis en teorie

2.1 ’n Literêr-historiese oorsig van die outobiografie as genre

2.1.1 Inleiding

By die studie van die outobiografie as genre is die werk van Georg Misch waarskynlik die bekendste en omvattendste bron in soverre dit die nagaan van die ontwikkeling van die aard van outobiografie sedert die antieke tye uitstippel. Sy boek *A History of Autobiography in Antiquity* begin só:

> Since the epoch of the Enlightenment in England, France, and Germany, various writers have recognized the importance of the literature of autobiography and have made it the subject of learned works (Misch 1973: 1).

Om te verstaan waarom hy die Verligting as ’n soort skeidslyn sien tussen wat vooraf gegaan het en wat daarna gekom het, moet die begrip “Verligting” omskryf word. Een van die bekendste definisies van die Verligting is ’n definisie van Immanuel Kant:

> Enlightenment is Man’s emergence from his self-imposed immaturity. Immaturity is the incapacity to make use of one’s intellect without the guidance of another. This immaturity is self-imposed when its causes are to be found not in a lack of intellect, but of the determination and courage to use it without the guidance of another. Have the courage to know – that is the motto of enlightenment (Delius 2000: 62).

Vanuit ’n ander hoek word Kant se gedagte as volg verwoord: “Zelf denken betekent de hoogste toetssteen van de waarheid in zichzelf (dat is in zijn eigen rede) zoeken; en de grondregel, steeds zelf te denken, is de Verlichting” (Aufenanger 1998: 119). Volgens Kant is die drie vrae wat die mensheid aan die filosofie moet stel, die volgende: Wat kan ek weet? Wat moet ek doen? Wat mag ek hoop? (eie vertaling – Aufenanger 1998: 1). Michel Foucault verduidelik die implikasies rondom Kant se definisie met betrekking tot die Verligting besonder duidelik:

> In itself and within the Christian tradition, Kant’s text poses a new problem. It was certainly not the first time that philosophical thought had sought to reflect on its own present. But, speaking schematically, we may say that this reflection had until then taken three main forms.

> The present may be represented as belonging to a certain era of the world, distinct from others through some inherent characteristics, or separated from the others by some dramatic event. Thus, in Plato's "The Statesman" the interlocutors recognize that they belong to one of those revolutions of the world in which the world is turning backwards, with all the negative consequences that may ensue.
> The present may be interrogated in an attempt to decipher in it that heralding sign of a forthcoming event. Here we have the principle of a kind of historical hermeneutics of which Augustine might provide an example.
> The present may also be analysed as a point of transition toward the dawning of a new world. That is what Vico describes in the last chapter of "La Scienza Nuova"; what he sees "today" is "a complete humanity … spread abroad through all nations, for a few great monarchs rule over this world of peoples; it is also Europe radiant with such humanity that it abounds in all the good things that make for the happiness of human life".
> Now the way that Kant poses the question of Aufklärung is entirely different: it is neither a world era, to which one belongs, nor an event whose signs are perceived, nor the dawning of an accomplishment. Kant defines Aufklärung in an almost entirely negative way, as an Ausgang, an "exit", a "way out" …. Enlightenment is defined by a modification of the pre-existing relation linking will, authority and the use of reason (Rabinov 1984: 33-34).

Hierdie gevolgtrekking van Foucault verklaar die duidelike verband tussen outobiografie en die Verligting. Naas die dokumenteer van inligting behels die skryf van 'n outobiografie uiteraard refleksie; hierdeur word die skrywer gekonfronteer met dit waarmee die mensheid volgens Kant die filosofie mag bevraagteken: Wat kan ek weet? Wat moet ek doen? Wat mag ek hoop?

2.1.2 Definisies

Tradisioneel word 'n outobiografie gesien as 'n teks wat onthullend van aard is en geskryf is deur 'n individu waarin veral hierdie persoon se besondere prestasie en/of lewensvisie beskryf word. Georg Misch definieer 'n outobiografie deur die ontleding van die woord as volg: "the description (*graphia*) of an individual human life (*bios*) by the individual himself (*auto*)" (Misch 1973: 5).

Volgens Philippe Lejeune kan ons die outobiografie definieer as: "Retrospective prose narrative written by a real person concerning his own existence, where the focus is his individual life, in particular the story of his personality" (Lejeune 1989: 120).

En dan die byna teësinnige definisie van James Olney:

> I did not think of what I was doing as a study of autobiography; I thought of it as a study of the way experience is transformed into literature (which I suppose could be another way of describing autobiography) – as a study of the creative process, a humanistic study of the ways of men and the forms taken by human consciousness (Olney in Olney 1980: 10).

2.1.3 Hoogtepunte in die ontwikkeling van die outobiografie vanaf die antieke tye tot met die Verligting

In sy boek *Metaphors of Self* skryf James Olney:

> Autobiography … is, among other things, a point of view on the writer's own past life. There is no doubt that our experience of reality must always be from a point of view, and that that point of view, like what he makes of it, must clearly be unique to the individual: it is his point of view (Olney 1972: 42).

'n Outobiografie is altyd 'n dokument wat aan tyd en plek gebonde is. Daarom is 'n oorsig van die ontwikkeling van outobiografie deur die eeue heen, onder andere, ook 'n kultuurhistoriese oorsig, met as doelwit van hierdie studie van die genre deur die eeue soos Misch dit gesien het as 'n proses waardeur "light would thus be thrown upon the great process of the liberation of human personality …. Since the formation of personality depends both on the contemporary social environment and on the self-awareness of the individual, autobiography has two claims to consideration − as a special genre in literature, and as an original interpretation of experience" (Misch 1973: 2-3). 'n Merkwaardige aanhaling uit Burckhardt se beroemde *Die Kultur der Renaissance in Italien* wat Misch gebruik, lui as volg:

> In the Middle Ages the two sides of consciousness − regarding the world and regarding the inward man − lay, as it were, dreaming and half-awake under a common veil. The veil was woven of faith, childish naïveté, an illusion; seen through it, the world and history appeared in wonderful colours, but man knew himself only as race, people, party, corporation, family or in some other generalized form. This veil was first driven off by the breezes of Italy; with awakening came an objective consideration and treatment of the State and of all things of this world, but at the same time the subjective element developed into full vigour; man became a spiritual individual, and recognized himself as one (Misch 1973: 67).

a. Die klassieke antieke tye

Hierdie tydperk word algemeen geplaas binne die periode vanaf sowat 650 v.C. tot min of meer 100 n.C. Dit word verder aanvaar dat die oorsprong van die Westerse filosofie in antieke Griekeland geleë is. In hierdie tydperk was daar ’n ontwikkeling en ’n “transition from myth to logos” (Delius 2000: 6). “The much quoted transition from myth to logos is marked by the difference between the narrative language of stories of gods and heroes on the one hand, and strict argument on the other” (Delius 2000: 6).

Vir sy navorsing oor die outobiografiese teks begin Georg Misch by die outobiografiese dokumente wat beskikbaar is uit die antieke beskawings van die Midde-Ooste. Volgens hom is daar ’n oorvloed van materiaal, maar blyk die gebrek aan die uitbeelding van individuele karakter of persoonlikheid duidelik daaruit. Hierdie voorbeelde van ’n stereotipiese soort persoonlikheid wat outobiografies beskryf word, gaan so ver as die derde en tweede millennium voor Christus terug.

> It is indeed a remarkable glimpse that we thus catch of the nature of man in far-off times, when his awareness of his actions was not yet accompanied by a sense of responsibility for them. It reveals to us potentialities of human nature that are in strange contrast with our European attitude toward the individual self, which we owe to Greek philosophy and to Christian religion (Misch 1973: 19).

Hierdie geskrifte het ’n paar eienskappe vertoon wat vir my studie oor die outobiografie van belang is:

- Die skrywer gee ’n oorsig oor sy lewe, gegrond op die aantoon van momente waarop hy na sy mening die beste vertoon het, maar sonder om enige ontwikkelingproses aan te toon.
- Sy religieuse verwagtinge oor die lewe ná die dood word openbaar.
- Selfverheerliking word beskryf en gewoonlik ook grafies uitgebeeld.
- Die gebruik van die eerstepersoon-verteller (opgesom uit Misch 1973: 20).

Volgens Misch is daar genoeg bewyse dat, alhoewel die Griekse kultuur daarvoor bekend staan dat dit die menslike persoonlikheid ontdek en bevry het, daar skaars ’n enkele

noemenswaardige persoonlikheid onder die skrywers van outobiografieë gedurende pre-Christelike tye te vinde is. Volgens hom is dit nie omdat daar nie genoeg voorbeelde uit hierdie tydperk behoue gebly het nie, “but that the reason for this peculiar feature must somehow lie in the Greek attitude to the realities of life” (Misch 1973: 61).

Volgens Misch was die eerste waarneembare ontwikkeling van die mens se pad na individualiteit te sien in die werk van Hesiodos, die tweede oudste oorlewende Griekse digter (omtrent 700 v.C.). Hy gee sy naam aan sy werke, en die vertelling is in die eerste persoon. Ion van Chios (± 440 v.C.) vertel in sy prosawerk, getiteld *Besoeke*, van sy ontmoetinge met bekende persoonlikhede soos Pericles, Sophocles, Kimon en Aeschylus (Misch 1973: 98 en Waegeman in Jongeneel 1989: 98). So teken hy dus die individue wat hy bespreek as enkelinge, elk met ’n eie aard. As verdere rigtingwyser op die pad na die ontstaan van die tradisionele outobiografie kan mens ook verwys na die werk *Anabis* van Xenophon uit die vierde eeu v.C. Die *Anabis* word as die prototipe beskou van die welbekende veldtogkommentare wat deur deelnemende generaals geskryf is.

Om die evolusie van die outobiografie na te speur is die filosofiese ontwikkeling rondom die ontdekking van individualiteit gedurende hierdie tydperk ook ter sake. Weereens ’n paar gedagtes van Misch hieroor:

> But what was the essential significance which the great process of formation of personality must have had in this field? This central question brings us to the development of inward experience in Greek philosophy and to the influence exerted by this philosophical tendency on the conception of the personality of the individual. It is in the emergence of self-scrutiny, not in particular autobiographical writings, that the essential factor is to be seen (Misch 1973: 100).

Die rigting wat die Sofiste, as leermeesters van retoriek, in die filosofie aangegee het, het ingehou dat hulle tussen die “mental phenomena” en die “physical world” begin onderskei het. Die kenbaarheid van dinge is uit ’n nuwe gesigspunt benader, vanwaar ’n toenemend ondersoekende mens ook ’n groter verantwoordelikheid vir sy dade moes aanvaar. Individuele gedrag is nie meer as ’n funksie van die groter sosiale geheel gesien nie, maar die enkeling moes nou nadink oor die aard van die menslike bestaan, sy eie optrede en die daarstelling van ’n stel reëls waar moontlik om as riglyn vir sy lewensgedrag te dien.

Volgens Protagoras (485-380 v.C.), “the human personality has no permanent form, every man is at all times a complete variable, and only through the processes of recollection and recognition does something constant enter in” (Misch 1989: 101). Hy sê verder “De mens is de maat van alle dingen …. Van alle dingen, die zijn zoals zij zijn, en de niet zijnden, zoals zij niet zijnden”. Protagoras meen dat nóg die gode, nóg die natuur die waarheid bepaal, maar wel die mens, want “Van de goden kan ik niets vasstellen, noch dat zij bestaan, noch dat zij niet bestaan” (Aufenanger 1998: 24).

Sokrates, wat geen filosofiese geskrifte nagelaat het nie, is aan ons slegs deur die werk van Plato bekend. Tog word hy as sleutelfiguur in die ontwikkeling van die Westerse denke van die mens oor homself beskou. Hy het die Sofiste se aanslag om te redeneer sodat ‘n mens die argument kan wen, verwerk tot ’n dialektiek op die soeke na waarheid gerig. “With his inquiry into the character, value and significance of all things in life he brought men, while still going about their ordinary activities, to watch themselves and reflect upon those activities” (Misch 1989: 103). Op hierdie manier sou mens Sokrates as besonder belangrik in die ontwikkeling van die outobiografiese genre kon sien omdat hierdie Sokratiese perspektief juis die aard van outobiografie beskryf.

> Die 4de-eeuwse Griekse literatuur met sterk autobiografische inslag vertoont dus enkele onmiskenbare constanten: zij is altijd apologetisch; zij is altijd politiek gebonden en pragmatisch; de auteur is steeds een man op latere leeftijd, die meent verantwoording te moeten afleggen voor zijn openbare leven. Dit is zeer typerend voor het maatschappelijk patroon: het individu spreekt enkel over zichzelf voor zover dit van belang is voor de gemeenschap waaraan hij verantwoording is verschuldigd (Waegeman in Jongeneel 1989: 101).

b. Die Middeleeue

’n Simboliese datum vir die oorgang van die klassieke na die Middeleeuse geskiedenis, dit wil sê die Christelike era, is die jaar AD 529, toe Plato se Akademie in Athene in die Ooste deur Keiser Justinianus gesluit is. Dit is die presiese jaar waarin die grondslag gelê is vir die eerste groot kloosterorde in die Weste, die van St. Benedictus. Van toe af het die kloosters die sentra van geleerdheid en onderrig in Wes-Europa geword (eie vertaling Delius 2000: 20).

In hierdie tydperk ontwikkel ’n soort samesmelting tussen filosofie en teologie, waarin die epistemologiese vraag handel oor die verwantskap tussen geloof en kennis en die behoefte om die oënskynlike onoorbrugbare gaping tussen geopenbaarde waarheid en filosofiese insig te oorbrug. Binne hierdie denkwêreld vorm St. Augustinus die skakel tussen die antieke periode en die Middeleeue. Sy *Confessiones* skryf hy ná sy bekering in Augustus 386 n.C. omdat die gebeurtenis hom dwing om sy lewe in oënskou te neem, en vanuit die perspektief van die hede probeer hy om betekenis aan die geheel van sy ervarings te gee. Die uitsonderlikheid van sy *Confessiones* in hierdie tydperk is die feit dat dit tot ’n veel groter mate as ander soortgelyke werke selfondersoekend is:

> And I turned my attention to the nature of the mind, but the false opinions which I entertained of spiritual things prevented me from seeing the truth. Yet the very power of truth forced itself on my gaze (Augustinus aangehaal in Misch 1973: 644).

Die heel belangrikste deel van Augustinus se geskiedenis handel oor ’n innerlike proses. Eksterne gebeurtenisse word later as katalisators in die proses gesien. Augustinus lê noukeurig die essensiële kenmerke uit van die ontplooiingsproses van ’n siel wat die genade van God ontvang. Vir hom verteenwoordig dit die mens se ware natuur en bestemming (Weintraub in Jongeneel 1989: 15-16).

c. Die Renaissance

“In his *History of France,* the French historian Jules Michelet summed up the innovations of the 15th and 16th centuries as the ‘discovery of the world and the discovery of man’, when for the first time, in 1854, he used the word ‘Renaissance’ or ‘rebirth’ to describe a historical period” (Delius 2000: 27). In hierdie periode ontstaan die outobiografie van Benvenuto Cellini. Sy bydrae tot die outobiografiese genre word op verskillende maniere getipeer, maar sentraal daarin staan sy egoïsme. Volgens Howarth is dit ’n voorbeeld van die outobiografie as drama (Howarth in Olney 1980: 98). Wat egter van groot belang is, is die beskrywing wat ’n leser hier van die Renaissance-mens kry:

> The new age practises the virtue of individuality particularly dear to the great men of the Renaissance, champions of free enterprise in art as in morals, in finance and in technical affairs as in philosophy. The “Life” of Cellini, artist and adventurer, testifies to this new freedom of the individual who believes that all things are permitted to him (Gusdorf in Olney 1980: 34).

d. Die sewentiende eeu

Om die ontwikkeling van die gang van outobiografie aan te toon, is die sewentiende eeu van belang omdat dit die era was waarin René Descartes (1596-1650) met sy filosofie die bewussyn van ’n soort dualiteit in die menslike syn geskep het met die verdeling tussen gees en liggaam. “Dit dualisme houdt echter tevens het dualisme van denken en waarnemen, van rationalisme en empirisme in, dat kenmerkend zal zijn voor de Europese filosofie tot aan Kant” (Aufenanger 1998: 95).

e. Die Verligting

In die inleiding tot hierdie afdeling is die Verligting reeds as ’n beweging van die intelligentsia van die agtiende eeu gedefinieer en is besondere aandag aan die bydrae van Kant gegee. Uit hierdie tydperk kom die outobiografie van Jean-Jacques Rousseau. Sy *Les Confessions* (1782-1789) word allerweë gesien as eerste eksemplaar van wat tradisioneel as outobiografie beskou word. Soos die selfportrette van kunstenaars soos Rembrandt en Van Gogh ontstaan hierdie soort outobiografie as poëtiese selfportret. Rousseau se outobiografie is juis dit wat die naam aandui – ’n *Les Confessions*. Volgens Stephen Spender is so ’n belydenis altyd deur ’n subjek gerig aan ’n objek, van die individu gerig aan die gemeenskap.

> Even the most shamelessly revealed inner life pleads its cause before the moral system of an outer, objective life. One of the things that the most abysmal confessions prove is the incapacity of even the most outcast creature to be alone. Indeed, the essence of the confession is that the one who feels outcast pleads with humanity to relate his isolation to its wholeness. He pleads to be forgiven, condoned, even condemned, so long as he is brought back into the wholeness of people and things (Spender in Olney 1980: 120).

’n Teks wat die ander pool van die tydperk van tradisionele outobiografieë verteenwoordig, word algemeen aanvaar, is die outobiografie van Johann Wolfgang von Goethe (1812-1833), *Dichtung und Wahrheit.* Wat vormgewing betref, word hierdie soort tradisionele outobiografie gekenmerk deur ’n retrospektiewe manier van vertel. Die lewe van die subjek

word chronologies en volgens ’n strak skema, wat kontinuïteit en deurlopendheid waarborg, weergegee. Verder is die sogenaamde pragmatiese komponent van die tradisionele outobiografie saamgevat in die reëls wat Elisabeth Bruss uitwys:

- Die reël van identifikasie tussen outeur, verteller en hoofpersoon
- Die reël van waarheidsintensie
- Die reël van opregtheid (Severijnen in Jongeneel 1989: 64-65)

Dit vorm volgens Olav Severijnen ook deel van die “pacte autobiographique” waarvan Philippe Lejeune praat. Die outobiograaf wil met die leser ooreenkom wat die genrekode is wat gebruik word.

> In de traditionele autobiografie krijgen zij gestalte in de drievoudige identiteit (de namen van de autobiograaf, van de verteller en van de held zijn dezelfde). Voorts zien we in de autobiografie steeds opnieuw de verteller beweren dat hij de zuivere waarheid wil beschrijven en dat, wanneer de lezer hem niet wil geloven of wanneer het vertelde niet (meer) geverifieerd kan worden, de lezer af moet gaan op de oprechtheid van de verteller. Het bijzondere van de autobiografische speech act is, dat het gebruik van esthetiserende, aan vooral de speech act van de roman ontleende middelen, toegestaan is zonder dat de waarheid of de intentie tot oprechtheid geweld aan wordt gedaan. De traditionele autobiografie kemerkt zich derhalwe door een bijzonder evenwicht tussen werkelijkheidsgetrouwe biografische feiten en esthetiserende middelen. De titel van Goethes autobiografie, “Dichtung und Wahrheit”, wijst daar onder andere op (Severijnen in Jongeneel 1989: 66).

Laastens is daar volgens Severijnen ’n semantiese komponent ter sprake wat op die beskrywing van die ontwikkeling van die individu in sy historiese konteks betrekking het.

> Deze ontwikkeling bezit een causaal-psychologisch en een causaal-historisch karakter: de ontwikkeling van de subject voltrekt zich in fasen, die elkaar logisch opvolgen. Het einde van deze ontwikkeling ligt vast voordat aan het schrijven is begonnen. In veel gevallen is dit eindpunt het bereiken van volwassenheid, omdat dan de dialectiek tussen individu en maatschappij een synthese heeft gevonden. Aan de beschrijving van individu en maatschappij wordt evenveel aandacht besteed. Bovendien wordt het subject gezien als kind van zijn tijd. Niet zelden heeft de autobiografie een didactisch doel (Severijnen in Jongeneel 1989: 66).

f. Outobiografie en die modernisme

Dit wil soms voorkom dat met die vaslegging van norme vir die vorm van die outobiografie as tradisionele genre die toneel dadelik weer gereedgemaak is vir die aftakeling of verandering van daardie norme. Net toe dit lyk asof die grense van die outobiografie as genre netjies vas te pen is –

- die outobiograaf doen in retrospeksie verslag van sy lewe,
- hy vertel in die eerste persoon, en
- hy vertel daardie lewe chronologies,
- en volgens ’n strak skema, wat kontinuïteit en waarheidsgetrouheid verseker –

toe ontwikkel daar in die denke van die moderne individu ’n proses wat Severijnen as verinnerliking beskryf en wat vervolgens ook neerslag vind in die literatuur (Severijnen in Jongeneel 1989: 66). Vir die outobiografie het dit bepaalde eienskappe ingehou:

> ... de kunstenaar probeert processen als dromen, gedachtenstromen en herinneringsflarden gestalte te geven. Het chronologisch vertellen wordt opgegeven omdat de werking van het bewustzijn en het onbewuste niet correspondeert met de vanselfsprekendheid van de causaliteit, die de chronologie … suggereert. Andere ordeningsvormen worden gezocht om de beleving in het heden van het verleden uit te drukken en om de relativiteit van de visie op het verleden te laten blijken. De verteller is niet meer alwetend en de waarheid van zijn herinnering wordt uiteindelijk slechts bepaal door het moment van schrijven. De reflectie op de eigen subjectiviteit, op de tekst en het schrijven zelf neemt steeds meer ruimte in beslag (Severijnen in Jongeneel 1989: 66).

Die skrywers van moderne outobiografieë hef dus vanuit verskillende perspektiewe die bestaande norme een vir een op. In sy *Speak, Memory* ontmasker Vladimir Nabokov die waarheid en opregtheid as ’n onbereikbare ideaal. Verder plaas hy die bewussyn van die skrywer sentraal en sê: “Memory is, of course, a mode of consciousness, and recollection is a way of expanding its purview” (Severijnen in Jongeneel 1989: 73). Hy struktureer ook sy outobiografie volgens ’n chronologiese patroon wat met die verinnerlikte proses van herinnering verband hou en nie bloot volgens historiese tydsverloop nie.

Gertrude Stein het op haar beurt, met haar outobiografie *The Autobiography of Alice B Toklas,* die verwagte drievoudige identiteit van die skrywer gewysig deur haar vriendin, Alice Toklas, die verteller te maak. Michel Leiris en Andre Gide (“Het verborgen motief van ons handelen, ontgaat ons; en niet alleen in de herinnering die wij ervan bewaren, maar ook op het moment zelf” – Gide aangehaal in Jongeneel 1989: 77) is ander skrywers wie se outobiografieë as modernisties van aard gesien kan word. By ontleding van hierdie modernistiese outobiografieë blyk dan dat

> ... de nieuwe visie op tijd en tijdsbeleving, de toegenomen interiorisering, het inzicht in de voorlopigheid van elk standpunt, de verschuiving van de aandacht van het verleden naar het heden, de vervaging van de genregrenzen, het groeiende aantal aan de fictie

> ontleende strategieën, de toenadering van de verteller en held, deze en andere kenmerken van de besproken autobiografieën, hangen ten nauwste met elkaar samen. Zij kunnen tevens in verband gebracht worden met een belangrijke tendens in hun literair-historische context: het modernisme (Severijnen in Jongeneel 1989: 73).

g. Samevattend

Teen 1930 het filosofiese denkrigtings en ontwikkeling op elke natuurwetenskaplike en geesteswetenskaplike gebied al hoe meer verstrengel geraak, en die beeld wat die moderne individu van homself gekoester het, is onherroeplik verander. Met die ontploffing van kennis in die huidige era word ’n liniêre opsomming van gebeure toenemend as ’n ontoereikende weergawe van menslike ervarings gesien. Juis hierdie leemte gee aanleiding tot een van die belangrikste rigtings waarheen die nastreef van kennis gelei het − een wat op alle gebiede die bestaan van die individu en so dus ook sy beeld van homself raak: die kompleksiteit-sisteemteorie.

’n Deterministiese sisteem word so omskryf: “A deterministic system is one that is predictable, stable and completely knowable. The classic example of a deterministic system is an old-fashioned grandfather clock” (Sardar & Abrams 1998: 12). So ’n liniêre sisteem is voorspelbaar, stabiel en maklik om te begryp en na te volg, en mense het uit gewoonte gesoek na patrone en liniêre verhoudings in dit wat hulle sien. Maar die kragte in die lewe is nie liniêr nie. Die werk van wetenskaplikes soos Robert May en Benoit Mandelbrot het met die aandag wat hulle op die aard van chaos gevestig het, onherroeplik die mens se reaksie op sy omgewing verander. So het Mandelbrot voorgestel dat “what we observe depends on where we are positioned and how we measure it” (Sardar & Abrams 1998: 33). Hierdie mening verwoord in baie opsigte die kern van die subjektiwiteit van ’n lewensbeskouing wat met die skryf van ’n outobiografie/modernistiese outobiografie in verband gebring kan word.

Vanuit ’n groter geesteswetenskaplike verband is dit insiggewend om na die verhouding tussen die outobiografie en die sielkunde te kyk en sodoende die proses van verinnerliking wat weergegee word in moderne outobiografieë na te gaan. Freud, wat vir die begronding

van sy uitsprake oor psigoanalise baie gesteun het op Schopenhauer se standpunt dat ’n mens die wêreld slegs deur jou eie subjektiewe kenproses kan ervaar, het die weg aangewys na die belangstelling in die mens se onderbewuste. Jung het hierdie belangstellingsveld verder ondersoek en die aard van die kollektiewe onderbewuste van die mens probeer omskryf. Terselfdertyd het die belangrikheid van taalfilosofie na vore gekom, sodat in die twintigste eeu

> language became the principal topic of philosophy, because it seemed that the unity of experience with the multiplicity of possible perspectives could only be found, if at all, in linguistic communication. The guiding concept of “Life” took into account that, with the irreversible breakdown of traditional communities, a source of spontaneous vital energy had also been blocked off. Finally, society became a topic of philosophy because the multifaceted dependence of each individual on the world could no longer be credibly described in terms of theological concerns (Delius 2000: 96).

Hierdie uitspraak verwoord die groot afstand wat die mensdom en die individu van die tye van “mythos” en selfs sedert die dae van Augustinus tot op hede afgelê het.

Die werk van Jacques Lacan kan gelees word as ’n ideëwêreld wat die sielkunde, die taalfilosofie (met veral die strukturalisme en die werk van De Saussure) en gedagtes rondom die onderbewuste van die mens skakel. Lacan is van mening dat De Saussure se standpunt dat taal ’n struktuur is “that pre-exists the individual and is not in the control of the individual” (Palmer 1997: 66), uiteindelik lei tot die standpunt dat die onderbewuste van die mensdom soos taal gestruktureer is (Hill 1997: 34). Denkers soos Derrida en Michel Foucault het ook ’n groot bydrae met gedagtegange oor dekonstruksie en die aard van die subjek gelewer. Hier is van besondere belang dat Michel Foucault die ontwikkeling van die individu met die volgende vraag gestalte gee en verduidelik:

> What marks the shift into the modern world?
> Before the 18th century, Man did not exist …. Of course human beings existed before that, and may even have looked at themselves as the centre of the universe. But they were central because God had made them that way. God was necessarily more central, and was the source of all knowledge. Human knowledge was limited, God’s was infinite. In the 18th and 19th centuries, God lost his place as the firm centre of all, who made all knowledge possible. Man was left with only himself at the centre, as the source of knowing, and thus turned to intense examination of what this knowing being was.
> Then Human science sprang up as old fields were re-examined with a new notion of Man as both the object and the subject of study.
> But this modern age will not last forever. As Nietzsche had heralded the death of God, Foucault now predicted a death of Man (Fillingham 1993: 83-85).

Hierdie ontwikkelingsgang van die mens en sy verhouding met, en visie op, die bron van kennis in die lewe, soos dit kulmineer in Foucault se voorspelling van die "death of Man", word vanuit die outobiografie as genre en met die verhaal van Narcissus as metafoor, as volg deur Gusdorf weergegee:

> The appearance of autobiography implies a new spiritual revolution: the artist and the model coincide, the historian tackles himself as object …. This conversion is late in coming insofar as it corresponds to a difficult evolution − or rather to an involution of consciousness. The truth is that one is wonderstruck by everything else much sooner than by the self. One wonders at what one sees, but one does not see oneself …. The subject who seizes on himself for object inverts the natural direction of attention; it appears that in acting thus he violates certain secret taboos of human nature …. The image is another "myself," a double of my being but more fragile and vulnerable, invested with a sacred character that makes it at once fascinating and frightening. Narcissus, contemplating his face in the fountain's depth, is so fascinated with the apparition that he would die bending toward himself. According to most folklore and myth, the apparition of the double is a sign of death (Gusdorf in Olney 1980: 32).

2.2 Agtergrond tot die kompleksiteit-sisteemteorie

> *Indeed, everything said is said by an observer to another observer that could be him- or herself.* (Maturana 1988)

2.2.1 Inleiding

Volgens Ann Jefferson en David Robey in *Modern Literary Theory* (1993) kan die waarde van enige leesstrategie bepaal word deur 'n aantal vrae te stel. Wanneer hierdie vrae beantwoord word deur die konseptuele verskuiwings aan te toon soos wat dit voorkom met die toepassing van die kompleksiteit-sisteemteorie (soos saamgevat deur Svea van der Hoorn in haar tesis *The Development of Ecosystemic Thinking: An Epistemological Study* (1995)), kom die volgende kenmerke van dié teorie na vore:

(1) "How does it define the literary qualities of the literary text?"

- Dit verskuif die perspektief van die deel na die geheel.
- Dit verskuif die perspektief van geïsoleerde onderdele na verhoudings.
- Dit verskuif die perspektief van struktuur na proses.
- Dit verskuif die perspektief van objektiewe na epistemiese wetenskap.

- Dit verskuif die perspektief van die teorie as waarheid na teorie as benaderde beskrywing.
- Dit verskuif die perspektief van metafoor uit argitektuur na metafoor uit natuurnetwerke.

(2) "What relation does it propose between text and author?"

- Dit verskuif die perspektief van die deel (bv. slegs die outobiografie) na die geheel (sisteem wat die omgewing, teks, outeur en leser insluit).
- Dit verskuif die perspektief na die onderlinge verhoudings, eerstens binne die teks, maar dan ook na die verhouding tussen teks, outeur, leser en omgewing.
- Dit verskuif die perspektief van die teorie as waarheid na teorie as benaderde beskrywing.

(3) "What role does it ascribe to the reader?"

- Dit betrek die leser as volwaardige lid of onderdeel van die sisteem waarvan die onderdele die teks, die outeur, die leser en die omgewing as geheel is.

(4) "How does it view the relationship between text and reality?"

- Dit verskuif die perspektief van die teorie as waarheid na teorie as benaderde beskrywing.
- Dit verskuif die perspektief van objektiewe na epistemiese wetenskap (waarneming).
- Dit verskuif die perspektief van struktuur na proses.

(5) "What status does it give to the medium of the text, language?"

- Die medium van die teks, taal, staan sentraal omdat die mens volgens die kompleksiteit-sisteemteorie binne taal bestaan.
- Dit verskuif die perspektief van metafoor uit argitektuur na metafoor uit natuurnetwerke.

  (Antwoorde op die vrae geneem uit Van der Hoorn 1995: 55-58).

Die genoemde tesis van Svea van der Hoorn, *The Development of Ecosystemic Thinking: An Epistemological Study* (1995), handel in hoofsaak oor die ontwikkeling van hierdie denkpatrone in volwasse leerders − ’n benaming wat volgens my die skrywer/leser van ’n outobiografie insluit of selfs definieer. Sy verduidelik die prosesse wat hierby betrokke is en waarvolgens die volgende vrae dan weer geopper word:

- Hoe manifesteer en ontwikkel ekosistemiese (kompleksiteit-sisteemteoretiese) denke?
- Watter konseptuele verskuiwings moet plaasvind om hierdie denke te kan ontwikkel?
- Behoort so ’n verskuiwing bewerkstellig te word, en hoe word dit gedoen?

Die konseptuele beelde of kaarte wat gevorm moet word, verwys na “’n organisatoriese raamwerk wat drie hoof konseptuele prosesse omvat, nl. selektiewe aandag, abduktiewe denke, en formulering” (Van der Hoorn 1995: iii).

Selektiewe aandag behels die bepaling van inligting en waarnemings wat versamel sal word en wat as belangrik beskou word. **Abduktiewe denke** behels die genereer van hipoteses deur die waarneming van patrone. **Formulering** is die transformeer van geselekteerde inligting, waarnemings en hipoteses na ’n koherente, teoreties-gegronde ekologie van idees, waarmee in hierdie geval bedoel word die studie van die mens, die natuur, sy omgewing en al die verhoudings wat daarby betrokke is.

Die groot uitdaging by die gebruik van so ’n teorie is geleë in die basiese paradoks, naamlik, as alles met alles verbind is, en aspekte/situasies/verskynsels slegs verstaan kan word in hulle verhouding tot ander dinge, hoe is dit ooit moontlik om iets te wete te kom? (Van der Hoorn 1995: 44). In hierdie verband is die volgende uitspraak toepaslik: “The universe comes into being when a space is severed or taken apart. Boundaries can be drawn anywhere we please … [and] … an infinitude of universes are possible from the primordial creative act of drawing distinctions” (Van der Hoorn 1995: 132).

Navolgers van die ekosistemiese of kompleksiteit-sisteemteorie beskou die konstrueer van betekenis wat afgelei word uit ervaring as van die allergrootste belang. Taal is die

belangrikste instrument tot ons beskikking om betekenis aan die wêreld te gee, en woorde maak dit vir ons moontlik om in verhouding tot die lewe te tree, maar taal dra altyd net ’n stel idees oor en nooit ’n vaste werklikheid nie.

> In fact, reality is a language made affair. Naming and knowing, or language and understanding, are twin aspects of the same phenomenon. We name as we know, and we know as we name. “By using certain words to describe behaviour, we continually indicate the type of behaviour that is important to us” (Bakker & Shuda 1988: 204 in Van der Hoorn 1995: 61). It is through our drawing of distinctions and indicating punctuations that a reality arises from our languaging. “The words people use, show how they slice up their world. A word is a door to experience” (Bakker & Shuda 1988: 204 in Van der Hoorn 1995: 61).

Die metafoor wat gebruik word om ’n ervaring of waarneming weer te gee, is van groot belang omdat dit bepalend is vir die perspektief op die saak. In die bestaande wetenskaplike tradisie word van ’n argitektoniese metafoor gebruik gemaak. Woorde soos “basis”, “fundamenteel”, “hoeksteen”, “waarnemingshoek”, ens. hou duidelik verband met hierdie metafoor. Sodra ’n mens dit besef en die metafoor met ’n ander een vervang, ontstaan die moontlikheid vir nuwe kennis om aan die lig te kom. Vir die ekosistemiese kenproses word metafore uit die natuurnetwerk gebruik, soos om die web as metafoor te gebruik omdat die onderlinge verbondenheid, die kompleksiteit, maar veral ook die broosheid van alle verhoudings daarmee na vore kom (Van der Hoorn 1995: 139). Die skakeling met die letterkunde in die algemeen is duidelik, maar met die outobiografie as genre is die verband oorweldigend. “Stories reveal how people punctuate their world and therefore provide a clue for discovering their epistemological premises” (Van der Hoorn 1995: 139).

> The stories we *create* manifest *what we select* as information from the *stream of experience*, and the *relationships* we create between these selections …. A story is a *metaphor of metaphors* and was described by Bateson (1985: 13) as “a little knot or complex of that species of *connectedness* we call relevance” .... Metaphors and stories always create meanings at two levels, for example, the *concrete and the symbolic, the particular and the universal, the individual and the collective* …. A story becomes metaphorical when the purpose of telling it, or the way it is heard communicates more than the events of the story itself. Simple stories and metaphorical stories are distinguished not by their content but by the way they are told and heard (my kursief – Van der Hoorn 1995: 139-140).

Om betekenis aan enige iets te kan ontleen, het mens twee of meer stelle inligting nodig, sodat ’n vergelyking getref kan word. In hierdie situasie bied metafore die geleentheid om

tot verskillende en nuwe betekenis te kom deur die bestaande inligting te herrangskik en dit so moontlik te maak om tot ’n nuwe insig te kom.

> Reframing via drawing different distinctions points to the fact that often what a [autobiographer/reader] requires is the resource of a new perceptual and/or conceptual position. While this may involve obtaining new information, what usually is crucial is the re-organising of what is already known (Van der Hoorn 1995: 141).

2.2.2 Agtergrond tot die ekosistemiese benadering in die wetenskap

Een van die eerste mense wat die waarde van die kompleksiteit-sisteemteorie buite die natuurwetenskap ingesien het, en dit in ’n veld daarbuite aangewend het, is Gregory Bateson. Een van die belangrikste werke in hierdie verband is sy boek *Mind and Nature* (1979). Op sy beurt gee Bateson[1] weer erkenning aan Alfred North Whitehead en Bertrand Russell en verwys na hul publikasie van *Principia Mathematica* (1910), waarin die belangrikste bydrae die afbakening van die teorie van logiese tipes is, met wiskundige bewys vir die bestaan van die onafwendbaarheid van selfverwysing en paradoks in formele sisteme. Vir Bateson het dit die ou probleem van die dualistiese denkwyse oor liggaam en gees opgelos en het hy die menslike gees nie as bonatuurlik of transendentaal gesien nie, maar as inherent of innerlik. Bateson het toe saam met ander wetenskaplikes die beginsels hiervan in die sielkunde begin toepas en dit veral op die gebied van kommunikasie gedoen. Enkele basisbegrippe wat sy uitsprake begrond, is van belang:

- Die wetenskap, kuns, handel, oorlog en selfs slaap is gebaseer of veronderstellings.
- Diegene wat geen idee het dat dit moontlik is om verkeerd te wees nie, kan ook niks nuuts byleer nie.

---

[1] Gregory Bateson [1904 - 1980] − Anthropologist, Social Scientist, Cyberneticist − known as Gregory − was one of the most important social scientists of this century. Strongly opposing those scientists who attempted to “reduce” everything to mere matter, he was intent upon the task of re-introducing “Mind” back into the scientific equations − writing two famous books *Steps to an Ecology of Mind* and *Mind & Nature* as part of this task. From his point of view Mind is a constituent part of “material reality” and it is thus nonsensical to try to split mind from matter.
http://www.oikos.org/baten.htm#BIBLIOGRAPHY *toegang 29 Januarie 2007*

- Volgens hierdie argument is die wetenskap slegs ’n manier om betekenis aan ons waarnemings te gee, maar waarneming het verskil nodig om te kan funksioneer. Alle inligting wat mens bekom, is dus inligting oor verskille wat bestaan, en al hierdie waarneming word deur ’n drempel beperk; wat ’n wetenskaplike dus kan waarneem, word altyd deur ’n drempel begrens.
- As manier van waarneming – en dit is al wat wetenskap is – word dit soos alle ander vorme van waarneming begrens deur die vermoë om uiterlike en sigbare tekens waar te neem van wat ook al as die waarheid beskou kan word.
- Alle ervaring is subjektief … Ervaring van die uiterlike word altyd bemiddel deur bepaalde waarnemingsorgane en neurale bane. In hierdie verband is objekte ’n skepping, en my ervaring van hulle is objektief, nie subjektief nie.
- Liniêre denke sal altyd die teleologiese misleiding (dat die doel die proses bepaal) teweegbring of die mite van een of ander bonatuurlike beherende wese bevestig (oorgeneem uit Bateson 1979: hoofstuk 2).

a. Die teorie van selforganisasie en selfregulering in lewende sisteme

Bateson, as navolger van Wiener[2], se visie is aanvanklik ondergeskik gestel aan dié van dominerende liniêre “cybernetics involving input-output metaphors and blackbox theories”, onder die leierskap van Von Neumann.[3] Die metafoor wat Von Neumann gebruik het, was

---

[2] Norbert Wiener (November 26, 1894 Columbia, Missouri – March 18, 1964 Stockholm Sweden) was an American theoretical and applied mathematician. He was a pioneer in the study of stochastic and noise processes, contributing work relevant to electronic engineering, electronic communication and control systems. Wiener is perhaps best known as the founder of cybernetics, a field that formalizes the notion of feedback and has implications for engineering, systems control, computer science, biology, philosophy, and the organization of society.
http://en.wikipedia.org/wiki/Norbert_Wiener toegang 29 Januarie 2007

[3] John von Neumann (Margittai Neumann János Lajos) (born December 28, 1903 in Budapest, Austria-Hungary; died February 8, 1957 in Washington D.C., United States) was a Hungarian-born mathematician and polymath who made contributions to quantum physics, functional analysis, set theory, topology, economics, computer science, numerical analysis, hydrodynamics (of explosions), statistics and many other mathematical fields as one of history's outstanding mathematicians. [1] Most notably, von Neumann was a

dié van die brein as rekenaar en die masjien as metafoor vir kommunikasie en beheer in lewende sisteme. Eers in die sewentigerjare het Bateson en sy groep se beskrywing van kommunikasie en beheer in lewende sisteme, waar rekursiewe terugvoerbane ("loops") van sentrale belang is in die beheerprosesse van sisteme, begin veld wen en het dit sedertdien ontwikkel tot deel van die heersende stroom in wetenskaplike benadering. Die moderne kognitiewe wetenskappe en die konsep van die brein/gees ("mind") as proses het hier ontstaan (Van der Hoorn 1995: 29-30). Probleme het ontstaan in die toepassing van die eerste liniêre model, en waarnemings in die biologiese wetenskappe het aangetoon dat daar in komplekse sisteme, soos in die dierewêreld, patrone van aktiwiteit gevolg word wat nie verduidelik kon word aan die hand van blote opeenvolgende oordrag van boodskappe nie (Bateson 1973; Maturana & Varela 1980, 1987). Gevolglik het dit geblyk dat in terme van die menslike brein daar 'n herstelvermoë bestaan met die neiging om te kompenseer sodat die geheel kan funksioneer en voortbestaan ten spyte van besering of beskadiging van een of meer van die onderdele van so 'n sisteem (Van der Hoorn 1995: 30).

> A theory of self-organisation and self-regulation in living systems firmly abandons physics as the science from which all other sciences must take their metaphors, and as the science which provides the most accurate understanding of reality. It demonstrates the importance of shifting the focus from the natural to the live sciences when studying living systems, and the importance of adopting ecological metaphors from these life sciences when describing living systems. Thus, it questions and rejects Descartes' metaphor of the tree in which metaphysics is equated with the root system, physics with the trunk and all the other sciences with the branches. Ecosystemic thinking calls for a recognition of the contributions of the different sciences, and conceptualises them as arranged in an interconnected web (Van der Hoorn 1995: 31).

b. Empiriese epistemologie

Empirisme kan as volg gedefinieer word: die epistemologiese en filosofiese standpunt wat ervaring as die enigste bron van kennis beskou. Vir die verteenwoordigers van empirisme

---

pioneer of the application of operator theory to quantum mechanics (see von Neumann algebra), a member of the Manhattan Project and the Institute for Advanced Study at Princeton (as one of the few originally appointed − a group collectively referred to as the "demi-gods"), and the creator of game theory and the concept of cellular automata. Along with Edward Teller and Stanislaw Ulam, von Neumann worked out key steps in the nuclear physics involved in thermonuclear reactions and the hydrogen bomb. *http://en.wikipedia.org/wiki/John_von_Neumann toegang 29 Januarie 2007*

was daar geen aangebore idees nie; volgens hulle is die totale inhoud van die bewussyn die resultaat van sensoriese ervarings wat versamel word as empiriese kennis en wat ondersoek word aan die hand van gelyksoortigheid en oorsaaklikheid. Daarvolgens is observasie en eksperiment dié wetenskaplike metodes wat empiriste as geldig beskou (eie vertaling – Delius 2000: 112-113).

Die kenmerk van hierdie empiriese epistemologie is die standpunt dat daar een universele werklikheid bestaan wat kenbaar vir die waarnemer is en wat dieselfde vir almal is. Hiervolgens is die waarneming van byvoorbeeld die mens passief en reageer dit op ’n eksterne orde waarbinne betekenis reeds vasgevang is. Die rigiede enkelvoudigheid van hierdie standpunt is egter oor die afgelope 20 jaar heeltemal verwerp. As gevolg van die konseptuele verbrokkeling van die empiriese paradigma vind ’n interdissiplinêre samevloeiing in toenemende mate plaas, vanwaar ’n ruimte ontstaan wat tot ’n totale ander perspektief lei: na die wetenskappe van kompleksiteit waaroor Guidano en Mahoney skryf aan die een kant en die biologie van waarneming van Maturana aan die ander kant (parafrase en vertaling uit – Ruiz <www.inteco.cl/contrib.contrib.txt:1>).

Volgens die standpunte van laasgenoemde groep navorsers word mense (lewende organismes) in terme van hul kompleksiteit bestudeer. Die basiese element in hierdie perspektief is ’n verandering in opvattings oor die werklikheid en die waarnemer. Dit het tot ’n radikale verskuiwing in die beskouing van die verhouding tussen die waarnemer en die waargenome gelei, waarvolgens toegang tot ’n unieke en onafhanklike werklikheid wat buite die waarnemer bestaan, nie meer moontlik is nie. Aan die ander kant word die teenoorgestelde standpunt aanvaar, naamlik dat daar soveel realiteite bestaan as wat daar lewensvorme is of soveel realiteite as wat daar domeine van verduideliking bestaan wat die waarnemer kan voorstel (parafrase en vertaling – Maturana 1987 in Ruiz <www.inteco.cl/contrib.contrib.txt:2>).

c. Kennis as ’n biologiese verskynsel

Maturana stel voor dat kennis ’n biologiese verskynsel is en dat dit slegs as sulks bestudeer kan word. Volgens hom is die hele lewe ’n proses van kennisversameling wat voortspruit uit die organisme se funksionering in samevloei met sy medium. Die menslike gees (“mind”) hoort volgens hom tot die verhoudingsdinamika van ’n organisme en ontstaan uit die verband tussen die organisme en die medium waarbinne hy leef en funksioneer. Hy vergelyk dit as synde net soos wat loop ontstaan uit die beweging van die bene in verhouding tot die grond of die verplasing van die liggaam. Maturana huldig die mening dat aangesien die menslike senuweestelsel verander soos wat ’n kind groei (en ook gedurende die mens se hele lewensverloop) op ’n wyse wat pas by sy of haar bestaan in taal, bepaal ons gedrag in taal (“languaging behaviour”) ook ons ontwikkeling as ons alleen is (Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm:3>).

> Since everything said is said by an observer to another observer, and since objects (entities, things) arise in language, we cannot operate with objects (entities or things) as if they existed outside the distinctions of distinctions that constitute them. Furthermore, as entities in language, objects are brought forth as explanatory elements in the explanation of the operational coherences of the happening of living in which languaging takes place. Without observers nothing exists, and with observers everything that exists exists in explanations (Maturana *Ontology of Observing the Biological Foundations of Self Consciousness and the Physical Domain of Existence* <www.inteco.cl/biology/ontology/ooo-c10.htm>).

d. Lewende sisteme en die omgewing

Wanneer Maturana se standpunte oorweeg word, blyk die kerngedagte dat hy die mens as ’n struktureel bepaalde wese sien, van wie alle interne dinamika en verhoudingsdinamika deur die struktuur van die spesifieke lewende wese bepaal word. Dit beteken dat alle strukturele veranderings in die lewende sisteem die gevolg is van die interaksie met die omgewing en dat dit nie bepaal word deur eksterne faktore wat die toeskouer mag sien nie, maar dat dit bepaal word deur die strukturele dinamika van die lewende wese. Volgens Maturana is lewende sisteme, soos alle sisteme, struktureel bepaalde saamgestelde entiteite wat bestaan in twee domeine van verskyning wat nie kruis nie, naamlik: a) die domein van funksionering van hul komponente, d.w.s. hulle strukturele dinamika; en b) die

domein waarin hulle ’n eenheid is en as sulks optree. As hierdie twee domeine van verskyning nie kruis nie, is daar geen reduksie van die verskyning tussen hulle moontlik nie. In die besondere geval van ’n lewende sisteem is hierdie twee domeine die domein van anatomie en fisiologie, en die domein van gedrag, respektiewelik (Maturana 1985). Nietemin, al kruis hierdie domeine nie en al kan hulle nie wedersyds die een na die ander herlei word nie, beïnvloed veranderings in die een dit wat in die ander gebeur (Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm:6>).

e. Die waarnemer

Vir ’n verdere ontleding van die waarnemer se rol aan die hand van hierdie beginsels, moet ’n mens die volgende in ag neem:

- Die waarnemer is ’n organisme wat struktureel bepaal word (“structural determinism”).
- Die waarnemer se enigste bron van kennis is biologies van aard.
- Volgens die beginsels van tweede orde kibernetika is die waarnemer as waarnemer van ’n sisteem, deel van die sisteem.

Hierby kom dan die volgende eienskappe van waarnemerskap: wanneer ’n kognisiesisteem verskille aanskou wat die omgewing in “objek” en “subjek” skei, dan is dit besig om as waarnemer te funksioneer. In Maturana se eie woorde: “’n Waarnemer is ’n lewende sisteem wat verskille wat hy of sy onderskei as ’n eenheid kan waarneem en spesifiseer; as ’n eenheid verskillend van homself of haarself wat gebruik kan word vir manipulasies of beskrywings in interaksie met ander waarnemers” (eie vertaling – van Maturana se uitspraak in *Cognition* 1978: 31 soos aangehaal in: <http://www.acm.org/sigs/siggroup/auto/Main.html>).

Die waarnemer is ook een van die sleutelkonsepte in die outopoëtiese teorie omdat waarneming die elementêre beginpunt is en ook die mees fundamentele vraag in enige poging om die werklikheid en rede as fenomene van die menslike domein te begryp. Weliswaar word alles wat gesê word, deur ’n waarnemer aan ’n ander waarnemer gesê, en hierdie ander waarnemer kan homself of haarself wees (eie vertaling – Maturana 1988: 27

in Randall Whitaker se *Self-Organization, Autopoiesis, and Enterprises* <http://www.acm.org/sigs/siggroup/auto/Main.html>).

f. Taal as konsep

Volgens Maturana behoort taal as lewensverskynsel tot die evolusionêre geskiedenis van die mens. Volgens hom manifesteer taal(gebruik) as uitvloeisel van onderlinge ooreenkoms in die onderling ooreengekome koördinate van gedrag ("in the flow of consensual coordination of consensual coordination of behaviour") (Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm:12>). Daarvolgens dui geen woord, of teken, of gebaar op iets buite onsself nie, maar is dit ’n element van die verloop van lewensaksies soos wat ons binne taal funksioneer. Die betekenis van woorde word juis ontleen aan hierdie optrede en emosies wat ons in onderlinge naasbestaan en in ooreenkoms met mekaar ervaar. Volgens Maturana se standpunt, naamlik dat taal nie ’n eenvoudige oordrag van inligting van die een persoon na die ander is nie, maar dat daar veel meer ter sprake is as die blote beskrywing van reëlmatighede in taal en die uitvoering daarvan, sou ’n mens dan moet toegee dat iets soos Jakobson se kommunikasiemodel te kort skiet omdat dit reduksionêr van aard is en slegs liniêr met die kompleksiteit van taal omgaan. Maturana sê dat taal ’n manier van saamvloei in die kollektiewe bestaan/syn in rekursiewe, eenstemmige koördinate van gedrag is, en verwoording/gebruikmaking van taal is die funksionering binne ’n netwerk van koördinate van gedrag wat eindelose rekursie moontlik maak. Ons as lewende sisteme is struktuurbepaalde sisteme, en niks buite onsself kan bepaal of spesifiseer wat met ons gebeur nie. Dus kan die eksterne faktore wat op enige stadium ’n effek op ons het, slegs strukturele veranderings in ons aan die gang sit wat op daardie stadium deur ons eie struktuur bepaal is (Maturana, *The Nature of Time* (<http://www.inteco.cl/biology/nature.htm>)).

g. Tyd as konsep

Een van Maturana se belangrikste bydraes is sy verklaring van tyd as konsep. Hieromtrent vra hy: “Watter onderskeid tref ons of watter kwaliteite hou dit vir ons in as ons oor tyd

praat?" In ons kultuur word die konsep van tyd as verduidelikende konsep of as beginsel op dieselfde manier gebruik as wat die konsep van die werklikheid gebruik word. Maar as ons bewus raak van die situasie, en ons word bewus daarvan dat die woord "tyd" nie kan verwys na 'n entiteit wat onafhanklik van ons kan bestaan nie, dan behoort ons die vrae op 'n ander manier te vra as ons vra oor dit waarna ons verwys en waaraan ons dink as ons in die daaglikse en tegniese lewe van die woord "tyd" gebruik maak. Kernaspekte van Maturana se beskrywing van die tydkonsep is:

> ... die idee van tyd in enige domein berus op die biologie van die waarnemer, nie op die domein van fisika nie ....
>
> Die waarnemer is nie 'n fisiese entiteit nie, die waarnemer is 'n manier van funksioneer vir menslike wesens in taal. Dit is deur die funksionering as waarnemer dat al die domeine van kognisie ontstaan, selfs die domein van waarneming (eie vertaling – : Maturana, *The Nature of Time* (<http://www.inteco.cl/biology/nature.htm>)).

h. Selfbewussyn as konsep, persepsie en illusie

Die beskrywing van selfbewussyn in hierdie verband word besonder abstrak, maar wanneer 'n mens oor outobiografie wil praat, dan is dit van uiterste belang om hierdie begrip te probeer omskryf. Maturana (1995) glo dat selfidentiteit as objek van 'n refleksiewe beskouing ontstaan en dat taal dit moontlik maak. Wat hy sê is dat selfbewussyn die onderskeid is van 'n relasionele identiteit wat in taal ontstaan en as 'n objek behandel word deur die refleksie van taal. Met ander woorde, selfbewussyn is 'n funksie in taal waarin sowel die liggaamlikheid ("bodyhood") as die verhoudingsdinamika van die wese wat taal gebruik, as objekte voorkom. Om dit te kan laat gebeur, moes die onderskeid van die objek reeds in die proses van waarneming ontstaan het, sodat verhoudings ook objekte kan word (Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm:16>).

'n Verdere basiese bydrae van Maturana tot die begrip van die menslike bestaan is dat menslike ervaring ("self distinction") 'n primêre toestand is wat gebruik word om kognisie as biologiese fenomeen te verduidelik. Dit beteken dat ons ons ervarings met ons ervarings verduidelik. Op hierdie vlak van ervaring is dit nie moontlik om tussen waarneming en illusie te onderskei nie. Aangesien dit slegs deur taal is dat menslike wesens hulle ervarings kan verduidelik en assimileer in die praktyk van die daaglikse lewe, beteken dit

dat om te verstaan is om ervaring binne die breër konteks van ervarings in die domein van gesprekke te sien. Alle redelike kognitiewe herrangskikking waarop uitgebrei kan word, is gefundeer op geïmpliseerde veronderstellings wat gebruik maak van onmiddellike ervarings soos wat hulle in taal en emosionele belewenis ontstaan (Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm:16>).

i. Kultuur as konsep

Binne verskeie studievelde, veral binne die literatuurteorie, word die aanname gehuldig dat kultuur mensgemaak is. Maturana neem die begrip weer op en definieer dit as synde ’n geslote gespreksnetwerk wat die koördinasie tussen taal en emosies van die sprekers insluit. Hiervolgens word kulturele waardes bevestig deur die gemeenskap wat dit realiseer deur die waardes uit te leef, en dit verander wanneer die netwerk van sulke gesprekke waardeur kultuur definieer word, verander
(Ruiz <http://www.inteco.cl/contrib/contrib4.htm>).

j. Die verband met tyd as konsep

’n Storie in retrospeksie vertel, of ’n geskiedenis van iemand se lewe, veronderstel dat die geskiedenis afgehandel is. Volgens die standpunt dat die enigste tyd wat bestaan die hede is, en dat tyd as verwysingsmetode na die verlede of die toekoms gebruik word, en dat tyd nie buite ons gees (“mind”) kan bestaan nie, kry ’n leser ’n nuwe perspektief op die outobiografie. Daarom lyk dit vir my asof juis die skryftyd van die outobiografie van belang is. Wat Mary Ann Grizans in *Identification in Autobiography* rakende die werk van die outobiografieë van Leduc en Cardinal sê, is waarskynlik geldig in breër verband. Die suggestie word geskep dat die perspektief van die outobiografiese projek nie net die ontwikkeling van ’n betrokke persoonlikheid, die plek of die stadium in die tyd van ’n lewe is nie, maar ook die progressie daarvandaan verder. Dit hou onvoltooidheid in: die volheid van bestaan of wese eerder as die bereik van ’n bepaalde bestaansvorm of persoonlikheid, word geskiedkundig weergegee as ’n reeks wat opeenvolgend gebruik maak van opvolgende toestande van wese/syn (“being”) oor tyd (Grizans 1991: 299).

Die stelling van Olav Severijnen vestig ook die aandag op tydsbelewing as hy sê "de nieuwe visie op tijd en tijdsbeleving, de toegenomen interiorisering, het inzicht in de voorlopigheid van elk standpunt, de verschuiving van de aandacht van het verleden naar het heden .... Zij kunnen tevens in verband gebracht worden met een belangrijke tendens in hun literair-historische context: het modernisme" (Severijnen in Jongeneel 1989: 66). Wat Severijnen as "modernisme" benoem, sluit ten nouste aan by die kompleksiteit-sisteemteorie en kan herken word as maar nog 'n poging om die lewensproses in taal te beskryf.

k. Fokus/perspektief: die posisie van die waarnemer

Die outeur van 'n outobiografie is noodwendig ook 'n waarnemer van daardie betrokke lewe of sisteem: soos reeds genoem, "Weliswaar word alles wat gesê word, deur 'n waarnemer aan 'n ander waarnemer gesê, en hierdie ander waarnemer kan homself of haarself wees" (eie vertaling – Maturana 1988: 27 In: Randall Whitaker se *Self-Organization, Autopoiesis, and Enterprises* <http://www.acm.org/sigs/siggroup/auto/Main.html>). Die outeur is dus 'n waarnemer van sy eie lewe en sy verhoudings met ander mense, en vanuit hierdie posisie as waarnemer vertel hy sy verhaal. Op hierdie manier is hy deel van die sisteem waarvan hy verslag doen, maar is ook alreeds op 'n sekere afstand van die gebeure omdat die hede waarin hy vertel, alleen kan voorsiening maak vir 'n verlede toe hy as rolspeler 'n ander rol gehad het as sy huidige rol as waarnemer.

Belangrik aspekte om weer in hierdie verband aan aandag te gee, is dat:

- die waarnemer 'n organisme is wat struktureel bepaal word ("structural determinism");
- die waarnemer se enigste bron van kennis biologies van aard is; en
- volgens die beginsels van tweede-orde-kibernetika die waarnemer as waarnemer van 'n sisteem deel van die sisteem is.

Deur na die ontwikkeling van die outobiografie as genre vanuit die antieke tye tot op hede te kyk, kan mens tot die gevolgtrekking kom dat Michel Foucault waarskynlik reg is as hy van “the death of the author” praat. Soos wat Nietzsche die dood van God aangekondig het, voorspel Foucault nou die dood van die Mens (Fillingham 1993). Hierdie stellings was voorlopers van ’n beskouing in die wetenskap wat verreikende gevolge vir die mens se beeld van homself het. Die mens as objek, sy lewe as objek (soos in die outobiografie), word onderwerp aan dieselfde beskouingsprosesse waaraan ander objekte onderwerp word. Wat die mens besonder maak, en die skryf van ’n outobiografie die moeite werd maak, is ons vermoë tot emosionele belewing en uiteindelike groei en die verskuiwing van ons konseptuele perspektiewe. Om hierdie groei te verwesenlik, behoort vooropgestelde idees vermy te word. Vooropgestelde idees beperk ’n mens se vermoë om die nodige konseptuele verskuiwings te maak en lei tot stagnasie.

Hoofstuk 3

Outobiografieë deur Afrikaanse vroue

> *En ek weet ook nog nie hoe reg ek oordeel nie, want hier het ek nou te doen met die invloed van ander mense op my dade en op my beskouings wat die dade veroorsaak het. Daardie invloed het ek eers, sover dit my moontlik is, raakgesien ná lange tyd en moeilike en pynlike ervarings. Of ek hulle raakgesien het? Want hoeveel van die invloede het uit die ander se motiewe ontstaan, en hoeveel was miskien reaksie op my karaktertrekke?*
> (M.E.R.: My beskeie deel)

3.1 Inleiding

’n Bestekopname van die reeds gepubliseerde outobiografieë deur vroue in Afrikaans bied interessante insigte omtrent die aard en omvang van hierdie genre wanneer ’n bespreking van outobiografieë deur Afrikaanse vroue beoog word. Twee outobiografieë, M.E.R. se *My beskeie deel* (1972) en Sarah Raal se *Met die Boere in die veld* (2000) wat vir die eerste keer in 1936 gepubliseer is, word in hierdie hoofstuk van nader beskou. Met die kompleksiteit-sisteemteorie as teoretiese raamwerk vir teksanalise word nuwe perspektiewe openbaar. Seksuele identiteit, maar ook die gemeenskap se toekenning van genderrolle, speel blykbaar ’n groot rol in waaróm en hóé hierdie outobiografieë geskryf is. Die analise lei onder andere tot insig in die verskynsel dat individue klaarblyklik altyd deel uitmaak van ’n groter geheel of sisteem waarbinne die rolle van individue gedefinieer word, maar dat die psige van hierdie vroue hulle ’n bepaalde perspektief op die lewe gee wat in verskeie opsigte verskil van wat algemeen aanvaar is in ’n oorwegend patriargale bestel. Die rol wat aan die Afrikaanse vrou vanuit die sisteem toegeken is/word, hou ook waarskynlik verband met die beperkte aard en omvang van die korpus outobiografieë deur Afrikaanse vroue.

Die doel met die toepassing van die kompleksiteit-sisteemteorie op ’n letterkundige gegewe of ’n literêre teks is om ’n beter begrip te probeer kry van ’n probleem of ’n verskynsel soos dit binne ’n bepaalde konteks bestaan. ’n Deel van die sisteem waarin die verskynsels of probleme manifesteer, word selektief afgebaken om te kan kyk na die patrone wat hierdie situasie bevestig of in stand hou. Die leser probeer dan vasstel hoedat die konteks en/of

rolspelers aanpassings maak (of nie maak nie) in die rolle/funksionering/beheer binne die sisteem deur te verander, om sodoende weer ’n toestand van werkbare ewewig te bereik. Waarnemings wat op grond hiervan gemaak word, kan lei tot nuwe insig en selfs tot die verskuiwing van konseptuele perspektiewe by die leser en sekerlik ook by die skrywer van die teks, indien so ’n skrywer deur die skryfproses bewus sou raak van hierdie onderliggende gegewe.

3.2 Bestekopname

Vir ’n opname van die aantal outobiografieë wat deur Afrikaanse vroue die afgelope ongeveer honderd jaar geskryf is, is verskeie instansies genader. Inligting wat van biblioteke en uitgewers ontvang is, is meestal nie eksplisiet as “outobiografie” geklassifiseer nie, en daarom is dit moeilik om ’n finale antwoord op die vraag van hoeveel outobiografieë geskryf deur vroue in Afrikaans bestaan, te vind.

Die uitgewers van Afrikaanse boeke kon nie veel inligting oor hul publikasies deur die dekades gee nie, maar enkele voorbeelde is tog genoem. Die nuttigste bron van inligting was die NALN in Bloemfontein. NALN kon ’n lys van alle (gepubliseerde) biografieë en outobiografieë opstel, maar ook hier kon nie ’n duidelike onderskeid getref word tussen outobiografieë en ander egotekste nie. Uit ’n lys van 23 foliobladsye waarop die boeke wat by NALN onder 920 (Deweystelsel) geklassifiseer word, en uit enkele ander bronne, is slegs ’n handjievol titels opgespoor wat duidelik outobiografieë deur vroue-outeurs was.

Die onderstaande lys toon die klein aantal relevante tekste aan:

Brandt-van Warmelo, Johanna. 1905. *Het concentratie-kamp van Iréne*. Amsterdam: HAUM.

Boshoff-Liebenberg, Lenie. 1921. *Moedersmart en kinderleed. 18 maande in die konsentrasiekampe*. Pretoria: Die Noordelike Drukpers Maatskappy Bpk.

Badenhorst, Alie. 1923. *Tant' Alie of Transvaal*. Her Diary 1880-1902. Translated from the Taal by Emily Hobhouse. London: George Allen & Unwin.

Badenhorst, Alie. 1939. *Tant Alie van Transvaal*. Die dagboek van Alie Badenhorst. Uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann. Kaapstad: Nasionale Pers.

Van Reenen, H. 1927. *Voordelige hoenderboerdery.* Paarl: Paarl Drukpers Maatskappy, Bpk.

Raal, Sarah. 2000. *Met die Boere in die veld.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Neethling, E. 1938. *Mag ons vergeet?* Kaapstad: Nasionale Pers.

Rabie-van der Merwe, Hendrina. 1940. *Onthou! In die skaduwee van die galg.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Lindeque, Lydia. 1941. *Trek op die skerm.* Pretoria: Van Schaik.

Pienaar, Abel. 1942. *Baanbrekers in die maalstroom: dagboek van mev. Abel Pienaar.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Bezuidenhout, Ouma G.E. 1946. *Uit die donker woud.* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Postma, Minnie. 1957. *Hoe ek 'n skryfster geword het of Skurwejantjies en stories*. Kaapstad: Naweekpos Uitgewers.

Barry, Anna. S.j. 1960. O*ns Japie. Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog*. Johannesburg/Kaapstad: Afrikaanse Pers.

Van Heerden, Petronella. 1962. *Kerssnuitsels*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Petronella. 1965. *Die sestiende koppie*. Kaapstad: Tafelberg.

Fischer, Maria A. 1964/2000. *Tant Miem Fischer se kampdagboek, Mei 1901 − Augustus 1902.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

M.E.R. 1972. *My beskeie deel.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Neethling-Pohl, Anna. 1974. *Dankbaar die uwe.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Theron, Erika. 1983. *Sonder hoed of handskoen.* Kaapstad: Tafelberg.

Ettie Bierman. 1973. *Waardin in die wolke*. Johannesburg: Perskor. (Semi-outobiografies volgens die skryfster)

Ettie Bierman. 1979. *Daar was eendag 'n lugwaardin*. Pretoria: J.P. van der Walt & Seun. (Semi-outobiografies volgens die skryfster)

Ettie Bierman. 1983. *Van latswaai tot lugwaardin*. Pretoria: J.P. van der Walt en Seun. (Semi-outobiografies volgens die skryfster)

Marais, Evelyn. 1986. *Huis tussen die rante*. Kaapstad: Tafelberg. (Oor haar grootwordjare in Colesberg)

Marais, Evelyn. 1990. *Huis onder die bessieboom.* Kaapstad: Tafelberg. (Oor haar volwasse lewe in Bothaville)

Marais, Evelyn. 1992. *Huis van herinnering.* Kaapstad: Tafelberg.

Van Rooyen, Engela. 1994. *Met 'n eie siekspens*. Kaapstad: Tafelberg. (Jeugherinnering)

Bender, Anna. 1995. *Note van herinnering.* Johannesburg: Anna Bender.

Blignaut, Audrey. 1996. *Dit reën rose − 'n beeld van 'n kindertyd*. Kaapstad: Tafelberg.

Maritz, Hannie. 1997. *Tien blou krale en drie lemoene: kinderjare op Nauhoho*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Fagan, Gwen. 1999. *Nauti se Gwendoline*. Goodwood: NBD. ('n Gesinsmemoir)

Kotze, E. 2000. *Die slag van die breekbrander*. Kaapstad: Tafelberg.

Landman, Ruda. 2003. *Aan die anderkant van die lens*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Barnard, Deidre. 2003. *Vet, bekend en die lewe saam met pa.* Kaapstad: Double Storey.

Pieterse, Lovy. 2004. *Ek het vergeet: 'n Lewe saam met Alzheimers*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Hierdie bestekopname van die aantal Afrikaanse outobiografieë wat deur (wit) vroue geskryf en gepubliseer is, dui op 'n opvallend klein aantal werke. Verder is dit so dat waar vroue wél Afrikaanse outobiografieë skryf, dit dikwels vanuit 'n ander perspektief gedoen word as wat tradisioneel voorgehou word as tipies van die outobiografie, naamlik 'n teks wat onthullend van aard is en geskryf word deur 'n individu waarin veral hierdie persoon se besondere prestasie en/of lewensvisie beskryf word. Een van die interessantste vondste is dié van mev. H. van Reenen se *Voordelige hoenderboerdery* wat in 1927 uitgegee is en ten minste 'n tweede druk beleef het. Op die oog af is dit hoegenaamd nie 'n outobiografie nie, maar 'n handleiding oor suksesvolle hoenderboerdery. By die lees daarvan mag sy menige feminis se hart warmer laat klop omdat sy onder andere skryf: "Lê jou op die hoenders toe, en boer net met eiers. Slag die ou haantjies klein, klein, en voer hulle aan die hennetjies op, of verkoop hulle teen trippens of sikspens stuk. Dit is regtig nie die moeite werd om met hulle te sukkel nie. Wy al jou aandag aan die hennetjies. As jy 'n persoon is wat ander

werk ook het, sal jy die verstandigheid hiervan insien" (Van Reenen 1927: 96). 'n Mens kom egter gou agter dat mev. Van Reenen bo en behalwe haar boodskap aan veral vroulike hoenderboere ook 'n paar eiertjies te lê het oor, onder andere, haar eie ervarings rondom die posisie van finansiële afhanklikheid van die Afrikaanse vrou.

Die bostaande lys van outobiografieë deur vroue in Afrikaans kan in 'n paar tematiese groepe ingedeel word:

- Die oorlogsdagboeke en outobiografieë
- Outobiografieë van mense uit die kunswêreld en outeurs
- Bekende openbare figure, byvoorbeeld Ruda Landman en Petronella van Heerden (die eerste Afrikaanse vrou wat 'n dokter geword het)
- Memoires oor jeug en omgewing

In haar referaat "Reconstructions of a destroyed past. Autobiographical writings after the South African political revolution (1990-1995)" skryf Henriette Roos: "Autobiographical writings can be regarded as the most prominent and fastest growing literary forms" (ongepubliseerde referaat). En Vanessa A. Farr (2000: 25) skryf: "One of the great successes of the second wave feminist movement is that it has, in foregrounding the importance of the lives of 'ordinary' women, paved the way for an explosion of life writing by those who have not previously been seen as significant social players, or indeed, as capable of recording the stories of their own lives .... The influence of feminist methodologies, particularly in the area of collaborative life histories, can be seen to good effect in works recently published in South Africa."

Hierdie verwysings na 'n onlangse opbloei van die outobiografie as genre onder die Suid-Afrikaanse publikasies, en die publikasie van 'n groot aantal outobiografieë deur vroue uit die bruin en swart gemeenskappe, maak dit duidelik dat, daarenteen, onder die Afrikaanse vroue en spesifiek die blanke Afrikaanse vroue 'n soort stilte heers.

3.3 Kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie

In paragraaf 2.2.1 van hoofstuk 2 is beweer dat die kompleksiteit-sisteemteorie konseptuele verskuiwings voorstel wat in alle wetenskaplike dissiplines toegepas kan word. Hierdie benutting van die moontlikheid vir die maak van konseptuele verskuiwings kan ook met groot sukses as teoretiese paradigma gebruik word wanneer die leser se fokus verskuif:

- van die deel na die geheel;
- van geïsoleerde onderdele na verhoudings;
- van struktuur na proses;
- van objektiewe na epistemiese wetenskap;
- van die teorie as waarheid na teorie as benaderde beskrywing; en
- van metafoor uit argitektuur na metafoor uit natuurnetwerke (opgesom uit Van der Hoorn 1995: 55-58).

Soos reeds genoem, verwys die konseptuele beelde of kaarte wat vir hierdie proses gevorm moet word na "'n organisatoriese raamwerk wat drie hoof konseptuele prosesse omvat, nl. **selektiewe aandag**, **abduktiewe denke**, en **formulering**" (Van der Hoorn 1995: iii). **Selektiewe aandag** behels die bepaling van inligting en waarnemings wat versamel sal word en as van belang beskou word. **Abduktiewe denke** behels die genereer van hipoteses deur die waarneming van patrone. **Formulering** is dan die transformeer van geselekteerde inligting, waarnemings en hipoteses na 'n koherente, teoreties-gegronde ekologie van idees, waarmee hier bedoel word die studie van die mens, die natuur, sy omgewing en al die verhoudings wat daarby betrokke is.

3.3.1 Toepassing van kompleksiteit-sisteemteorie

Vir die toepaslike gebruik van 'n sisteemteoretiese analise moet die raamwerk van die sisteem waarna die waarnemer kyk, vasgestel word deur 'n proses van selektiewe aandag. Vir die vasstelling van die grense van 'n deterministiese sisteem volgens die sogenaamde "black box theory" word aanvaar dat die waarnemer van 'n sisteem buite die sisteem staan

en tot objektiewe waarneming in staat is; die onderdele van die sisteem word afsonderlik beskou, sonder spesifieke aandag aan die verhouding tussen komponente, en die gevolgtrekkings word aangebied as absolute waarheid.

Die kompleksiteit-sisteemteorie maak dit egter duidelik dat so iets onmoontlik is omdat enige sisteem onder waarneming tot die ontstaan van ’n sisteem van die volgende orde lei, waarbinne die waarnemer (as biologies-bepaalde wese) altyd deel uitmaak van die betrokke sisteem en daarom ook ’n subjektiewe bydrae tot die uitkoms van so ’n sisteem lewer. In die geval van teksanalise is dit dus duidelik dat enige persoon wat kommentaar op ’n teks lewer, deel vorm van ’n verdere sisteem waarin die teks, die outeur én die resensent rolspelers is.

Vir die bespreking wat hierna volg, val die selektiewe aandag op die vrou se algemene posisie in die samelewing, maar ook op die perspektief van die onderskeie skryfsters as sulks. Waarnemings word vergelyk met die inligting soos wat dit in die afsonderlike outobiografieë beskikbaar gestel word, en daarna kan moontlike gevolgtrekkings geformuleer word, met die beginsels soos verduidelik vir die kompleksiteit-sisteemteorie as riglyn. Uit die voorafgaande verduideliking moet dit dus duidelik word dat daar geen sprake van ’n objektiewe waarneming kan wees nie, dat die beelde uit die verlede en die waarnemer se perspektief op die hede tot ’n nuwe sisteem saamgestel word, en dat die abstrakte subjektiewe konsep “tyd” ’n belangrike “rolspeler” binne hierdie sisteme (en subsisteme) is.

Een van die eerste waarnemings van die leser is dat kommunikasie binne die sisteem ’n belangrike bydrae tot die rolspelers se gedrag lewer. Dit bepaal die onderlinge verhoudings − die milieu waarteen die gebeure plaasvind. Die eerste “sisteem” waarna gekyk word, is dus die biologiese sisteem van ’n individuele vrou/outeur in die tydperk waaroor die outobiografieë handel, teen die agtergrond van ’n oorlog of sosio-ekonomiese toestande van armoede, maar dan beskou vanuit die perspektief van ’n hedendaagse leser. Elke vrou/outeur en waarnemer vorm dan ’n onderdeel van die groter sisteem waarin hy of sy ’n rolspeler is. Verskeie aspekte/eienskappe van die waarnemer van so ’n

“sisteem” is van belang, soos die geslag van die persoon en sy of haar lewensingesteldheid, politieke oortuiging en selfs ouderdom. Die waarnemer se gevolgtrekkings is dus nooit objektief nie en hou grotendeels verband met sy of haar eie perspektief en subjektiwiteit.

3.3.2 Seksuele identiteit en genderspesifieke verskynsels

’n Aanduiding van hoe die rol wat die vrou aanvaar/vertolk, beïnvloed word, eerstens deur haar eie perspektief en tweedens haar persepsie van verwagtinge wat vanuit die samelewing van haar gekoester word, lei tot ’n gevolgtrekking omtrent hoe vroue hul eie rolle sien. Die skryf van outobiografieë sal dus ook hierdie invloed weerspieël. Die standpunte en navorsing van Carol Gilligan lewer in hierdie verband interessante insigte. Haar werk *In a Different Voice* (1998) plaas reeds in die titel die klem op die besondere stem wat in outobiografieë deur vroue gehoor kan word. Omtrent hierdie titel sê sy:

> By voice I mean voice. Listen, I will say, thinking that in one sense the answer is simple. And then I will remember how it felt to speak when there was no resonance, how it was when I began writing, how it still is for many people, how it still is for me sometimes. To have a voice is to be human. To have something to say is to be a person. But speaking depends on listening and being heard; it is an intensely relational act (Gilligan 1998: xvi).

In haar navorsing het Gilligan en haar medewerkers die dilemma van jong meisies wat by die patriargale bestel moes inskakel, waargeneem. Sy vertel dat die waarnemers ’n duidelike verskuiwing in die meisies se stemme waargeneem het. Dit het saamgeval met veranderings in hulle verhoudings en hulle bewussyn van hulself. Meisies aan die begin van adolessensie het ingewikkelde situasies só beskryf: hulle was bang om te sê wat hulle dink en voel omdat ander mense hulle dan sou vermy; as hulle egter nie sê wat hulle dink of voel nie, sal hulle vereensaam en niemand sal weet wat met hulle aan die gebeur is nie. Soos een meisie gesê het: “Niemand sal by my wil wees nie, my stem sal te hard wees.” Toe sy bewus word van wat sy sê, het sy die probleem gekompliseer deur by te voeg: “Maar mens moet verhoudings hê.”

Hierdie gesprekke met die meisies wat gedui het op ’n emosionele doodloopstraat, het die navorsers weer na sielkundeteorieë laat kyk, en hulle het ook opnuut na hulself en ander vroue begin luister. Die jong meisies se vreeslose eerlikheid en hulle behoefte aan verhoudings met ander was merkwaardig. Terselfdertyd het die waarnemers bewus geword van ’n verskuiwing in die meisies se houding, asof hulle geleidelik dít wat hulle geweet het, laat vaar het soos wat hulle in aanraking gekom het met die konstruksie van die sosiale realiteit toe hulle sien dat dit die teenoorgestelde was van hulle eie ervaring. ’n Onafwendbare soort dissosiasie het ontstaan. Die gevolgtrekking was dat meisies se inwyding tot die wêreld van volwassenes, wat geanker is in die ervaring van magtige mans, die begin van selftwyfel kenmerk en die bewuswording inhou dat vrouwees ’n dissosiatiewe skeiding tussen ervaring en wat gewoonlik as realiteit beskou word, sal vereis.

Soms het hierdie meisies weerstand probeer bied teen hierdie dissosiasie, maar die navorsers het ook die begin van sielkundige skeidslyne wat aan baie vroue bekend is, raakgesien: dat ’n vrou begin om nie meer te weet wat sy weet nie; die probleme wat sy ervaar om haar eie stem te kan hoor; die skeiding wat tussen liggaam en gees, gedagtes en gevoel ontstaan; en hoe mens se stem gebruik kan word om jou innerlike wêreld te verbloem, eerder as om dit bekend te maak. Op hierdie manier bied verhoudings dan nie meer kanale vir die naspeur van verwantskap tussen ’n mens se eie innerlike wêreld en dié van ander nie (Gilligan 1998: xx-xxi). Hieruit het Gilligan tot die gevolgtrekking gekom dat die huidige samelewing op ’n leuen gebaseer is:

> ... the lie in all psychological theories which have taken men as representing all humans, and the lie in women’s psychological development in which girls and women alter their voices to fit themselves into images of relationship and goodness carried by false feminine voices (Gilligan 1998: xxvi).

Volgens Gilligan word manlikheid deur skeiding gedefinieer, terwyl vroulikheid deur verbintenis gedefinieer word; manlike geslagsidentiteit word deur intimiteit bedreig, terwyl vroulike geslagsidentiteit deur skeiding bedreig word. Dit verklaar waarom mans ’n probleem het met verhoudings en vrouens ’n probleem het met individuasie (Gilligan 1998: 8). Volgens haar is dit in die aard van vroue om nie net hulself te definieer in ’n konteks van menslike verhoudings nie, maar om hulself ook te beoordeel in terme van hul vermoë tot deernis, liefdevolheid en empatie.

Vereenvoudig gestel, kan met die kompleksiteit-sisteemteorie as analitiese vertrekpunt duidelik ’n verskil tussen die psige van die man en dié van die vrou aangedui word. Waar mans oor die algemeen binne ’n bepaalde sisteem die strewe na individuasie as van die allergrootste belang sal ervaar, sal vroue die verhoudings tussen die persone binne die sisteem as van primêre belang beskou. Om hieruit ’n mite van die “ewig-vroulike” te laat ontstaan, soos wat konvensioneel gedoen word, is egter oneerlik en verarmend vir die vrou. Volgens Mary Grey word hierdie mite veral in stand gehou omdat dit die kapitalistiese stelsel goed pas en “in de praktijk wordt de mythe van de vrouwelijkheid gebruikt om het gedrag van vrouwen in te perken. Als een vrouw ‘buiten haar boekje gaat’, wordt haar duideliik te verstaan gegeven, dat haar gedrag tegen haar *natuur* indruis” (Grey 1992: 38). ’n Vrou behoort egter nie die eensydige posisie van slagoffer binne die sisteem te beklee nie, maar behoort op ’n volwasse manier verantwoordelikheid te aanvaar vir haar bydrae in die samelewing en die algemene gang van sake. Soos tereg gesê word in *Family Therapy*: “... one cannot be submissive without the cooperation of the other to dominate” (Becvar & Becvar 1996: 64). Dit is egter ook so, miskien besonder vereenvoudig gestel, dat niemand kan domineer sonder die toestemming van die ander om onderdanig te wees nie.

Die historiese oorsig wat hierna kortliks weergegee word, gebaseer op Hermann Giliomee se uitsprake in “The Rise and Fall of Afrikaner Women” (2003), illustreer bogenoemde stelling. Alhoewel geen enkeling daarvoor aanspreeklik is nie, en ook sonder om te aanvaar dat die blanke mans in die vroeë jare van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie ook saamgewerk het aan hierdie sosio-politiese ideaal van ’n heersende blanke nasie nie, plaas dit tog die beeld van die ewig-vroulike, sorgsame vrou in ’n ander lig. Soos wat Annemarie van Niekerk sê:

> Ironically Afrikaner women’s identity thus comprised of being oppressed as women, as well as being oppressors in the context of racial stratification. In the same way that the majority of women uncritically internalised their gender “inferiority”, they also uncritically internalised their racial “supremacy” as “natural” (Van Niekerk 2001: 113).

3.3.3 Historiese perspektief: Waar kom die (blanke) Afrikaanse vrou vandaan?

’n Historiese oorsig van die plek van die Afrikaanse vrou vanaf vroegste tye in die nedersetting aan die Kaap bring ’n nuttige perspektief op wie die skryfsters van Afrikaanse outobiografieë is. In *Die Suidhoek van Afrika* haal Karel Schoeman (2002) uit geskrifte oor die vroeë lewe aan die Kaap aan, waarin hy tot die gevolgtrekking kom dat die “uiters gemengde oordeel oor Kaapse vroue en meisies wat by Stravorinus en De Jong aangetref word ... gedurende die agtiende en negentiende eeu algemeen by buitelandse besoekers [was], wat gewoond was aan veel groter formaliteit en vormlikheid as wat hulle onder die koloniste aangetref het. Ewe algemeen is egter die verskynsel dat die Kaapse vroue, wanneer hul vryheid van optrede eenmaal verwerk en aanvaar is, deur vreemdelinge deurgaans veel hoër geag is as hul mans” (Schoeman 2003: 101). So haal hy in *Die wêreld van Susanna Smit* ’n vertaalde verslag van Stravorinus aan waarin hierdie besoeker aan die Kaap uitwei oor die hebsug en nydigheid onder die inwoners van die Kaapse Vlek:

> Hierdie eienskappe het albei geslagte in gemeen, ... dog die mans word aanmerklik onderskei van dié wat die beskaafde geweste van Europa bewoon deur volslae onkunde van alles wat nie daagliks binne die bereik van hul sintuie kom nie; daarbuite kan hulle geen denkbeelde vorm nie: afgetrokke bespiegelinge is hulle vreemd, en om hul verstand deur lees te oefen of om die sedes en gewoontes van ander beskaafde volkere te leer ken en hul eie te verbeter, voel hulle nie lus nie .... Die vroue inteendeel het geen gebrek aan lewendigheid van gees nie, en mens kan met reg sê dat die natuur hom aan hulle gunstiger getoon het, waartoe hul opvoeding egter heelwat bydra. Van hul vroeë jeug af lê die moeders hul daarop toe om hul dogters in te boesem dat hulle hul vir die ander geslag, en vernaamlik vir vreemdelinge, beminlik moet probeer maak, en, wanneer hulle ’n sekere leeftyd bereik het, vrypostig in hul omgang moet wees. Opskik en swier word nie verwaarloos wanneer dit enigsins bekostig kan word nie. Dans, sing en alles wat maar enigsins luister tot die skoonheid kan byvoeg, niks word onbeproef gelaat om te kan behaag nie, wat dan ook selde misluk. Deur klein vryhede toe te staan wanneer hulle die kindsheid ontgroei en tot die staat van hubaarheid oorgegaan het, hou hulle hul oorwinnings ’n tyd lank in stand; en dikwels gebeur dit dat ’n aankomende vreemdeling sy wederhelfte gevind het eer hy dit verwag het (Schoeman 2003: 94-95).

Volgens Hermann Giliomee (2003) het die rol wat vroue in die sosiale lewe gespeel het, hulle bydrae tot die ekonomie en veral die vestiging van ’n sterk religieuse inslag in die Kaap ’n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van die Afrikaanse geskiedenis:

> No one seems to have discovered as yet that Afrikaner women enjoyed possibly the strongest position in the family of all white women in the history of European colonial expansion. The Afrikaner women of the eighteenth and nineteenth centuries can only

> be described as very tough, very formidable and very resourceful. They were people that men could cross or thwart only at great peril. In all the crucial political developments in Afrikaner history they played a decisive role (Giliomee 2003: 1).

Die konteks waarbinne die setlaars in die nuwe land geleef het, het hoë eise aan almal gestel. Die vroue het aktief aan die oorlewings- en ekonomiese werklikheid van hul alledaagse bestaan deelgeneem. Verder het hulle die liberale Nederlandse regstelsel as erfenis gehad wat aan hul die reg van gemeenskaplike besit van die eiendom binne die huwelik gegee het. Jong meisies het in die erfenis van hul ouers gedeel en is net so goed as die seuns onderrig. Hieruit het ’n sekere selfversekerdheid gevloei. (Sien internasionale omstandighede in paragraaf 3.3.4.) As teenstelling met die gegewens hierbo genoem, beweer hy egter later:

> During the first two or three decades of the twentieth century these tough and resourceful Afrikaner women virtually disappeared from the public eye except as members of women’s organisations. They lagged far behind their English-speaking counterparts in campaigning for the franchise and addressing feminist causes (Giliomee 2003: 1).

Volgens Giliomee het die sosiale welvaart van blanke vroue wat in die Kaap aangekom het, afgehang van die vestiging van ’n patroon van blanke endogamie aan die Kaap. Hoe dit gebeur het en wat die invloed van die tekort aan blanke vroue in hierdie tye was, verduidelik hy in sy opstel “The Rise and Fall of Afrikaner Women”. ’n Interessante uitspraak van Giliomee is dat dit veral die vroue was wat hul invloed laat geld het om teen die einde van die agtiende eeu die Kaapse setlaars tot een van die godsdienstigste gemeenskappe in die wêreld te laat ontwikkel. Volgens Giliomee het hierdie godsdienstigheid juis daartoe bygedra om hierdie blanke endogamie te bevestig en so hul eie sosiale magsposisie te verstewig.

> Why did women stress membership of the church so much? Two reasons suggest themselves. Church membership was virtually the only thing that set the dominant white community apart from the slaves and the servants on the farms. It was also the only mechanism for limiting membership of the family to whites. The church would consecrate no marriage without both partners being confirmed. Parents refused to give permission to a suitor for their daughter’s hand if he was not confirmed. A church that was racially exclusive was an important first step towards a racially exclusive family and a racially exclusive community that would be the very foundation of the Afrikaner people and of the apartheid order of the distant future (Giliomee 2003: 5).

Die kompleksiteit-sisteemteorie maak die leser ook hier daarvan bewus dat Giliomee as waarnemer optree en, alhoewel sy gevolgtrekkings nie noodwendig verkeerd is nie, moet ’n mens kennis neem van die subjektiwiteit van sy waarnemings. Dit is ook ’n geldige standpunt dat vroue van nature meer op verhoudings gerig is en dat godsdiens as toevlug onder moeilike omstandighede as ’n algemene verskynsel aanvaar kan word.

In Karel Schoeman se *Die wêreld van Susanna Smit, 1799-1863* (2003) staaf hy die besonderse piëteit van die vroue aan die Kaap in hierdie periode (Schoeman 2003: 170). ’n Enkelvoudige siening van bogenoemde inligting word voorkom wanneer bepaalde verskynsels in die destydse koloniale opset in ag geneem word:

- Die enigste kerk wat deur die VOC aan die Kaap toegelaat is, was die Gereformeerde Kerk van Nederland, alhoewel nie alle blanke koloniste daaraan behoort het nie.
- Predikante was besoldigde amptenare van die Kompanjie.
- Die piëtisme, die groot Noord-Europese vroomheidsbeweging van die sewentiende en agtiende eeu, het daarvoor gesorg dat sendelinge na Suid-Afrika toe gekom het of hier aangedoen het op pad na die Ooste, en so het ’n sendingstasie soos Genadendal in die Overberg tot stand gekom.
- Die Nederlandse predikant Helperus Ritsema van Lier het die amptelike leer van die Gereformeerde Kerk en die piëtistiese neigings onder ’n groot deel van die bevolking saamgevoeg (Schoeman 2003: 169).

Giliomee kom tot die slotsom dat:

> Afrikaner women acquiesced in the twentieth century because they subordinated the cause of female liberation to the dictates of the Afrikaner nationalist movement committed to the social and economic emancipation of the Afrikaners, conquering the state and consolidating white supremacy (Giliomee 2003: 14).

Hierdie strewe om die blanke oppermag te vestig is met hernieude ywer ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) voortgesit.

Die dokumentering van die lyding van vroue en kinders tydens die oorlog deur mense soos Emily Hobhouse het ’n belangrike rol in die skep van ’n geïdealiseerde beeld van die

Afrikanervrou gespeel. Hierdie beeld word, naas die beskrywing daarvan in die kampdagboeke, ook in twee verdere boeke in die vroeë twintigste eeu gereflekteer − werke wat ’n groot invloed op Afrikanerdenke van die tyd gehad het. Die eerste was *Die Boervrouw, moeder van haar volk* (1914) deur W. Postma, wat spesifiek gemik was op die ontwortelde jong Afrikanermeisies in die stede wie se tradisionele waardes begin verbrokkel. Die tweede was *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (1921) deur Erik Stockenström.

Uit die voorafgaande beskrywing van die ontwikkeling aan die Kaap sou mens dus kon aflei dat die blanke gemeenskap in Suid-Afrika ontwikkel het tot ’n patriargale sisteem, gebaseer op ’n sterk godsdienstige inslag wat die uitsluiting van gekleurdes uit die familieverband kon motiveer. Veral ná die Suid-Afrikaanse oorlog is die geïdealiseerde beeld van die vrou as “volksmoeder” bevestig. Hierdie struktuur het in diens gestaan van die vorming en handhawing van ’n geslote blanke Afrikaanse groep binne die groter sisteem van die Suid-Afrikaanse samelewing. Alhoewel dit natuurlik nie die enigste oorsake was vir die vestiging van so ’n “volksmoeder”-beeld nie (elders in die wêreld het vroue dieselfde beleef), het hierdie godsdienstigheid en identiteit, wat gekoppel is aan nasiebesef, in so ’n mate geïnternaliseer geraak dat dit neerslag gevind het in die identiteit van die vrou as synde “most evident their sense of belonging and servitude to a family, a nation and a god” (Van Niekerk 2001: 113).

In die bespreking “Drie ‘dames’-romans” toon Henriette Roos aan dat hierdie beeld van die Afrikanervrou as volksmoeder glad nie gehandhaaf is in die beskrywings van die stadslewe van vroue soos uitgebeeld deur die pen van skryfsters uit die negentientwintigs nie. Hierdie romans se hoofkarakters hou van “mooi klere, partytjies en vermaak”, en geeneen van die vrouekarakters is “besonder simpatieke of bewonderenswaardige en in elk geval geensins romantiese heldinne nie”. Hulle is egter “intelligent en baie manipulatief” (Roos 1992: 41-52). Dit is dus duidelik dat die beeld van ‘n volksmoeder wat voorgehou is, ’n konstruksie was wat in diens van sekere groepe se politieke doelwitte gestaan het, maar dat dit nie ’n volledige beeld van alle Afrikaanse vroue op daardie stadium verteenwoordig

het nie. Tog kan ’n mens verwag dat die volksmoeder-idee in ’n groot mate ’n invloed sou uitoefen op die gedragspatrone van “gesiene” vroue binne die gevestigde gemeenskap.

Die aanvaarding van hierdie identiteit van onderdanigheid en diensvaardigheid by die vrou kan aan die sterk godsdiensbesef gekoppel word, maar dit is natuurlik nie net eie aan die Afrikaanse vrou se situasie nie en raak vroue uit verskillende godsdienste en kulture. (Die geïdealiseerde beeld van die vrou as “volksmoeder” sien ons nou net so sterk in die swart gemeenskappe in ons land. Ellen Kuzwayo, skryfster van *Call Me Woman,* is hier ’n voorbeeld.)

In die Christelike godsdiens is “de vrouwelijke zonde” deur Mary Gray geïdentifiseer en benoem as “de keuze slachtoffer te zijn” (Grey 1992: 27). Sy sê: “We spreken al eerder over de traditie, waarin de vrouw verantwoordelijk werd gesteld door het kwaad dat in de wereld de vrije loop is gelaten en waar de straf van Eva op een of andere wijze voortleeft” (Grey 1992: 28). “Het belangrijkste punt, dat naar voren komt uit de analyse van de vrouwelijke zonde van passiviteit is, dat wanneer deze passiviteit wordt verbonden met die christelijke moraal van zelf-opoffering, het zelf verliezen om het weer terug te vinden, vrouwen hopeloos vastlopen in de spiraal van zichzelf geven, waardoor geen authentieke ontwikkeling van het zelf mogelijk is” (Grey 1992: 31).

M.E.R. en Sarah Raal as tydgenote

M.E.R. (Maria Elisabeth Rothman) is in 1875 gebore en sterf tien dae ná haar honderdste verjaarsdag in 1975. Sarah Raal is in 1873 gebore, en sy sterf in 1949. Die twee skryfsters is dus in dieselfde dekade gebore en het in dieselfde era grootgeword en geleef. Hierdie periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word gekenmerk deur sekere hoogtepunte wat hulle sou meemaak en wat uiteindelik op een of ander manier ’n groot invloed op hul lewens kon uitoefen:

- Die tydperk waarin beide hierdie vroue geleef het, “huisves” op taalgebied die Eerste Afrikaanse Beweging (1875-1900), die Tweede Beweging, amptelike erkenning en die Afrikaanse Bybelvertaling (1900-1933)

Sosio-politieke gebeure van groot belang was as volg:

- Die Eerste Bevrydingsoorlog (1880-1881 rondom die ontdekking van diamante)
- Die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902 Suid-Afrikaanse oorlog − die ontdekking van goud)
- Unifikasie in 1910
- Die stigting van die ANC in 1912
- Die groot griep in 1918
- Die Depressie van 1933
- Die herdenking van die Groot Trek in 1938
- Die Nasionale Party se oorwinning in 1948

Op internasionale gebied het sekere duidelike veranderings in die samelewing plaasgevind.

> The later years of the nineteenth century saw the almost final breakdown, in the limited areas in which it still survived, of the pre-industrial way of life and economy. The agricultural depression of those times (1870-1902) hit particularly hard the landed aristocracy and the agricultural labourer; and it was then that the "change in the village" denoted the end of rural England on any significant scale; as Lawrence noted, even the countryman became a town-bird at heart (Landow, <http://www.cyberartsweb.org/cpace/ht/cuihang/landow/htm>).

Wat die regte van vroue in die algemeen betref, was veral die volgende emansiperende wetgewing in hierdie tydperk van belang: First Married Woman's Property Act, 1870; Voting Act (Enfranchised all men over 21, and all women over 30), 1918; Equal Franchise Act (Equal voting rights for both men and women), 1928 (The Victorian Web <http://www.scholars.nus.edu.sg/landow/victorian/gender/socialhistov.html>). M.E.R. en Sarah Raal se lewens speel dus in 'n era af waartydens die persepsie rondom die plek van die vrou − binne 'n periode van belangrike sosio-politieke gebeure − ingrypend geraak word.

3.3.4 Kommunikasie binne 'n sisteem

Die kommunikeer van inligting hang nou saam met die begrip "ideologie". Ek meen dat binne sosiale sisteme, behalwe vir die vloei van inligting deur die sisteem, ideologie ook verband hou met (wat in die uiteensetting van die sisteemteorie omskryf

word as) die grense of reëls van ’n bepaalde sisteem en dat daar ook ’n direkte verband bestaan tussen die oopheid of geslotenheid van ’n sisteem en die heersende ideologie binne daardie sisteem.

> Althusser (in 1968) asked this question: what is it that maintains the stability of a given society? What is it that keeps people under control? He gave two answers. In some societies, repressive societies, people are kept under control by the obvious force of the state: he called this the Repressive State Apparatus .... But in Western affluent societies this degree of control is much less obvious .... He decided that there was another kind of state apparatus for control and he called it the Ideological State Apparatus. This has the effect of making us *want* to stay in line; we enjoy and willingly co-operate with our conformity. Why? Because it is common sense to do so; because it is the way things are; because we believe ideology to be true. Ideology, said Althusser, is not true: ideology is a false set of ideas operating in a given society in order to keep the people in line and serve the interests of the ruling class in that society. This sounds like propaganda, but there is a crucial difference. Propaganda is obvious; it is felt to be a lie; ideology is felt, at a deep level to be true. To be common sense. To be the way things are. It is invisible (Davis 2003: par. 9).

Hierdie uitspraak het ’n raakpunt met die “spiral of silence”-teorie van Noelle-Neumann. Sy steun grootliks op die beroemde navorsing van die Swarthmore sielkundige, Solomon Asch, om haar aanspraak te ondersteun (Noelle-Neumann 1984).

> People will be unwilling to publicly express their opinion if they believe they are in the minority. They will also be more vocal if they believe they are a part of the majority. This works because we fear social rejection. Public opinion is the “attitudes or behaviors one must express in public if one is not to isolate oneself, in areas of controversy or change; public opinions are those attitudes one can express without running the danger of isolating oneself” (Changing minds.org).

Op hierdie manier oefen ’n sisteem ’n bepaalde druk op sy lede uit om die grense van die sisteem in stand te hou of, anders gestel, die reëls te gehoorsaam.

In ’n bespreking van die twee genoemde outobiografieë, naamlik dié van Sarah Raal en M.E.R., is die inligting/terugvoer/ideologie binne die sisteme wat bespreek word van besondere belang ten opsigte van die algemene posisie van die vrou. M.E.R. en Sarah Raal het in dieselfde tydvak geleef, en alhoewel hulle lewens binne verskillende kontekste afgespeel het, is sekere van die konvensionele “grense” van die sosiale sisteme waarbinne hulle moes funksioneer, en wat beide van hulle oorskry het, verwant aan mekaar. Wat hierdie twee vroue in gemeen het, is dat hulle in sekere fases van hul lewens hul identiteit nie laat bepaal het deur wat konvensioneel van hulle verwag is nie, maar dat hulle dít gedoen het waartoe hulle gevoel het hulle in staat was. Hiervoor moes hulle kans gesien

het om teen die algemene opinie in te gaan en te doen wat hulle gevoel het reg was om te doen. Beide het, na my mening, later aanpassings gemaak om tog weer binne die aanvaarde sosiale patroon in te pas.

3.4 *Met die Boere in die veld* (1936) deur Sarah Raal
My beskeie deel (1972) deur M.E.R.

3.4.1 Die outobiografie as opdrag

Volgens beide skryfsters is hulle outobiografieë as gevolg van direkte versoeke geskryf. Beide skryfsters beweer dat die gedagte van die neerskryf van hul lewensverhale nie van hulself gekom het nie, maar tóg word die besluit met ’n selfversekerde houding gestel. Dit is ’n geheel ander ingesteldheid as dié van ander skryfsters van oorlogsdagboeke wat meestal verskonend oor hul skryfwerk praat of selfs iemand soos Minnie Postma wat in haar outobiografie, *Hoe ek ’n skryfster geword het*, heeltyd verwys na die bondel kouse wat sy het om te stop en sê: “Toe ek my kom kry, het ek ’n boek geskryf. Nie ek self of een van my familie en kennisse het ooit verwag dat ek my aan so iets sou vergryp nie” (Postma 1957: 7).

Hierdie verklarings van terughoudendheid herinner sterk aan die stelling van die meisietjie se terughoudendheid wat Gilligan aanhaal: “Niemand sal by my wil wees nie, my stem sal te hard wees” (eie vertaling – Gilligan 1998: xx). In die geval van M.E.R. en Raal vermoed ek dus dat hulle verontskuldigings te doen het met ’n poging om ’n soort konvensionele beskeidenheid te handhaaf (wat nóg duideliker by iemand soos Postma te sien is). Beide moes bewus gewees het daarvan dat hulle belewenisse uitsonderlik was, maar wou waarskynlik nie laat blyk dat hulle self gedink het dat hulle “grootse lewens” gelei het nie. So ’n selfbeeld sou nie strook met die vereistes wat aan ’n Christen en veral aan Afrikaner Christenvroue gestel is nie.

3.4.2 Opvoeding

M.E.R. was slegs die vierde geregistreerde vrouestudent aan die South African College, voorloper van die Universiteit van Kaapstad. In 1896 was sy twintig jaar oud en reeds ’n derdejaarstudent. Die feit dat sy uit ’n arm huishouding gekom het, maak haar studieloopbaan nog meer uitsonderlik.

Soos baie ander rondom haar het sy ’n groot bewondering vir Cecil John Rhodes gehad en het in ’n verengelste omgewing gewoon en geleef, met groot respek vir die Engelse kultuurgoedere waarmee sy opgevoed is. Die reëls van die omgewing waarin sy grootgeword het, is dus bepaal deur ’n gemeenskap met Engels as amptelike taal en as taal van die ekonomiese omgewing.

Sarah Raal het in die Suid-Vrystaat in ’n Afrikaanse omgewing op ’n plaas grootgeword. Haar vader was ’n suksesvolle boer. Haar akademiese opleiding was nie so gevorderd as dié van M.E.R. nie, maar uit hoe sy vertel van die tyd toe sy sake op die plaas moes reël, en hoe sy die insig gehad het om die geld weg te steek tydens die oorlog omdat sy die nut daarvan later duidelik kon sien, word dit duidelik dat sy ’n buitengewoon praktiese inslag gehad het. Die beeld wat Giliomee geskets het van die sterk vroue in die beginjare aan die Kaap, sou waarskynlik ook vir Sarah Raal kon geld. Haar gevoelens teenoor die Engelse was totaal anders as dié van die jong M.E.R., en sy het hulle as onderdrukkers gesien. Deur haar hele vertelling beeld Sarah Raal haar houding hoofsaaklik uit as minagtend teenoor die Engelse met wie sy te doen gekry het.

Die twee vroue se jare as kind en as jong volwassene sou ’n bepalende rol in hulle lewensverloop speel. Op ’n gegewe moment het M.E.R. vir haar Afrikanervolksgenote gekies, en Sarah Raal het gekies om te veg eerder as om ’n gevangene van die Engelse te wees.

3.4.3 Konteks

Sarah Raal het op die plaas Olijvenfontein naby Edenburg in die Suid-Vrystaat gewoon en M.E.R. in Swellendam in die Kaapprovinsie. Die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) sou ’n beslissende rol in beide lewens speel, maar alhoewel die grense van hul bestaan in ’n groot mate deur dieselfde breër sosiale beperkinge bepaal is, blyk uit ’n vergelyking van die gegewens tog dat dit vir ’n deel ook twee verskillende wêrelde was waarin hulle moes funksioneer. Hoe elkeen van die twee vroue die beperking van haar bestaan oorskry het, vorm ’n kerngegewe in hierdie teksbeskrywing. Die kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie belig veral die feit dat elkeen van die twee deel was van die samelewingstruktuur (gesin, familie, sosiale omgewing, politieke omgewing, internasionale omgewing) en dat, ten spyte van hulle onkonvensionele gedrag, beide later weer daarin geslaag het om deur die gemeenskap aanvaar te word.

a. Die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902)

Die uitbreek van die oorlog is voorafgegaan deur die Jameson-inval. Hieromtrent vertel M.E.R. in dokumente wat aangehaal word in ’n biografie deur J.C. Steyn hoe sy en ’n vriend die inval beleef het. “Ons het vaag en ver, in daardie Engelse omgewing die voorouers se gees in ons gevoel roer”, en dit het by haar ’n soort voorneme gewek: “[E]k by my mense!” Daardie voorneme het deur die jare nooit verander nie en het selfs sterker geword (Steyn 2004: 15).

> “Die Jamesoninval het soos ’n weerligskeurslag gewys waarheen ons gelei word − tot ontkenning van ons eie aard en wese, en om dit te vervang deur ’n namaaksel van die aard en wese van ’n ander volk; om iets vals en nutteloos te word. Verskrik, maar nog behoue, het ons die tyd van dwaasheid oorleef.” Die gevoel van “ek by my mense!” het haar lewe in ’n ander rigting gestuur. Dit het haar betrokkenheid by die lotgevalle van haar mense vir die res van haar lewe bepaal (Steyn 2004: 15).

Haar broer Frits het ’n reuse aandeel gehad in haar bewuswording van haar kulturele erfenis as Afrikaner. In haar outobiografie ondersoek sy dan haar eie motivering en kom tot die gevolgtrekking:

> Maar dit alles sou my miskien as onbewuste invloede nie gered het van ’n ewige namakery nie, was dit nie vir ’n ander sterk invloed nie wat ek eers ná my kinderjare kon erken, maar wat van begin af gegeld het: dié van my broer Frits (M.E.R. 1972: 92).

Die Jameson-inval was dus ’n belangrik identifiseerbare oomblik waar sy gekies het vir haar gevoel, ongeag die inligting vanuit die groter of direkte omgewing. Alhoewel sy vir ’n periode tot 1900 in Johannesburg gebly het, kon sy daarna uit die oorlogsomgewing weggaan. Hoewel op ’n ander manier as in die geval van Sarah Raal het die oorlog ook op haar lewe ’n ingrypende invloed gehad; soos ander mense s’n is haar briewe ook aan die Kaap gesensor, hulle was op een stadium in huisarres, en algemene krygswet het gegeld (M.E.R. 1972: 138-140).

Sarah Raal vertel dat die gerugte van ’n dreigende oorlog al hoe meer geword het, totdat daar op ’n someroggend in Oktober 1899 die boodskap gekom het dat oorlog verklaar is en dat die mans moes gaan. Haar outobiografie begin eintlik met hierdie gebeure en eindig net nadat die oorlog verby is. In die inleiding tot die boek skryf Anne Emslie dat Sarah Raal “... alle konvensionele gedragsrolle verontagsaam [het] deurdat sy as vrou aangedring het op die reg om te veg soos ’n man, ten einde dit wat sy as kosbaar gekoester het te beskerm” (Raal 2000: 1). Die belangrike keuse vir Sarah Raal was daarin geleë dat sy haarself nie as gevangene kon sien nie, en dit het ingehou dat sy saam met haar broers in die veld sou moes leef.

Sarah Raal se passie om vry te wees (sy het ontsnap nadat die Engelse haar gevange geneem het) en om ’n bydrae tot die vryheid van haar volk te lewer, het haar beweeg om teen alle (ook ongeskrewe) reëls van die gemeenskap in, daarop aan te dring om toegelaat te word om saam met haar broers te veg. Haar verhaal herinner aan die uitspraak van Gilligan dat, soos in die mitologie, die samelewing ook hier “indicate repeatedly that active adventure is a male activity, and that if a woman is to embark on such endeavours, she must at least dress like a man” (Gilligan 1998: 13). Haar keuse om in die veld te bly, het haar deel gemaak van die vegtersgroep, waarvan sy duidelik deel geword het: “Hoe dikwels het die kommandant nie na my gekom en gesê: ‘Hoe lyk dit soldaat, het jy nie ’n stukkie orige biltong vir die hongerige kommandant nie?’” (Raal 2000: 52).

Wanneer mens dus hierdie twee outobiografieë vergelyk, besef jy dat alhoewel daar ’n groot gemene deler in die lewens van hierdie twee vroue betreffende hulle Afrikanernasionalisme was, dit op verskillende maniere beleef is en tot uiting gekom het. Die twee skryfsters se weergawes maak dit duidelik dat daar op verskillende maniere en tot verskillende mate ingegryp is in hulle lewens deur die politiek en uiteindelik deur die oorlog. Vir albei het dit ’n bewussyn van Afrikanernasionalisme aangewakker, maar daar was ’n verskil: vir Sarah Raal was die Engelse sonder enige twyfel die vyand teen wie sy haar vryheid moes gaan verdedig; vir M.E.R. het die bewussyn van anders wees as die Engelse kultuur waarin sy vir ’n groot deel opgevoed is, geleideliker gekom. Sarah Raal se lewe is op ’n praktiese vlak geraak: haar broers was op kommando, haar ouers en vriende is gevange geneem, en sy moes self vlug en later op kommando veg. Hierdie soort ervarings het M.E.R. nooit gehad nie, maar as intellektuele persoon het sy die politieke gebeure van die dag deurdink en emosioneel verwerk, tot so ’n mate dat sy in terme van die kompleksiteit-sisteemteorie ’n konseptuele skuif kon maak ten opsigte van haar vooropgestelde idees en vroeëre ervaring met die Engelse kultuur. Dat sy kort ná die oorlog met ’n “Engelsman” trou, dui ook aan dat daar ’n enorme verskil tussen haar en Sarah Raal was in die ervaring van die oorlogsgebeure.

Die gebeure rondom die oorlog is die kern van Sarah Raal se verhaal, en sy vertel ook niks anders nie, en nooit skryf sy weer oor enige iets anders as hierdie gebeure nie. Aan die ander kant vorm die oorlog slegs ’n onderdeel van M.E.R. se verhaal. Weliswaar is die gebeure van bepalende belang in haar lewensverloop, maar nooit raak die oorlog haar lewe in die praktyk so ingrypend as vir Sarah Raal nie.

Daar was klaarblyklik nie ’n eenvormige Afrikaneromgewing waarin die oorlog afgespeel het nie, en die vergelyking tussen hierdie skryfsters se ervaring bied ’n duidelike voorbeeld van die kompleksiteit-sisteemteoretiese standpunt van ’n “multi-verse”, in teenstelling met die enkelvoudige “universe” van liniêre denke. Hierdie twee jong vroue het vanuit verskillende perspektiewe die oorlog en hul Afrikanerskap beleef, verskillende eise is aan hulle gestel, en hulle het op uiteenlopende maniere daarop gereageer en verslag gedoen.

b. Ontbloting van die self

M.E.R. het besluit om in haar outobiografie nie oor emosionele toestande en belewenisse in besonderhede te skryf nie. "Sodanige toestande, gevoelens, belewings van self of andere word wel deur elke denkende mens nagegaan, bespreek, ondersoek; dit is goed en gesond; dit is 'n poging om die waarheid omtrent jouself en andere te kry. Maar dit moet nie sommer neergeskryf word nie, omdat 'n mens uiters selde die volle waarheid omtrent hierdie dinge kan agterkom; die inligting ontbreek, selfs oor jou eie self. En die wetenskaplike sielsontleding is nog maar in sy aanvangstadium" (M.E.R. 1972: 5).

Sy bly in hoofsaak getrou aan haar voorneme om emosie uit die teks te weer en hanteer die emosionele elemente van haar verhaal afstandelik, want selfs wanneer sy bepaalde intense beproewings beskryf, doen sy die met die minimum emosionaliteit. (Haar persoonlike vuurdoop hierin het sy reeds deurgemaak met die skryf van haar eertydse dagboek. Sy haal in die eerste bladsye haar dagboekinskrywing van 7 Maart aan: "Het 'n renons in hierdie skrywery gekry: 'n mens verval so maklik in 'n uitpluisery van jouself − 'n sieklike ding" (M.E.R. 1972: 4).)

Aan die ander kant is daar egter oomblikke van intense emosionele belewenis in die beskrywing. Sy vertel byvoorbeeld van die voorgevoel wat sy gehad het net voordat sy in Grahamstown aangekom het, waar sy haar verhouding met Matthys sou verbreek en op 'n Engelsman verlief sou raak:

> En met die wegtrek van daardie noordwaartse stuk was dit sommer of al my moed en gees meegetrek word uit my uit en weg van my af. My hart voel so loodswaar in my dat dit pyn gee, pyn en vrees. Ek onthou dat ek daar gestaan en gedink het dat dit was omdat in plaas van noordwaarts te ry na Matthys toe, ek verder weg van hom sou gaan, en ook dat dit my enigsins tot troos was dat ek so op die patroon van die romans gereageer het. Maar die neerslagtigheid en angs het by my gebly en so toegeneem dat toe ek op die stasie op Grahamstown uitklim, ek, soos 'n kind wat uit lewe en mag na iets anders dwing as wat hom aangewys word, onwillekeurig gekyk het of daar nie 'n manier van teruggaan voorhande was nie (M.E.R. 1972: 143).

Interessant is dat sy haar belewenis reeds in die oomblik van belewing vanuit 'n waarnemersoogpunt beskryf en die rol wat 'n geïdealiseerde beeld van so 'n oomblik daarin speel ("en ook dat dit my enigsins tot troos was dat ek so op die patroon van die

romans gereageer het”). Sy gebruik egter hierdie en ander insidente om te rasionaliseer oor die aard van so ’n verskynsel van voorgevoel en probeer op dié manier waarskynlik weer aan die emosionaliteit daarvan ontkom.

Een van die mees intense en interessantste fases van haar lewe was haar huwelik en die daaropvolgende egskeiding. Dit is een van die aspekte van haar bestaan wat haar duidelik op meer as een gebied onderskei van die meeste van haar tydgenote. Die leser sou dit selfs as raaiselagtig kon beskou dat sy, ná haar intense reaksie op die Jameson-inval, tóg met ’n “Engelsman” trou. Maar sy is duidelik oorweldig deur Mr. H.C.G. Oakshott, “’n skraal, gespanne, haastige man van iets oor die veertig, met wêreldkennis en lewendige intelligensie; ’n besonder begaafde onderwyser wat die leerlinge kon pak en betower; ’n Oxford M.A.: hy het elke oggend sy skoolkamer ingewaai gekom met die ‘trencherboard’ op sy kop en sy swart toga oop agter hom” (M.E.R. 1972: 144). Sy is met hom getroud, twee kinders is uit die huwelik gebore, en na vele probleme waarvan sy kortliks vertel – veral finansieel – is hulle in 1911 geskei.

Dit het sekerlik baie durf geverg om met haar besluit deur te gaan, want in daardie eerste dekade van die twintigste eeu was die opinie van die gemeenskap baie sterk teen egskeiding ingestel. Haar voormalige man en hulle verhouding beskryf sy verder as volg:

> Hy het also herhaaldelik die algehele bystand van iemand gekry, om hom met werk, of geld, of invloed te help. Gewoonlik het hulle eindelik met skade losgekom, wanneer hy ook begryp het dat hy die bystand uitgeput het − en dit het net gebeur dat my skade besonder groot was. ’n Mens wat na sy aard meer as sy verantwoordelikheid sal dra, moet nie saamgebind word met een wat altyd verantwoordelikheid vermy nie: so ’n verbintenis moet noodwendig doodloop. Daar moet ewewig wees. Ek dink dit was wat van hierdie huwelik ’n hopelose saak gemaak het (M.E.R. 1972: 148).

Uit hierdie opmerkings alleen kan ’n mens aflei dat sy ’n bepaalde gevoel van eiewaarde moes hê. Een van haar boeke is *Die gewers* (waarin sy in die Verduideliking ook sê: “Op aandrang van iemand wat graag van vanslewe se mense hoor vertel, het ek omtrent sodaniges begin skryf ...”) (M.E.R. 1950). Hierin definieer sy “gewers” as mense wat gewers is − “Nie van goed nie, want dit het hulle nie oorvloedig gehad nie; van moed; van hartversterkende geloof; en sommer van goedheid. Moontlik was hulle *aan*gewers, en het hulle wat hulle gegee het, self êrens gekry, want dit is onverganklik” (M.E.R. 1950).

Met selektiewe aandag aan die gebeure rondom haar huwelik en egskeiding kan die leser sinvolle patrone identifiseer. As kind was sy onder die indruk van die Britse kultuur, maar het later agtergekom dat dit vals en oppervlakkig was om haar eie aard daarmee te wil vervang:

> Toe ek 'n kind was, was die Engelse voorbeeld in vele dinge op onse dorp baie sterk. Dit het ook gedurende die eerste twintig jaar van my leeftyd 'n hoogtepunt bereik. (Daarvandaan het dit toe skielik in sterkte gedaal deur die gebeurtenisse van 1896 en daarna, toe die Tweede Vryheidsoorlog so 'n ommekeer in onse beskouings gebring het) (M.E.R. 1950: 35).

Ten spyte van hierdie insig wat begin het met die Jameson-invalle, het M.E.R. nietemin met 'n "Engelsman" getrou. Dit wil lyk asof sy hierdie bewondering vir die Engelse kultuur nie heeltemal agter haar kon laat nie en haar deur Oakshott se sogenaamde kennis van die Engelse letterkunde laat beïndruk het. Toe sy later uitvind dat al sy geleerdheid waarvan sy so onder die indruk was, vals was, moes sy sekerlik tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom het. Aan die ander kant behoort mens te noem dat haar huwelik met Oakshott haar die geleentheid gegee het om buite die gewone bestaan te tree, dat sy behoefte gehad het aan dít wat hy gehad het om te bied of gedink het dat hy gehad het om te bied. Later sou sy gedrag haar keuse om die huwelik te beëindig, regverdig en kon sy dus haar optrede teenoor haarself regverdig deur 'n pad te kies wat onder normale omstandighede in die geval van 'n huwelik met 'n mede-Afrikaner binne haar omgewing waarskynlik onaanvaarbaar sou wees. Oor egskeiding skryf sy:

> Toe ek vyf-en-dertig jaar oud was, het ek by 'n baie moeilike plek gekom: ek moes egskeiding kry; daarvan sal ek later seker moet vertel. Dit is 'n plek wat, as dit in die onmiddellike vooruitsig staan, skrik verwek, vrees aanja. Laat niemand ooit dink dat dit anders is nie – nie vir die vrou met die normale leefwyse nie. En toe ek dit moes deurloop en wonder of daar ooit weer vir my lewensvreugde sou bestaan en waar ek die moed sou kry om met my kinders verder te leef en werk, toe vertel iemand van Miss Colby, dat sy 'n getroude vrou was toe sy na ons land gekom het, maar dat die huwelik jammerlik misluk het en dat sy egskeiding moes kry; dat sy toe sy die pos aanneem, vir ds. George in haar vertroue geneem het en dat hy die geheim nooit laat uitkom het nie (M.E.R. 1950: 57).

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik hoeveel probleme so 'n stap in daardie tyd vir 'n vrou ingehou het. Ná haar egskeiding kon M.E.R. egter haar lewe aan diens aan haar gemeenskap wy, sonder die verpligting van die konvensionele getroude bestaan. Hiermee

kon sy die rol wat sy vir haarself as “gewer” gesien het, bevestig en ook weer die aanvaarding van die konvensionele sosiale geledere kry.

Ook Sarah Raal se vertelling word byna gestroop van emosie aangebied. Sy beroep haar egter soms op die stereotipiese beeld van wat as vroulik voorgehou word: “Onbeskryflik is die nagte van angs wat ek daar alleen moes deurmaak − ’n hulpelose vroumens alleen aan die genade van die barbare oorgelaat” (Raal 2000: 19). Alhoewel mens haar angs kan begryp, is die beeld wat die leser dwarsdeur die vertelling kry nie dié van ’n “hulpelose vroumens” nie, maar van ’n jong vrou wat duidelike planne beraam en in werking stel en berekend met haar omgewing omgaan. Selfs in oomblikke waar sy baie bang is, gedra sy haar manhaftig, want “hoogmoed en die idee dat die burgers my as ’n lafaard sal beskou” (Raal 2000: 47) is die gedagtes wat haar motiveer om aan te gaan.

c. Taalgebruik

Met die klem wat daar binne die kompleksiteit-sisteemteorie op taal geplaas word, kan ’n paar interessante afleidings omtrent die effek van die taalgebruik in die twee tekste gemaak word. M.E.R. se outobiografie is aan die einde van ’n lewe as erkende outeur geskryf, terwyl Sarah Raal haar verhaal neergeskryf het sonder dat sy ooit deel van ’n literêre wêreld was.

Die leser kom onder die indruk dat M.E.R. inderdaad die taal “beheer”. Alhoewel haar skrywe openhartig oorkom, is dit hoogs waarskynlik dat sy as ervare outeur haar woordgebruik en temas berekend kon kies. Daarom is dit interessant hoe sy byvoorbeeld die hoofstuk wat oor haar huwelik handel, saamstel. Eerstens begin sy met die vermaning:

> Maar ’n jongmens, nog meer as ’n ouere, moet maar nie ledig wees nie, veral in ’n krisistyd. Want dan gaan die duiwel houtgerus op sy oorkussing slaap; hy hoef nie versoekings en dwaalpaaie te bedink nie − die jongmens soek hulle self. Vir my was die ledigheid later onuithoudbaar. En toe het ’n uitkoms gekom wat ek in normale tye nooit sou gedink het om aan te neem nie (M.E.R. 1972: 142).

Daarna vertel sy van die werk op Grahamstown, soos sy die dorp noem, in diens van Mr. Oakshott as eienaar van ’n privaatskool. Sy vertel van die voorgevoel wat sy gehad het oor

die afstand wat sy tussen haar en haar vriend Matthys geplaas het en die onsekerheid oor wat voorgelê het. Daaroor skryf sy:

> In later lewe het ek een of twee maal weer so 'n "voorgevoel" ondervind, voordat iets ingrypend, soos die dood, vir iemand naby was. Wat is dit? Ek het al dikwels ontleding probeer. Sover ek kan sien, was daar in elkeen van die gevalle dít: dat die persoon, ek of 'n ander, oor wie ek die gevoel had, aan oorgaan was na 'n allerbelangrikste keerpunt in sy wesensontwikkeling en dat die onderbewuste, wat dit wel geweet het, so sterk daardeur bewoë was dat die bewustheid van onder af na die oppervlak – al was dit net vir 'n oomblik – uitgeslaan het en voelbaar was (M.E.R. 1972: 143).

Sy gaan voort om Mr. Oakshott te beskryf soos hy haar betower het en sê dan:

> En nou moet ek 'n deel van my geskiedenis beskryf waarvan die beskrywing my swaar val. 'n Mens betrag maar nie graag jou foute, dwalings, karaktergebreke nie, en as jy in later jare die moed het om dit te beskou soos dit werklik was, kyk jy ook maar nie langer as nodig nie. Ek sal dan maar die saak so kort – en so waaragtig – moontlik stel, omdat dit vir hierdie beskrywing noodsaaklik is. En ek weet ook nog nie hoe reg ek oordeel nie, want hier het ek nou te doen met die invloed van ander mense op my dade en op my beskouings wat die dade veroorsaak het. Daardie invloede het ek eers, sover dit my moontlik is, raakgesien ná lange tyd en moeilike en pynlike ervarings. Of ek hulle werklik raakgesien het? Want hoeveel van die invloede het uit die ander se motiewe ontstaan, en hoeveel was miskien reaksie op my karaktertrekke? Moeilik om skuld toe te ken! (M.E.R. 1972: 144).

Hierna stip sy die gebeurtenisse puntsgewys aan in volgorde van tyd – iets wat sy nêrens anders in die teks doen nie – 'n stelwyse wat moontlik die waarheidsgetrouheid van die vertelde wou bevestig deur dit saakliker te laat lyk of wat deur die rasionele manier van omgang met die gegewe die verteller se emosies sover moontlik op 'n afstand wou hou. Sy sluit die hoofstuk af met: "Ek het hom nooit weer gesien nie .... In 1911 het ek formeel egskeiding gekry. Teen dié tyd het ek my eie naam vir myself en my kinders weer geneem. So! Nou is dit klaar vertel" (M.E.R. 1972: 149).

Sarah Raal se styl is baie helder en gestroop, maar getuig nietemin van 'n sekere onhandigheid wat mens aan die styl van 'n hoërskoolleerling laat dink, met die gebruik van geykte frases soos "Hier het ek die eerste lig aanskou ..." (Raal 2000: 7) en "Tot my grootste ontsteltenis en verbasing moes ek uitvind ..." (Raal 2000: 12). Die leser lees ook nog die teks soos dit in 1936 gepubliseer is, en die gebruik van Afrikaans reflekteer die taal en styl van daardie tyd.

Veral opmerklik is die manier waarop sy die woord “ou” gebruik. Sy verwys byna sonder uitsondering na haar “ou vader” en dikwels ook na haar “ou moeder”. Sy praat ook van “ou Tryn” of “ou Sam” en selfs van haar “ou hond”. Mens bring onwillekeurig hierdie manier van verwysing met ’n manier van respekbetuiging en deernis in verband, maar paradoksaal verwys sy dan ook na “ou Andries”, die man wat haar mense verraai het. Dit mag beteken dat sy uit gewoonte so na hom verwys, dat dit ’n posisie van eertydse vertroue weerspieël, of eenvoudig dat sy hom as oud sien, maar laasgenoemde pas nie by die res van die gegewe in nie. In die geheel gesien belig dit wel die komplekse verwantskap wat daar tussen die wit boere en die swart werkers op daardie tydstip bestaan het. Die mense was onderling van mekaar afhanklik en was gewoond daaraan om na mekaar om te sien, maar die magsverhouding tussen blank en swart het daartoe gelei dat sommige swartmense die oorlog en die geleenthede by die Engelse gesien het as ’n manier van vergelding ten opsigte van vroeëre onreg. Toe Sarah Raal agterkom dat Andries hom by die Engelse aangesluit het, het sy dadelik verstaan wat gebeur het:

> Een ou jong met die naam van Andries het nie minder as 27 jaar by my vader gebly nie .... Tot my grootste ontsteltenis en verbasing moes ek uitvind dat ou Andries reeds die vorige nag al met sak en pak weggeloop het. Toe laat ek ou Sam, ou Tryn se man, roep en hoor van hom dat ou Andries al lankal gepraat het van wegloop na die Engelse. Hulle, so vertel hy, behandel ’n mens so goed; jy kry ’n “uniform” en ’n “rifle” en word nog boonop goed betaal as jy in hul diens is. Dadelik besef ek waarom ou Andries die laaste tyd so bot en nukkerig was, asook die rede dat daar die vorige aand so laat nog lig in sy hut was (Raal 2000: 11-12).

In die inleiding som Anne Emslie die komplekse situasie waarvan die oorlopery na die Engelse deel was, goed op:

> Die Boere was verontwaardig oor die betrokkenheid van die swartmense in die oorlog. So ook was die Boere ontsteld oor die “hensoppers” – Afrikaners wat hulself aan die Britte oorgegee het ter wille van hul eie veiligheid en die beskerming van hul eiendom – en “joiners” wat na die vyand oorgeloop het en vir die vyand geveg het. Beide die “hensoppers” en die “joiners” is as verraaiers deur die Boere beskou en met afkeer bejeën. Sarah Raal se verhaal weerspieël die kompleksiteit van hierdie verskille en die emosies wat dit ontlok het (Raal 2000: 3).

Die manier waarop Sarah Raal van situasies van duidelike lyding deur mens en dier vertel, is meestal besonder saaklik:

> Toe ons by die laer kom, was daar nie so iets as eet of klere droogmaak nie; ons moet vannag deurtrek. Die ambulanswa het in die slag gebly, en ons het nou die gewonde burgers op perde. Met die grootste moeite het ons aangesukkel (Raal 2000: 51).

En:

> Op een plek kom ons ’n trop skape teë, sowat ‘n tweeduisend. Die Engelse het hulle op ’n klomp in die hoë gras geja en toe die gras aan die brand gesteek, en die Tommies keer rondom dat die skape nie kan wegkom nie. Dit was vreeslik om die klomp diere te sien. Dié wat nie doodgebrand het nie, se bene is krom getrek; hulle kruip op hulle knieë. Die ander se oë is uit hulle koppe gebars en party se lippe is opgekrul tot teen die tande. Ek sou nooit kon geglo het dat daar mense is wat so wreed kan wees as ek dit nie self gesien het nie (Raal 2000: 61).

Hierdie is direkte beskrywings van wat sy gesien en beleef het − sonder enige verdere emosionele toevoegings.

“Autobiographical texts which deal with the suffering of war and concentration camps often appeal very strongly to readers’ sympathy and compassion. Readers can, however, experience that they are not as moved as they thought they would be”, skryf Ena Jansen (1999) in “Een eeuw van onrecht”, waarin sy die werke van Van Warmelo en Krog, wat handel oor die lyding tydens oorlog en in konsentrasiekampe, bespreek. “The view which is put across in this article is that the personal suffering of the messengers Van Warmelo and Krog at witnessing ‘man’s inhumanity to man’ is so great and their need for ‘co-sufferers’ so strong that it influences them as writers to such an extent that their texts fail to evoke the compassion one would expect them to.”

Sou ’n mens Raal se teks hiermee vergelyk, as iemand wat nie slegs ’n waarnemer was nie, maar midde-in die oorlogsituasie gestaan het, dan is die saaklike aanslag van haar teks opvallend. Sy maak geen onaanvaarbare aanspraak op die leser se emosies nie, en die leser beleef dit ook nie as ’n teks wat spesifiek eties of moreel wil indruk maak nie. As iéts die leser raak, dan is dit juis die gestrooptheid van haar beskrywing. Die feit dat sy dit geskryf het jare ná die oorlog afgeloop was, maak dit waarskynlik dat van die indrukke moontlik al vervaag het, maar die skryfster se unieke styl en persoonlike lewensbenadering spreek duidelik uit haar verhaal.

d. Geld as rolspeler

’n Interessante aspek wat by die lees van die twee outobiografieë na vore kom, is dat geld ’n belangrike rol in die lewens van elk van die twee vroue gespeel het. Die aanvangsin van

M.E.R. se outobiografie is: "Een van my vroegste herinneringe is dat ek gemeen het dat alleen ryk mense elke dag vir middagete aan 'n tafel gaan sit. Toe ek so drie, vier jaar oud was, het dit nie elke dag by ons gebeur nie; Sondae wel; waarskynlik ook meer dikwels − want ek kan my geheue nie so onvoorwaardelik vertrou nie" (M.E.R. 1972: 9). Die opmerklike bekommernis om geld vorm 'n motief wat deur die lewensverhaal loop. Haar familie was arm, maar sy het geleentheid gekry om te gaan studeer; sy is bang vir skuld − dit word uiteindelik die een groot probleem in haar huwelik; sy identifiseer haar vir 'n belangrike gedeelte van haar loopbaan met die saak van die armes, en op hierdie manier is die tema van geld oral in haar vertelling sigbaar. M.E.R. verwoord nooit 'n strewe na rykdom nie − en tog het finansiële kwessies haar altyd besig gehou:

> Hierdie armoede-probleem wat in die na-oorlogse jare by ons al hoe meer op die voorgrond getree het, het my in die loop van my werk in die redaksie van *Die Burger* baie aangegryp. Moontlik omdat ek self arm grootgeword het en tog nooit kon begryp dat ek om daardie rede aan 'n ander volksgroep behoort het as die kinders van welgesteldes nie. Ek kon die idee van klasonderskeiding maar nie aanvaar nie (M.E.R. 1972: 236).

Van die lotgevalle van haar broer, en hoe dit aan sy geldprobleme gekoppel is, en hoe dit haar lewe geraak het, word ook vertel. Verder bring sy haar egskeiding direk in verband met die manier waarop haar destydse eggenoot met geld omgegaan het.

By Sarah Raal is die rol wat geld speel van groot belang. Haar vertelling begin met 'n beeld van "Olijvenfontein, die pragtige, groot plaas van my vader. Die opstal, 'n massiewe en groot outydse gebou, met 'n hoë stoep, dik mure en groot lugtige vertrekke, staan vorstelik tussen die groen bome, met bietjie laer af die groot saailande en 'n pragtige uitsig oor die uitgestrekte vlaktes van die suidelike Vrystaat" (Raal 2000: 7). In hierdie welvarende konteks het Sarah Raal geleef en grootgeword.

Toe sy alleen saam met die swart werkers op die plaas agterbly, het sy dit gou as haar taak gesien om die geld wat sy geweet het in die huis was, te probeer bewaar vir haar ouers. Die verwysing na die geld, en hoedat sy deurgaans planne gemaak het om dit weg te steek en veilig te bewaar, loop deur die vertelling − en nie net die vyfhonderd pond in note nie, maar ook eenduisend-en-negentig pond wat sy met die Engelse kommandant beding het in

ruil vir goedere van die plaas. Eers dra sy die note aan haar lyf en daarna in ’n kussing, maar enduit bly die bewaring van die geld van groot belang. In die laaste paragrawe van die boek sit sy nog finaal uiteen wat uiteindelik van al die geld geword het. Elders in die vertelling word beskryf hoe sy ook daarvoor sorg dat die Engelse geld aan die gasvrou sou betaal by wie sy oornag het net voordat sy na haar ouers in die kamp toe is. Uit die gegewe blyk dat Sarah Raal ’n bepaalde beeld van die verwantskap tussen geld en mag gesien het. Dus, selfs toe die reëls van die samelewing verander het van ’n gewone agronomiese bestaan tot ’n situasie van oorlog, het sy die rol van geld in ’n sisteem as van opperste belang beskou en probeer red wat daar te redde was. Haar vertelling eindig ook met ’n relaas oor hoe daar onderhandel is om die £1 090 wat op haar naam was deur die Engelse kommandant uitbetaal te kry en hoe die “Blue Blacks” nie uitbetaal is nie. Dit is wel duidelik dat hierdie geld waaroor Sarah haar soveel sorg gemaak het, ’n belangrike bydrae gelewer het om haar vader te help om die boerdery weer op die been te bring.

In Sarah Raal se vertelling hoor die leser verder ook van die rol wat geld elders in die oorlog gespeel het: hoedat sommige Boere “joiners” en “boere-Kakies” en “hensoppers” geword het, veral om hulle veiligheid en hulle eiendom te beskerm. Op dieselfde manier is die lojaliteit van sommige van die swartmense met geld deur die Engelse gekoop.

Deur bloot terug te kyk op hierdie era waarin M.E.R. en Sarah Raal geleef het, word dit dus duidelik dat mense dikwels deur geld beïnvloed is in die besluite wat hulle geneem het. In die besonder word die rol van geld in die proses van bemagtiging duidelik, en vroue wat selfstandig was of wou wees, moes self na geld omsien. Geld was een van die faktore wat ’n groot rol gespeel het in die manier waarop vroue binne die konvensionele sosiale orde bestaan het − en is dit waarskynlik nog steeds. Waar daar nie ’n man, ouers of kinders was om na die vrou om te sien nie, moes sy dit self voorsien, maar die beperkende genderrol van die vrou het dit dikwels vir haar besonder moeilik gemaak om hierdie selfstandigheid te handhaaf.

e. Interpersoonlike verhoudings

In *My beskeie deel* stel M.E.R. die probleme wat sy met die skryf van ’n outobiografie sien so:

> Die waarheid omtrent enige ding is waardevol en dit is die bestes onder ons wat daarna soek; maar voor dit neergeskryf word om as vaste waarheid die mensdom te dien, moet dit werklik die vaste waarheid wees, anders skep dit verwarring. Want die geskrewe woord, sê die Latynse spreekwoord, bly staan. En daardeur kry hy ‘n beïnvloedingsmag wat hom nie altyd toekom nie (M.E.R. 1972: 5).

Dit verklaar waarskynlik waarom haar outobiografiese vertelling op die oog af hoofsaaklik oor die feitelike gebeure gaan en die verteller wegskram van enige persoonlike kommentaar wat duidelik konflik met die mense oor wie sy skryf, of hul kinders, sou kon veroorsaak. Interessant hier is haar perspektief dat daar wel ’n “vaste waarheid” sou bestaan en dat ’n mens dit kon teëkom as jy maar net goed genoeg sou soek.

Die belang van ’n netwerk van verhoudings word baie hoog geag. Daaromtrent skryf sy:

> As ek terugkyk, soms, om na te gaan wat eintlik die hoogste lewensgeluk was, dan sien ek dit tog so helder. Dit is die omgang met mense by wie jy innig pas. Gelukkig die mensekind wat dit kry, by vriend of by egvriend; gelukkigste wie dit by ’n eie kind kry. Ek dink dit is wat die ou kerkvaders bedoel het toe hulle onder die geloofsartikels beskryf het wat hulle diepste geestelike verlangens was, en dit as geloof verklaar het: “die gemeenskap van die heiliges, die vergiffenis van sondes, die weeropstaan van die liggaam, en die ewige lewe” − eerste die gemeenskap van die heiliges: dit wil sê, die omgang met dié by wie hulle *innig sou pas*, oor wie se gedagtes en beskouings hulle hulle nie sou verwonder nie, en vir wie hulle gedagtes en beskouings oor wat ook al geensins vreemd sou wees nie (M.E.R. 1972: 202).

Dit lyk dus vir my duidelik dat sy die belangrikheid van die konteks en netwerk waarbinne die individu gelukkig kan wees op hierdie manier gedefinieer het.

Alhoewel Sarah Raal se skryfstyl aansienlik minder bedag is, en ’n opvlieënde persoonlikheid openbaar word in ’n woordewisseling met die Engelse, en haar vertellings in hoofsaak oor die gebeure gaan, en terwyl sy eintlik besonder min van die interpersoonlike interaksie vertel, is dit tog duidelik dat interpersoonlike verhoudings vir haar ook van groot belang is. In die inleiding stel Anne Emslie dit so:

> Die eenvoud van Sarah Raal se verhaal verbloem die diep gesetelde gesofistikeerdheid van ’n jong vrou wat getrou was aan die Boere. Sy was dapper maar terselfdertyd ook eerlik oor haar vrese. Sy was uiters onbeskof terwyl sy ondervra is, tog terselfdertyd bang en beangs. Sy het die Engelse gehaat, tog het sy gehuil oor ’n Engelsman wat in nood verkeer het en sy het haar vriendskap met ’n Engelse offisier bevestig. Sy het die

> verraad van die “Kaki-boere”, die “joiners” en swartmense wat hulle mag misbruik het op die plaas waar sy feitlik ’n gevangene was, verag. Tog het sy lojaal gebly aan die swart plaaswerkers wat lojaal teenoor haar was en het sy beskerming ontvang van diegene wat nie deur die besettende magte intimideer is nie (Raal 2000: 4).

’n Ander voorbeeld van hierdie lojaliteit, maar ook die ingewikkeldheid van die situasie, word duidelik waar sy byvoorbeeld ’n persoon identifiseer wat saam met die Engelse gewerk het, maar wat voorheen haar onderwyser was, en sy slegs na die man verwys as “Mnr. X” (Raal 2000: 31). Hierdeur beskerm sy die identiteit van ’n persoon wat waarskynlik in haar kinderjare vir haar belangrik was en beskerm op hierdie manier tóg die persoon.

Die verwantskappe wat in beide outobiografieë op die voorgrond staan, is dié van familieverbande. Gemeet aan wat Gilligan sê, is hierdie styl presies dít wat die leser van vroueskrywers kan verwag (Gilligan 1998). Dit wil nie sê dat hulle nie met hul verhale as geheel tog ook die aandag wou vestig op hul individuele prestasies nie, maar die plek binne die samelewing en die belangstelling in die kontinuïteit van verhoudings veroorsaak dat hulle liewer inligting verbloem of verswyg as om ter wille van die impak van die verhaal verhoudings onnodig skade aan te doen.

f. Die groter verband

M.E.R. en Sarah Raal het beide op ’n gegewe stadium gekies om op sekere tye in hulle lewens ’n onkonvensionele lewensweg te volg. Uit hulle outobiografieë is dit duidelik dat hulle hierdie keuses met oortuiging gemaak het. Uit die gegewe wat in die tekste aangebied word, kan die leser ook stel dat beide vroue uitsonderlike lewens gehad het en dat hul outobiografieë in dié sin tog ooreenstem met wat algemeen as die definisie van ’n outobiografie aanvaar word, naamlik ’n teks wat onthullend van aard is en geskryf word deur ’n individu waarin veral hierdie persoon se besondere prestasie en/of lewensvisie beskryf word.

Verdere inligting lei tot die gevolgtrekking dat beide vroue later gekies het vir ’n meer konvensionele rol wat algemeen deur die sosiale gemeenskap aanvaar sou word. Sarah

Raal is later getroud, en ’n foto van haar as mev. O.J. Snyman is in die 2000-uitgawe van haar outobiografie te sien. Sy het van vurige, onafhanklike jong vrou wat haar teen die Engelse besetting verset het, ontwikkel tot ’n vrou wat die rol van “volksmoeder” aanvaar het. Sy het haar ervaringe geskryf op versoek van “talryke versoeke van vriende en ’n mate van pligsgevoel teenoor my volk, en verder om te voldoen aan die begeerte van my kinders” (Raal 2000: 5) en, soos enkele ander skryfsters (E. Neethling in 1938: *Mag ons vergeet?*; Hendrina Rabie-van der Merwe in 1940: *Onthou! In die skaduwee van die galg*; Alie Badenhorst in 1939: *Tant Alie van Transvaal*), dit laat publiseer rondom die herdenking van die Ossewatrek (1938). Dit was in ’n tydperk toe “... Afrikaner-nasionalistiese gevoelens gemobiliseer moes word ten einde ’n nuwe vorm van vryheid in die vooruitsig te stel, [toe] ... tekste soos hierdie gebruik is om ... die massas emosioneel aan te spreek. Uiteindelik moes die leser oorgewen word vir die Afrikanersaak” (Swanepoel 1996: 25). Dit strook met die voorwoord wat Raal in 1936 geskryf het, waarin sy sê dat sy hoop dit sal bydra om die “vaderlandsliefde en volksbewussyn by ons jong geslag aan te wakker en die bande nouer te trek wat ons bind as Afrikanervolk” (Raal 2000: 5).

Daar is vier foto’s/afdrukke in Sarah Raal se boek ingesluit. Al vier bied besondere insigte: Eerstens is daar die foto’tjie van die jong Sarah op die titelblad van die boek. Hierin kan die leser dié Sarah wat in werklikheid saam met haar broers in die veld was, leer ken. Daar straal ’n kragtigheid uit die blik van hierdie jong vrou. Die tweede foto van die ouer vrou wat op bladsy vyf verskyn, die een geneem van Raal in die jaar wat die teks geskryf is, skep die indruk van behoedsaamheid en wek die indruk van ’n sekere terughoudendheid by die leser. Vir geen enkele oomblik is dit egter moontlik om te twyfel aan die kragtigheid van die persoonlikheid agter daardie oë en die ferm mond nie. Die ander twee foto’s wat te sien is, verduidelik die konteks van die gegewe – daar is ’n kaart van die Oranje-Vrystaat en omgewing, wat die oorlogsverhaal meer konkreet maak, en ’n foto van die plaashuis van Olijvenfontein, met ’n breë stoep en stewige pilare, ’n spuitfontein en ’n formele tuin te sien, en soos die byskrif dit stel: “die plaas waarop Sarah Raal gebore is en wat vir haar ‘amper heilig’ was” (Raal 2000: 6). Die foto van die plaashuis toon duidelik die welvaart waaraan Sarah voor die oorlog gewoond moes wees en waarvan sy ná die terugkeer plaas toe sê:

“As ek na my ou vader en moeder kyk, kan ek op hul gesigte moedeloosheid lees. Hier is geen stoel of tafel nie; hoe moet hulle nie hul gerieflike lewe van vroeër nou mis nie!” (Raal 2000: 119). Dit verduidelik haar vasberadenheid gedurende die oorlogsjare om soveel van die geld as moontlik te bewaar.

Ten spyte van ’n lewensverloop wat vir die tyd waarin sy geleef het, buitengewoon was vir ’n vrou, het M.E.R. op verskeie maniere daarin geslaag om by die bestaande samelewingstruktuur in te pas, en vanuit daardie posisies kon sy haar bydrae as “gewer” tot die samelewing lewer. Benewens haar toenemende status in die wêreld van die letterkunde het sy belangrike werk vir die A.C.V.V. gedoen − ’n vroue-organisasie wat baie gedoen het om die armblankes in die land op te hef. Sy het ook as lid van die Carnegie-kommissie van Ondersoek na die Armblankevraagstuk gedien. Sy was selfs vir ses maande ondervoorsitter van die Nasionale Party, met dr. Malan as voorsitter. “Daar was en is nog ’n reël dat die ondervoorsitter ’n vrou moet wees” (M.E.R. 1972: 217).

M.E.R. het dus die aanvaarding van die gemeenskap bereik deur betrokke te raak by vroue-organisasies, deur haar “behoudende” skryfwerk, deur betrokkenheid by partypolitiek en uiteindelik deur volksbesit te word in die gedaante van die wyse “Tant Miem”. Retoriek oor volksbelang hoor mens dikwels by haar: “die versekering van ’n regte, ‘n pragtige rigting wat ons volk seker en gewis inslaan na iets goeds. Want ons is nie verniet hier aan die suidpunt van Afrika nie. Dit is die gewaarword van die kontinuïteit, die vastheid van die rigting, wat so van groot waarde is vir die ou mens wat weet dat sy wegvaltyd nie ver is nie, en wat in die jong mense − soos ook tot groot geluk in die eie kinders! − die koershouers sien” (M.E.R. 1972: 203). Maar ná die lees van haar outobiografie besef ’n mens dat, soos Henriette Roos dit in ’n gesprek uitgedruk het, hierdie klem op openbare diensbaarheid ook as ’n besondere vorm van selfgelding gesien kan word. Die keuses wat sy in haar lewe gemaak het, het dit vir haar moontlik gemaak om te ontkom aan die “gewone” bestaan − al was dit soms langs moeilike weë.

Selfs die hedendaagse leser besef dat die twee vroue besonder sterk persoonlikhede moes wees om so ver buite die bekende afbakenings van destyds aanvaarde gedrag te beweeg.

Elk van hulle het egter ’n manier gevind om hul optrede te regverdig: Sarah Raal waarskynlik deur te glo dat sy probeer het om iets van die vorige welvaart te beskerm en daarna as getroude vrou by die samelewing in te skakel, en M.E.R. deur ’n lewe van toewyding aan die behoeftes van haar gemeenskap.

3.5 Van Augustinus tot hier

’n Oorsig van die ontwikkeling van die outobiografie vanaf Augustinus tot op die hede, met besondere aandag aan die bydrae van vroue in Suid-Afrika, waaronder dan outobiografieë en oorlogsdagboeke oor die Suid-Afrikaanse oorlog soos hierbo bespreek, maar ook die outobiografieë van gekleurde vroue en in ander tale, openbaar ’n interessante sirkelbeweging. Soos wat Augustinus as waarnemer vir die eerste keer na die individu en sy emosies gekyk het as afsonderlike entiteit binne die groep, en die tradisionele beeld van ’n outobiografie dus ontstaan het as “great stories about great lives”, so blyk dit duidelik dat die soort outobiografieë wat deur vroue geskryf word, waar die verhoudings van die mense binne ’n groep of ’n sisteem die meeste aandag kry, hierdie individu weer terugplaas in die groter geheel. Dit strook ook met Eduan Swanepoel se waarnemings in sy studie “Ubuntu en individualisme: enkele opmerkings oor die Suid-Afrikaanse outobiografie”. Hierin identifiseer hy die verhouding tussen individualisme en kommunalisme en sê hy “die Suid-Afrikaanse outobiografiese teks is dikwels veel meer as draer van ’n individu se geskiedenis. Dis soms ook ’n gemeenskapsportret waarin die sentrale konflikte van die breë landsgeskiedenis ... beliggaam is” (Swanepoel 1996: 27).

Met die sisteemteorie as agtergrond sou mens na hierdie proses kon verwys as rekursie. Hierdie outobiografieë kry dus ’n nuwe waarde omdat hulle daarop dui dat die visie van die vroue, met ’n sterk belewing van eiewaarde, ook ’n inherente aspek van die menslike bestaan insluit, naamlik dat ’n mens nooit as enkeling kan funksioneer nie, want as individu staan jy altyd in ’n bepaalde verhouding tot jou konteks en tot ander om jou.

Alhoewel ek meen dat M.E.R. nie altyd met bogenoemde gedagtes sou saamstem nie omdat dit waarskynlik juis sou indruis teen haar gevoel dat daar iewers ’n “vaste waarheid”

behoort te wees, is dit asof sy self die samevatting vir hierdie stuk geskryf het. Om by die tema hier aan te pas, neem ek die vryheid om die persoonlike voornaamwoorde na die vroulike te verander:

> Laat ek probeer neerskryf wat ek, nou in my neëntigste jaar, begryp omtrent die doel van die mens se bestaan − as dit begrip genoem kan word, so vaag is dit, so onseker. Miskien ’n vermoede, eerder as ’n begrip.
> 1. Die mens kan nie as enkeling daardie doel nastreef nie. Sy is deel van ’n entiteit; as sy heeltemal alleen moes wees, sou sy nie kon voortleef nie; alles waaruit die lewe bestaan, sou doelloos wees.
> 2. Die nastreef van die doel: dit is waarmee ons almal, bewus of onbewus, besig is. Meesal, dink ek, onbewus. Die mens is nog te ver agter in die ontwikkelingsproses, lyk dit my, om die doel te kan begryp, sodat ons nie eintlik van nastreef kan praat nie. En tog is die behoefte om dit na te streef by ons (so swak dat dit nie ’n drang genoem kan word nie) in verskillende grade van duidelikheid.
> Wat die doel is − dit lyk of geen mens nog die vermoë gehad het om dit te kan weet nie. Dit sou ook vreemd wees as die ontwikkelingsproses wat die mens van vandag as resultaat afgegee het, by haar sal ophou; dat sy die eindproduk sal wees. Net soos die mens van vandag meer kan begryp en raaksien wat om haar aangaan en bestaan as die oermens wat haar voorgegaan het, so lyk dit redelik dat haar begripsvermoë nog verder sal ontwikkel. Dit lyk of ons nog nie in die evolusieproses so ver gekom het om te kan begryp *waarvandaan, waarom en waarheen* die proses ons neem nie (M.E.R. 1972: 287).

Hoofstuk 4

Elsa Joubert en haar outobiografie: *'n Wonderlike Geweld*

4.1 Inleiding

By die lees van Elsa Joubert se outobiografie, *'n Wonderlike geweld – jeugherinneringe* (2005), bied die kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie moontlikhede om nuwe perspektiewe te open ten opsigte van, onder andere, die vrou as outobiograaf. Dit kan die leser in staat stel om die werk op verskillende vlakke "sistemies" te beskou en so nuwe insigte in die verhouding outeur, teks en leser te verkry.

Deur gebruik te maak van die kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie word dit in die eerste plek moontlik om sistemiese verbande soos wat dit in enige familie en gesin bestaan, te ondersoek. Hiernaas kan verbande gelê word tussen die familie of gesin en die betrokke groep se posisie ten opsigte van die breër sosio-politiese en kulturele konteks. Kennis van hierdie verbande is betekenisvol omdat al hierdie direkte en indirekte gebeure 'n vormende rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid van die outeur speel. Deur daarna die persoonlike gegewens teen die agtergrond van nasionale en internasionale gebeure te beskou, word die leser na 'n volgende stel waarnemings en gevolgtrekkings gelei, waaruit patrone en motiewe geïdentifiseer kan word. Met hierdie beginsels van selektiewe aandag, abduktiewe denke en formulering van moontlike hipoteses in gedagte, wat tot nuwe insigte en konseptuele verskuiwings by die leser kan bydra, kan samehangende groeperings gemaak word vir interpretasies wat moontlik buite die konvensionele patroon van liniêre denke val. Die samehangende gegewe wat ondersoek sal word, is soos volg:

- Binne die konteks van hierdie verhandeling word Elsa Joubert se teks met M.E.R. en Sarah Raal se tekste vergelyk. Sodoende word nie slegs verskillende vroue-outeurs se werk vergelyk nie, maar bied dit ook die moontlikheid om sosio-politiese gebeure uit verskillende periodes te vergelyk en om te sien hoedat daar kontinuïteit in die aaneenskakeling van gebeure bestaan. Dit ondersteun die mening dat enige vorm

van bestaan sistemies van aard is en dat dit onafwendbaar tot skakeling tussen die historiese gebeure en persoonlike geskiedenis lei.

- ’n Tweede groepering vir selektiewe aandag word geskep deur drie onlangse resensies oor Elsa Joubert se outobiografie met mekaar te vergelyk. Hierdeur kan afleidings volg omtrent hoe daar na die werk van hierdie vroue-outeur gekyk word en kan die konteks van hierdie waarnemings en kritiek geëvalueer word.

4.2 Persoonlike agtergrond

Een van die belangrikste aspekte van ’n outobiografie is die outeur se subjektiewe belewing en weergawe van gebeure. Binne die kompleksiteit-sisteemteorie is hierdie stelling ’n bepalende vertrekpunt omdat daar, soos reeds genoem is, in onlangse tye ’n radikale verskuiwing in die beskouing van die verhouding tussen die waarnemer en die waargenome plaasgevind het. Volgens die nuutste siening in die wetenskap is toegang tot ’n unieke en ’n onafhanklike werklikheid wat buite die waarnemer bestaan, nie moontlik nie (sien paragraaf 2.2.2 [b]). Vanuit hierdie hoek beskou, is die inligting wat deur die outeur in *’n Wonderlike geweld* oor die besonderhede van haar jare as kind en jong volwassene verskaf word, vir die leser van groot belang. Dit bied die geleentheid tot evaluasie van vormende gebeure en invloede in die ontwikkeling van hierdie outeur en bied ook die moontlikheid om die skakeling met die verlede, sosio-politiese invloede, maar ook individuele eienskappe van die betrokke persoonlikheid in oënskou te neem.

4.2.1 Die familie-agtergrond

In die eerste hoofstukke van die outobiografie stel Elsa Joubert die leser aan haar familie bekend. Hierdie inligting wat soms onnodig of oordadig mag voorkom, is egter van groot belang omdat dit bydra tot begrip van hierdie outeur se gedagtewêreld as kind, haar plek in die samelewing en haar uiteindelike keuses in die lewe. Sy is afkomstig uit wat haar omgewing beskou het as vooraanstaande families, maar dit is veral haar ma se mense wat die toneel oorheers.

> Die stammoeder, haar grootjie, die eerste Elsabé Antoinette Gie, gebore in 1836, getroud met ds. William Murray, gebore in 1829, was die ma van sestien kinders. Haar

> ouma, ook Elsabé Antoinette, wat nou in die Bo-Pêrel in Pontakstraat bly, gebore in 1864, was die sesde kind en vyfde dogter van die sestien kinders. Sy het getrou met ds. Isak Frederick Albertus de Villiers, gebore op 2 April 1857, en is die ma van tien kinders. Haar eie ma is die vierde kind van die tien, die oudste dogter (Joubert 2005: 25).

Haar oupa, ds. Isak de Villiers, het haar "Greatgrandpa William Murray" as predikant in Worcester opgevolg. Hy was die medestigter van die Skool vir Blindes en die Skool vir Dowes op die dorp. Haar ma het in later jare daar skoolgehou.

Die familie het op 'n gereelde grondslag byeengekom, en die familiebande was besonder sterk.

> Elke Sondagmiddag ná tee gaan hulle na haar oupa en ouma wat in Pontakstraat teen die berg woon. Haar oupa, Isak Frederick Albertus de Villiers, 'n Viljee wat van die Bo-Paarl kom, het verlang na sy tuisdorp nadat hy sy lewe lank op Worcester, in die Murray-wêreld, in die bediening was. Tannie Lezie sê die Murrays is van nature heilig, maar "jou oupa moes op sy knieë om heiligheid worstel". Sy is baie lief vir haar oupa, sy sien hom gedurig op sy knieë worstel (Joubert 2005: 33).

Haar pa, Willem Joubert, was 'n weeskind uit 'n minder bekende familie. Hy was 'n ambisieuse student met 'n belangstelling in filosofie. In later jare was hy die hoof van die Paarlse Opleidingskollege. Die jong Elsa het gou hierdie verskil in agtergrond agtergekom.

> Sy dink: Haar pa 'n weeskind en toe ingedompel in die groot Viljee-familie … die lewendige kinders wat almal so slim is en gaan leer. Sy tel: Sewe van die tien kinders was op Stellenbosch-universiteit, en oom Murray het ook in Amerika en oom Fred in Ierland en oom Theodore in Holland gestudeer. En haar pa moes alles so alleen doen. Maar hy het tog heel bo uitgekom (Joubert 2005: 42).

Dit word dus vir die leser baie duidelik dat die jong Elsa Joubert vanuit haar familieverband vroeg reeds aan baie indrukke en invloede wat 'n groot invloed op haar vorming sou hê, blootgestel is − die invloed van 'n familieverband wat deur die elite van haar kindertyd as rigtinggewend erken is.

4.2.2 Gesinsverband

Van selfs nog groter belang vir haar vormingsjare is die invloed van haar gesinsverband. Die gesin het bestaan uit haar pa, haar ma, en haar broer Deon, en toe sy vier jaar oud

was, is haar suster, Baby (hierdie dogtertjie was vernoem na Isabeau Richarde, vrou van Pierre Joubert, die eerste Hugenote-vrou wat in 1688 in die Kaap voet aan wal gesit het), gebore. Verder was daar ook nog Lenie, die bruinvrou wat in ’n kamer op die erf by hulle ingewoon het en vir wie sy baie lief was. Nog ’n belangrike teenwoordigheid was dié van Spikhals, Deon se hond, waarvoor almal baie lief was.

Baby het aan leukemie gely en is oorlede toe sy sowat drie en ’n half jaar oud was. Hierdie gebeurtenis was baie belangrik in die jong Elsa se ontwikkeling, en dit is ook die belangrikste gebeurtenis waarvan in die eerste hoofstuk van die outobiografie vertel word. Die heel belangrikste gevolg van die tragedie is waarskynlik dat dit haar op so ’n vroeë ouderdom met die dood in aanraking gebring het. Later, toe die dood van Greataunt Belle na ’n beroerteaanval ter sprake kom, neem die klein Elsa die sterflikheid van almal om haar waar so tussen die bespiegelinge oor die dood en die vroegtydige reëlings vir die begrafnis:

> Hulle sal ook doodgaan, dink sy, haar ouma en haar oupa en haar ouma se tien kinders, haar eie pa en ma ook, Deon ook, soos Baby doodgegaan het.
> Ek sal nie doodgaan nie, sê sy aan haarself. Almal kan doodgaan, maar ek sal nie doodgaan nie. Ek belowe dit (Joubert 2005: 48).

Maar die dood van die sussie het ook op ander maniere ’n groot rol in die gesinsverbande en aktiwiteite gespeel.

> Hulle het amper elke dag begraafplaas toe gegaan. Vieruur die middag wanneer haar pa terugkom van die Kollege. Haar broer hoef nie te gegaan het nie, want hy was ’n seun, maar sy moes omdat haar ma haar nie by die huis wou los nie. Sy was te skaam en het te skuldig gevoel om te sê sy’s nie lus nie (Joubert 2005: 20).

Dit is interessant om te sien dat nie alleen die aktiewe lede in die groep nie, maar ook dié wat nie meer daar is nie, ’n bepalende rol in die gedrag en ontwikkeling van mense speel. Baby se dood het ’n permanente effek op die gesinsverhoudinge gehad. Dit is veral Elsa se verhouding met haar moeder wat hierdeur beïnvloed is. Aan die een kant het sy haar moeder se houding as afsydig beleef en gemeen dat sy daardeur eenkant toe geskuif is, eers tydens die siekte van Baby, maar later ook tydens die rouproses. Sy het iewers na Baby se dood op ’n dag “op die bed gekniel en haar arms om haar ma se nek gevou en gesê: ‘Nou is ek Mamma se Baby’. Haar ma het van haar teruggetrek. Lenie het haar weggeneem van haar ma” (Joubert 2005: 16). Aan die ander kant het Baby se dood veroorsaak dat haar ma oorbeskermend teenoor haar opgetree het. “Toe sy verkoue word

van die natreën, het haar ma haar weke lank in die bed en uit die skool gehou. Sy't Aunt Daisy hoor sê: 'She lost one child, she doesn't want to lose another'" (Joubert 2005: 19). Later het sy veral ook haar moeder se ingesteldheid van "keeping up appearances" moeilik verdra. Volgens haar het haar ma altyd haar planne "oorgeneem" en heeltemal te dikwels in haar lewe ingemeng – 'n gevolg van die jonger kind se vroeë dood. Daarteenoor was haar verhouding met haar pa baie positief. Sy het met hom geïdentifiseer en was altyd oor hom as buitestander buite die Viljee-familie besorg. Sy was baie lief vir hom en het sy opinie hoog geag. Hy het haar in die sand op die strand in Hermanus leer skryf nog voor sy skool toe is; met hom het sy al haar planne gedeel, en dit is sy kommentaar wat sy later graag op haar skryfwerk wou hê.

Die ander volwassene nóú betrokke by die gesinskring, wat 'n groot invloed op haar gehad het en vir wie sy baie lief was, was Lenie – die huiswerker wat by hulle in 'n kamer op die erf gewoon het. Die herinnering wat sy met die leser deel, is 'n intieme maar ook insiggewende oomblik oor identifikasie met Lenie, maar ook die gevoel van vreemdheid teenoor iemand wat "anders" is. Sy hou vir Lenie dop wanneer sy haar hare was:

> En as Lenie haar hare gewas het, sit sy op die treetjies in die son en maak haar hare droog. Sy verwonder haar aan Lenie se lang, dik, swart uitgekamde bos hare. Sy kan van die boom af in Lenie se kamer inkyk as die deur oop is. Haar ma wil nie hê dat sy in die kamer gaan en na haar goed kyk nie. Dis Bybelverse en prentjies van engele en die Here op die kruis, "maar dis haar goed en mens moenie so nuuskierig wees nie", sê haar ma. As Lenie so met die wild uitgekamde hare op die treetjie sit, kan sy net sowel 'n vreemde heks wees wat vannag gaan vlieg (Joubert 2005: 52).

Haar verhouding met Deon is herkenbaar dié wat tussen twee kinders in 'n gesin bestaan. Deur die eerste jare heen weerklink dit keer op keer dat sy haar boetie gehaat het, maar die leser besef dat daar waarskynlik niks buitengewoons aan hierdie emosie was nie. In later jare toe hulle ouer word, het Deon haar onder sy vlerk geneem toe sy met mansvriende begin uitgaan het, en nog later het hy met groot begrip vir haar gevoel van gekneldheid binne die gesinsverband raad gegee oor hoe om dit te hanteer. Toe hy by haar kom kuier waar sy by tant Madeleine-hulle in Bloemfontein was, voordat sy op Cradock sou gaan skoolhou, het hy vir haar verduidelik hoe hy sy keuses gemaak het en wat hy gedink het sy behoort te doen:

> Hy sê dit hang nou van haarself af wat sy met haar lewe doen. Hy is besig om vir hom 'n lewe uit te kerf weg van sy pa en ma, sy moet dit ook doen en op haar eie twee voete staan. Hulle wil dit vir ons te maklik maak, sê hy van sy ouers, dan sal ons nooit weet waartoe ons op ons eie in staat is nie. Hy sal sy twee jaar hier by 'n prokureursfirma voltooi, en daarna vir hom 'n praktyk êrens in die Vrystaat soek. Hy hou van die Vrystaat. Die Boland het vir hom beklemmend geword, die uitspansel hier is groter. Sy ook, moet aan die stuur van haar eie lewe staan. Sy moet 'n hoë prys op haarself stel en selfvertroue hê, sê haar broer (Joubert 2005: 292).

By die skryf van 'n outobiografie is die outeur se persoonlike geskiedenis dus van groot belang, aangesien al die gebeure in die lewensverhaal altyd met hierdie kerngegewe verbind kan word, en die keuses wat die skrywer in die lewe maak, word direk deur die aard van hierdie verbintenisse geraak.

4.3 Konteks

Die omgewing waarin die skryfster grootgeword het, vorm 'n integrale deel van haar ontwikkeling. Haar verwysingsraamwerk is Worcester, wat sy ken as Murray-wêreld, en die Paarl waar haar pa die hoof van die Opleidingskollege is en waar die name van die huise in hulle straat, Nantesstraat, die geskiedenis van die Franse Hugenote laat weerklink:

> Mon Repos, Vermont, La Motte, Non Pareille, La Paix, Navarre en die mense se vanne is Du Toit, Blignaut (Blaine uitgespreek), Perold, De Villiers (Viljee uitgespreek), Le Roux, Malherbe, Pienaar. Haar ma sê 'n Engelse skrywer het gesê die Paarlse strate is vol lang, maer mans met Franse gesigte wat nie 'n woord Frans kan praat nie (Joubert 2005: 74).

Daar is ook volop Afrikaanse name soos Meulstraat, Hoofstraat, Wateruintjiesvlei en Bergrivier uit hierdie wêreld. In die huis waar hulle bly, is ou dokumente van die GRA op die solder gekry, want oom Lokomotief se broer het daar gewoon. So leer sy later by haar pa van die drukpers in Oranjestraat, waarvan hy sê: "Op daardie ou masjien is die eerste Afrikaanse koerant, *Di Patriot*, gedruk. Jy moet dit jou lewe lank onthou. 'n Patriot is iemand wat lief is vir sy land" (Joubert 2005: 54). Daar is ook nog die Strooidakkerk, die stadsaal, Allsop se winkel en die Palladium-bioskoop in Lady Graystraat, waarheen sy so graag gegaan het en waar die bruin kinders altyd bo moes sit en die wit kinders onder. Haar ervaringswêreld het ook gereelde vakansies in Gordonsbaai, Hermanus of die wintervakansies in die Karoo ingesluit. Die aard van die geskiedenis en tradisie waaraan

sy deur haar geboorte verbonde is, kan maklik opgesom word in dit wat sy as dogtertjie op ’n keer voorin ’n nuwe dagboek geskryf het: “Elsa Joubert, Nantesstraat 8, Paarl, Kaapprovinsie, Unie van Suid-Afrika, Aarde, Wêreld, Heelal” (Joubert 2005: 84).

En reeds op daardie stadium het sy die geborgenheid daarvan waardeer:

> Hoe sou dit gewees het as ek nooit gebore was nie, sou ek geweet het ek is nie ek as ek nie ek was nie? Sy het in Lady Graystraat langs mnr. Bredenkamp se manshaarkapper verbygeloop, by die groot akkerboom wat op die sypaadjie staan, met sy wortels vas onder die gruis, hoewel party van hulle opstoot om te probeer lug kry, toe sy die gedagte kry. Dit het haar bietjie naar op die maag laat voel, want waar sou sy gewees het as sy nooit gebore was nie? Sy is bly die boom is daar om aan te vat (Joubert 2005: 84).

Maar dan leer die leser in hoofstuk sewe saam met die jong Elsa Joubert, nou ’n derdejaarstudent, van ’n wêreld anderkant daardie tradisionele grense. In hierdie hoofstuk vertel sy van haar besoek aan Martin se ouerhuis in Natal en haar eerste ervaring van die oerwoud toe sy saam met Martin en ’n prokureur op ’n dag die reservaat inry. Hier kom sy onverwags met die bos in aanraking, en die ervaring raak haar baie diep, veral toe die besef van hoe dit vergelyk met haar bestaan in die Boland tot haar deurdring. Dit kan gesien word as ’n oomblik van ontwaking in die jong vrou se lewe:

> ... die bos is so stil asof dit gevries is, asof alle klank opgesuig is in groei, asof agter die stilte ’n hewige bedrywigheid aan die gang is, net van groei of net van wees, wat totaal verstil het. Toe onder bruin stof. Sy ken so iets nie. My Bolandse bome en struike is trillende groen Mozart wat ek kan beheer, dink sy, die is stokstyfstil non-musiek wat nog geskryf moet word, wat my kop wil oorneem .... Sy smag om op so ’n bospaadjie te wees, in die groot bos in te gaan .... En soos sy kyk voel dit vir haar sy word saam uitgegiet oor die bos, sy word ingesuig soos sy nog nooit was nie, deur ’n krag wat verby alles is wat sy nog geken het; in die Bolandse blou en groen was sy sterker as die krag, maar hier is dit sterker as sy. Sy dink: oer-woud, oer-bestaan, oer-wêreld. Sy vervloei daarin, sy kom tot rus .... Sy wil weg van die klamgroen, die skimmelklam, smaraggroen driehoek, Paarl, Stellenbosch, Kaap en die Limietberge waarteen sy van kleins af vasgestaar het ... (Joubert 2005: 276-281).

Hierdie ontwaking en nuwe bewussyn van ’n oerwêreld wat sy glad nie ken nie en die wete dat dit eintlik nóú behoort te skakel met haar eie bestaan in Afrika, het by Joubert ’n saadjie gesaai wat later sou ontkiem en lei tot haar verkennende reis al langs die oosgrens van Afrika op, deur die vasteland, tot in Egipte.

4.4 Persoonlikheidseienskappe

Teen die agtergrond van die familie- en gesinsverbande, en ook die konteks waarin die geskiedenis van hierdie groep mense afspeel, leer die leser die jong Elsa Joubert ken. Die felheid van haar emosies is vanaf die eerste mededeling duidelik: "Sy het haar boetie gehaat" (Joubert 2005: 11). Sy is 'n sensitiewe klein dogtertjie, wat meer as een keer 'n glipsie in die openbaar kry (Joubert 2005: 49 en 62), wat kleintyd so erg aan ekseem ly dat haar handjies agter haar rug vasgebind word sodat sy nie haar gesig kan stukkend krap nie (Joubert 2005: 46), wat bang is sy versmoor as Miss Pretorius haar vashou om haar te troos na 'n pakslae (Joubert 2005: 12) en wat ook nie daarvan hou "dat 'n jersey oor haar kop getrek en haar arms in die moue ingestoot word nie" (Joubert 2005: 50). Sy het ten spyte van haar sensitiwiteit toe reeds oor 'n besondere emosionele eienskap beskik: haar emosies soos angs en vrees het ook vir haar bekoring en uitdaging ingehou. Omtrent die tyd toe hulle vir ses maande by haar ouma en oupa moes bly omdat haar ouers met die posboot Europa toe was, vertel sy:

> Daar was baie plekke waar sy die bang gevoel kon kry en sy't aspres na daardie plekke gegaan, soos na die houttrap wat uit die voorportaal na die boonste slaapkamers geloop het. Waar die trap die draai maak, was 'n donker, sittende leeu in die diep trapstyl ingekerf met 'n oop bek met twee slagtande en twee pote wat hulle uit die hout wil losskeur. Sy't die trap opgesluip met haar rug teen die muur, so ver weg van die leeu as wat sy kon en heel bo het sy deur die tralies afgekyk op die leeu en hardop gelag van plesier.
> Sy't Miss Pretorius meer gehaat as wat sy haar boetie by die huis gehaat het. Sy was die liefste vir haar tannie Lezie wat nie getroud was nie en nog in die huis van haar oupa en ouma gebly het. Sy't met tannie Lezie trapop en trapaf geloop sonder om te onthou dat sy bang was vir die leeu. Maar die bang wees en die alleen loop was die lekkerste loop (Joubert 2005: 12-13).

Sy vertel ook van 'n buitengewone insident en optrede, gedrag wat nie gewoonlik met dié van 'n klein dogtertjie geassosieer word nie: Sy het graag boomgeklim en het selfs die mikke van die bome name gegee, name soos De Aar, Kimberley en Touwsrivier. Op 'n dag toe sy reeds kon skryf, "sny sy met 'n mes haar linkerhand se voorvinger totdat dit bloei en op 'n stuk papier skrywe sy in groot letters met haar pen in haar bloed gedoop: *Elkedagsalek'nboomklimtotekdoodgaan-gesweere.j.* Sy vou die papier oor en oor totdat dit klein en hard is en sy begrawe dit as 'n secret" (Joubert 2005: 53).

Die verslag van hierdie heftige emosionele uitinge loop soos ’n rooi draad deur die teks.

Die leser lees egter ook van die herhaaldelike terugkeer van wat die skryfster die hangbrugvrees noem. Hierdie gevoel beskryf sy as: “… die ou hangbrugvrees … die vrees dat alles om haar wankel, daar geen werklikheid is nie” (Joubert 2005: 294). Hierdie gedragspatrone hou waarskynlik verband met mekaar en met die psige van ’n vrou wat voortdurend die grense van haar bestaan wil toets. Dit reflekteer ook ’n besondere soort persoonlike emosionele reikwydte. Sy kom op ’n dag self tot ’n besondere insig, ten minste rakende die hangbrugvrees, toe sy uiteindelik regtig in gevaarlike omstandighede oor ’n hangbrug moes loop:

> Op ’n ander naweek by ’n vakansieplaas word sy vasgekeer, die rivier loop hoog en sterk en om betyds terug by die skool te kan wees, moet sy die Sondagmiddag oor ’n hoë, swaaiende hangbrug loop, ’n jong swart man is agter haar met haar koffer op sy skouer. Die vuil modderwater is nog aan die styg en die rivier stoot al hoe hoër op teen die walle soos ’n ongedierte wat wil uitklim uit die bedding en aan land wil kom. Die vuil kabbelinge lek aan die stutkabels van die hangbrug en onder hulle voete maal en dreun die stompe wat saamgesleur word. Weer begin die reent swaar neersak, dit stroom oor haar gesig, sy kan skaars voor haar sien. Die kabels is glibberig, die sporte onder hulle voete is onstewig, sy loop voetjie vir voetjie vorentoe, sy hoor reg agter haar die aamborstige asem van die man met haar koffer op sy skouer, hy slinger en steier om sy balans te hou, maar sy self voel net ekstase …. Sy wil juig: Ek het iets bygeleer – ’n hangbrug is net angswekkend as jy nie daaroor gaan nie, sodra jy daarop is, verloor jy die angs. Sodra jy daarop is, is die heen-en-weer swaai, die nat sporte, die glibberige kabel suiwer opwinding. Maar haar koel rede sê vir haar: Nog steeds die “show-off”, kon jy maar die swart hangbrug van die gemoed so maklik oorbrug, dán het jy iets bygeleer (Joubert 2005: 302-303).

Volgens die kompleksiteit-sisteemteorie het hierdie inligting veral betekenis wat verband hou met die bespreking van kennis as biologiese verskynsel. (Sien paragraaf 2.2.2 onder c.) Wat dus hier van belang is, is dat die leser bewus word van die waarnemingsvermoë, die vermoë tot verbaliseer van gevoelens, maar ook die reikwydte van die gevoelens wat vir hierdie outeur biologies beskikbaar is.

4.4.1 Narratief

Die subtitel van Elsa Joubert se outobiografie is *Jeugherinneringe*. Dit is ’n veelseggende toevoeging tot die titel en getuig van die vakmanskap van ’n outeur wat weet hoe om al die

gegewe effektief saam te voeg in ’n treffende eenheid. Die titel van die boek, wat ’n frase uit ’n aantekening van haar pa is, verwys na die groeikrag van die jeug. Wanneer die outeur haar outobiografie skryf, kan sy vanuit die ouderdom terugkyk en dan sou die leser met haar kan saamstem dat daar inderdaad ’n krag teenwoordig was in die jonger Elsa Joubert, van wie sy in die derdepersoon vertel, wat ooreenkom met die “wonderlike geweld” waarvan haar pa gepraat het. Die jeugherinneringe word afgesluit op die oomblik wanneer sy as vyf-en-twintigjarige op die dek van ’n skip op die vooraand van ’n reis deur Afrika staan. Die belangrikste aspek van haar ontwikkeling was dat sy, soos haar broer, uit ’n gekoesterde bestaan wou wegbreek en wou ontdek wie sy regtig is. Hierdie oomblik van vertrek simboliseer die oomblik waarvan haar pa gepraat het, wanneer die jong plant deur die grond breek.

By oorweging van hoe en met hoeveel detail sy die verhaal vertel, tree twee perspektiewe sterk op die voorgrond. Beskouings hieroor bied nie die absolute waarheid nie, tog is dit insiggewend om vir ’n oomblik vergelykend daarby stil te staan omdat dit enersyds op die organisasie van die teks deur die outeur dui, maar andersyds op die aard, en miskien die dilemma, van outobiografie as konstruksie dui.

Eerstens bewonder die leser Elsa Joubert se vermoë om soveel detail te herroep of te rekonstrueer, en nooit word haar eerlikheid betwyfel nie – juis die teendeel. Hoewel die meeste mense oor die algemeen sommige gebeure en emosies uit die verlede in verband met ’n spesifieke oomblik en plek in die verlede bring, is die omvang van en reëlmaat waarmee Elsa Joubert selfs gewone gedagtes en dialoog aanhaal, merkwaardig: so ’n voorbeeld, een van vele, is die gesprek rondom die koms van Colliard se meisie. ’n Duisternis gemeenplase word hier as direkte dialoog aangehaal (Joubert 2005: 30-32). ’n Ander geleentheid is waar Elsa se ma vir Margot, die niggie wat romantiese verhale in die *Outspan* lees, die besonderhede van die ontmoeting tussen haar en Elsa se vader vertel: “‘Was it love at first sight, auntie Elsabé?’ vra haar niggie Margot” (Joubert 2005: 40). ’n Hele dialoog en verduideliking volg daarop.

Die tweede perspektief word egter in konteks geplaas deur ’n bespreking van Milan Kundera oor die kortverhaal “Hills like white elephants” van Ernest Hemingway. Alhoewel hy hier hoofsaaklik die aard van die kortverhaal en roman bespreek, is twee aspekte wat hy noem duidelik ook van belang by die lees van ’n outobiografie in die algemeen en by die lees van *’n Wonderlike geweld* in die besonder. Hy vra: “What is conversation in real life, in the concreteness of the present moment? We don’t know. All we know is that conversations on the stage, in a novel, or even on the radio are not like a real conversation” (Kundera 1993: 135). Verder sê Kundera dat slegs die abstrakte inhoud van enige gesprek vir mens behoue bly; die belangrikste, kosbaarste situasies gaan verlore. As mens gelukkig is, kan jy een of twee besonderhede herroep, maar die akoestovisuele detail gaan volgens hom altyd verlore. ’n Mens verloor onmiddellik die konkreetheid van die hede en aanvaar dit sonder om daaroor na te dink. Volgens hom is ons herinnering aan selfs ons mees traumatiese ervarings maar skematies en abstrak. “The present moment is unlike the memory of it. Remembering is not the negative of forgetting. Remembering is a form of forgetting .... The present – the concreteness of the present – as a phenomenon to consider, as a structure, is for us an unknown planet; so we can neither hold on to it in our memory nor reconstruct it through imagination. We die without knowing what we have lived” (Kundera 1993: 128-129).

Die vraag wat by die leser opkom is dan die volgende: hoe moet die beskrywing van gebeure, en veral al die direkte, aangehaalde dialoog in Elsa Joubert se outobiografie gelees word? Vir hierdie leser wil dit lyk asof sy met die hulp van die jong Elsa se dagboek, soos wat mens met ’n fotoalbum doen, haarself kon verplaas na gebeure in die verlede, maar dat die leser sekerlik ook van ’n ervare skryfster se vermoë tot konstruksie en rekonstruksie moet kennis neem.

4.4.2 Idealisme

In *’n Wonderlike geweld* leer die leser ’n dogtertjie ken wat emosioneel en vurig van geaardheid is en hoe langer hoe meer hartstogtelik by haar ideale en gedagtewêreld betrokke raak. Op skool word sy ’n Voortrekker en beleef vanuit hierdie perspektief die

1938-Ossewatrek. Dít nadat sy kort tevore saam met haar ouers by die Vrouemonument was waarna sy in haar dagboek geskryf het:

> *Op pad huis-toe besluit ek om alles op te gee en vir skryfster te gaan leer en Suid-Afrika wakker te skud deur my boeke. Ek voel doelgeroepe daarvoor en deur die skryfery en deur die manier van die gevoel opsweef, wie weet wat kan nog daaruit spruit?* (Joubert 2005: 117).

As Voortrekker neem sy aan die feesvieringe deel; sy raak heeltemal begeester as sy saam met die ander langs die wa hardloop. "Die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of gewin het, klink dit deur haar kop, sy word verward, dit is die eed van Jong Suid-Afrika, dit is die eed …" (Joubert 2005: 118).

Haar verbeeldingryke idealisme vervul haar hele wese, en al die gebeure in haar dag werk die een op die ander in. Sy neem vioolles by die sieklike Herr Metzler en voel haar tuis tussen sy musiekstudente. Onder invloed van die CSV-kamp waar sy boodskappe kry soos dié van mej. Munchmeyer wat sê: "Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie" (Joubert 2005: 185), voel sy geroepe om die ateïstiese, Duitse Ludwig wat saam met haar by Herr Metzler vioollesse neem tot Christus te bekeer. Hierdie opdrag aan haarself hou haar weke lank besig en veroorsaak by haar enorme spanning, maar nooit kry sy dit reg om met Ludwig oor sy siel te praat nie. Sy volhard in haar geloof, wat baie lyk op 'n ruiltransaksie wat sy meermale met God probeer aangaan. As sy bid, kry "die Here 'n lang lys opdragte van haar: dat H. haar op straat moet groet en haar maat moet wees by die kampvuur, dat dr. Leipoldt moet terugskryf, dat haar eisteddfod-opstel 'n prys moet kry, dat sy goed doen in die eksamen, en dat haar snaar nie breek as hulle weer in die kerk speel nie, en, die heel belangrikste, dat Herr Metzler heeltemal gesond moet word. Hulle sê die Here is oneindig. Nou kan sy oneindig vra" (Joubert 2005: 130). Maar ander kere is sy weer bereid om Hugo se aandag in te ruil vir iets anders, of Herr Metzler se gesondheid vir dié van Deon te verruil.

Nasionalistiese strewe, kulturele en politieke doelwitte, godsdienstige maatstawwe en verpligtinge en gewoon die verwarrende indrukke en behoeftes van 'n jong meisie sorg daarvoor dat sy deurentyd hoogs gespanne deur die dae beweeg, dikwels met die gevoel van intense verwarring. Op 23 Mei 1939 skryf sy in haar dagboek:

> *Voel baie ongelukkig. Mej. Dreyer sê: "Hier sit vandag van julle wat worstel met lewensprobleme." Weet sy hoe reg sy is? Wat sal gebeur as ek voor die skool en die CSV opstaan en sê ek glo nie meer aan 'n God nie? Want hoe weet ek daar is 'n God? Daar is net 'n spotterny met my aan die gang. Eers dink ek ek het die Heilige Gees, dan hierdie vreeslike ongelukkigheid en twyfel. Ek probeer vir Ludwig bid en vir Herr Metzler bid en hy word sieker en Ludwig sinieser. Ons gaan die aand na Mej. O. se afskeid vir ons V.span in haar woonstel. Sy speel vir ons plate van die hele Faust Opera. En gee ons boekies om die woorde in Engels te volg. Toe ek opkyk na die venster skyn daar 'n lig deur die bome in die donkerte in die vorm van 'n kruis. En ek kry teen my sin weer die gevoel van bewaar te word, ten spyte van alles. Dis asof God my wegstoot en dan nadertrek, stoot en trek, dis wreed. Pa kom haal ons tienuur, ons neem die ander huis toe (*Joubert 2005: 183).

So leer die leser dus die jong Elsa Joubert ken deur die outeur se openhartige onthulling van 'n oorspanne, hoogs beïnvloedbare, soms byna histeriese meisiesgemoed. So iets word gewoonlik in konvensionele outobiografie verhul of verswyg en bied in hierdie geval besondere insig in die geestelike ontwikkeling van die skryfster, maar maak haar hierdeur uiters kwesbaar vir kwetsende kommentaar van lesers wat nie die dapperheid van hierdie bekentenisse herken nie.

4.4.3 Taalgebruik

Die rykdom van beskrywings, die detail wat herroep word en 'n openheid ten opsigte van die outeur se bereidwilligheid om haar persoonlike emosies met die leser te deel, is merkwaardig. Ten spyte van die standpunt van Kundera wat hierbo genoem word, of juis dalk as gevolg van 'n stelling soos "... and still worse: that the imagination is unable to help our memory along and reconstruct what has been forgotten" (Kundera 1993: 129), staan die leser verstom oor die detail waarmee hierdie verlede herroep word. Wat veral in die vertelproses opmerklik is, is hoe die taalgebruik van die jong Elsa verband hou met die vurige geaardheid waarvan haar ma sê dat sy "té té" is. Haar emosies word in die vertelling duidelik verwoord: sy haat, of sy het lief, of is die liefste van alles of almal vir iets of iemand. Uittreksels uit haar dagboek maak dit veral duidelik – hierin word baie dikwels in die oortreffende trap gepraat, of daar is drie uitroeptekens op 'n ry met uitroepe soos "*Grote Verkiesingdag!!!*" (Joubert 1995: 112). Dikwels is die emosies wat sy verwag om te ervaar oorweldigend, net om deur die werklikheid teleurgestel te word:

> *Sondag 10 September*
> *Het Nagmaal gebruik vandag. Ek het gedink ek sal swymel, maar niks eintlik gebeur nie (*Joubert 2005: 213).

'n Ander opvallende gebruik is die emosioneel-belaaide woorde wat by herhaling gebruik word. Die treffendste voorbeeld hiervan is die gebruik van die woord "heartless". Haar moeder se droefheid oor haar sussie se dood het veroorsaak dat sy maklik die kinders van harteloosheid verwyt het. Elsa het gou bewus geword van die moontlikheid dat haar optrede as harteloos gesien kon word, en dit het dikwels haar spontaneïteit aan bande gelê:

> Die Kersfees 'n jaar ná haar sussie se dood het sy van haar pa en ma 'n polshorlosietjie gekry, sy het dit aangesit en aangehou, en toe hulle begraafplaas toe gaan, het sy dit opgeskuif onder haar mou. Net by die kraan kon sy haar mou wegskuif en na die gesiggie en handjies kyk. Dit het tien sjielings gekos. Sy was opgewonde oor die horlosie, maar kon dit nie wys nie, dit sou harteloos gewees het, *heartless* was 'n woord wat haar ma baie gebruik het (Joubert 2005: 23).

Later toe Spikhals siek word en doodgaan, en sy eintlik dankbaar was dat die hondjie wat so gely het, dood is, is sy weer van harteloosheid verwyt. Wanneer sy dus 'n saak op 'n bepaalde manier ingesien het, kon sy nie bloot ter wille van die sentiment met oppervlakkige emosie reageer nie.

Verder word dit uit die teks duidelik dat die taallandskap van haar jeug vir 'n groot gedeelte ook Engels was. Ouma Murray was hoofsaaklik Engels, en dikwels is die gesprekke tussen die Viljee-kinders in Engels gevoer. Hierdie omstandighede in die familie en die gesin was enersyds verrykend in haar jong lewe, maar het andersyds 'n kompleksiteit ingehou omdat dit nooit eenvoudig was om met 'n enkele groep te identifiseer nie. Aan die een kant was daar die inligting wat sy uit vele oorde oor die Anglo-Boereoorlog gekry het, gekombineer met die lesse uit Afrikanernasionalisme, terwyl daar aan die ander kant dikwels Engels in haar familie en gesin se gesprekke gebruik is en die Engelse kultuur dus 'n aansienlike rol moes speel.

Maar veral opvallend is hoe haar stem deur die jare getemper word. Dit beteken nie dat die passie waarmee sy haar pad gesoek het, verdwyn het nie, want haar passie en entoesiasme bly opmerklik. Tog dui die keuse van woorde later daarop dat sy met verloop

van tyd ervaring opgedoen het en dat sy baie van haar aanvanklike idees en standpunte met tyd moes herevalueer − dat sy met die nuwe kennis dikwels tot ander insigte moes kom. In hierdie verband dink ek aan haar vereenselwiging met Afrikanernasionalisme en -politiek, haar houding teenoor God en godsdiens, die standpunte wat sy tydens die eerste jare van die oorlog gehuldig het en hoe sy later, met nuwe kennis en insig, hierdie standpunte bevraagteken en herformuleer. 'n Meer volledige bespreking van sommige aspekte soos godsdiens en nasionalisme volg hierna, maar vir die oomblik is dit van belang om aan te dui dat, ook in terme van die kompleksiteit-sisteemteorie gesien, hierdie ontwikkeling in haar persoonlikheid 'n rekursiewe gedragspatroon aandui. Hiermee word bedoel dat sy stellings en standpunte bevraagteken en voortdurend na nuwe inligting soek, sodat sy aanpassings in haar denkwyse en praktiese lewensgang kan maak en dus 'n goeie voorbeeld van iemand is wat bereid is om voortdurend oop te bly vir nuwe inligting en só daarin slaag om konseptuele verskuiwings ten opsigte van voorheen aanvaarde waardes te maak.

In hierdie verband moet ook nog genoem word dat die outeur deur die weergee van hierdie ontwikkeling in die taalgebruik van die jong Elsa Joubert daarin slaag om die gegewe oortuigend en geloofwaardig oor te dra. Die vraag bestaan of sy dit bewustelik gedoen het, maar of dit nou die geval is of nie, 'n evaluasie dui daarop dat sy daarin slaag om 'n besonder geloofwaardige portret van die ontwikkelende skryfster daar te stel.

4.4.4 Idealisme: kultuur, godsdiens, politiek

Die leser leer 'n Elsa Joubert ken wat op 'n baie jong ouderdom reeds bewus is van die swaarwigtigheid van die geskiedenis en tradisie wat haar erfenis is. Soos wat sy ouer word, is dit duidelik dat sy intens betrokke raak by byna alles wat sy doen. Kleintyd het haar oupa vir haar oorlogstories vertel, en dit is hierdie stories wat sy onthou het as sy in die begraafplaas vir Lammie de Villiers, die Paarlse rebel wat by Spioenkop deur die Engelse gedood is, onthou (Joubert 2005: 21). Haar pa vertel haar van die GRA se drukpers en leer haar oor patriotisme (Joubert 2005: 54). Op skool word sy 'n Voortrekker en is ten nouste by die Eeufeesviering van die Groot Trek betrokke.

> Die Voortrekkers is nie meer net die naaste wat sy kom aan haar oupa se oorlogstories nie, maar ook die naaste wat sy kom aan die Siegfried van Herr Metzler. Sy is trots op haar spanleierkoord en -fluit en helderoranje nekdoek met die groen wingerdblaar wat sy op die punt vasgewerk het met knoopsgatsteek en swart leergordel met ’n kampmes aan een silwerlus en ’n netjiese gerolde tou aan die ander lus. Op haar mou werk sy met fyn knoopsgatsteek kentekens vas van die toetse wat sy geslaag het. Wanneer hulle terugkom van vergaderings of kampvure op Wellington of Stellenbosch, ry hulle die Paarl binne, staande in die lorrie, op saluut en hulle sing “Die Stem van Suid-Afrika” (Joubert 2005: 110).

As deel hiervan is daar ook nog die stryd om die handhawing van Afrikaans. “Almal voel baie sterk vir Afrikaans. Almal handhaaf .... Deon hou dit baie teen haar ma as sy met hom Engels voor sy maats praat” (Joubert 2005: 111). Hierdie gebeure speel af in ’n tyd van heftige stryd in die Afrikaner-politiek en internasionale ontwikkeling op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog. Haar pa is ’n Nat en ’n Malan-man – en politiek word daagliks in hulle huis bespreek. Dis ’n tyd van oorweldigende indrukke, teenstrydighede en konflik. ’n Goeie voorbeeld van die ingewikkeldheid van situasies en haar intense belewing daarvan sien die leser in die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument. Hierdie twis en onenigheid binne die regering noop haar om “as Voortrekker-verkenner en -spanleier ’n telegram vir oom Bokkie in Pretoria [te stuur]: *Wag op u bevel om van Eeufeesviering terug te trek en by Bloedrivier te gaan vier. Rede Kabinetsbesluit. Van: verontwaardigde Jong Suid-Afrika”* (Joubert 2005: 121).

Herr Metzler is haar vioolonderwyser, en Ludwig, die Duitse seun, is haar vriend wat sy na Christus wil lei. As CSV-lid word hoë morele eise aan die jong meisie gestel, en al hierdie indrukke en gebeure kombineer op sig weer om die agtergrond te vorm waarteen die verhaal van ’n jong meisie se seksuele ontwaking afspeel. Tussen alles deur is sy bewus van die aandag van die seuns om haar. Soms is sy tot op vier seuns gelyk verlief. Haar inskrywing in haar dagboek vir Saterdag 21 Mei 1938 lui:

> *Pappa neem my na herr Metzler vir ’n laaste les voor vanaand omdat ek met Johanna ’n duet by die Gim debatsvereniging moet speel. Hy gee my lekkertjies om te suig vir my hoes en gesels met my want sy ander leerling is laat, wag vir Pappa om my te kom haal. Sy musiekkamertjie is vir my die dierbaarste plek in die wêreld, en hy kyk my met sagte oë aan. Dit gaan taamlik goed met die speel by Gim en die seuns klap baie. Pappa neem ons en kom ons weer haal, oor my bors* (Joubert 2005: 113-114).

In 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit, en in 1940 is sy ’n student op Maties. “In die Paarl is sy baie meer bewus van die oorlog as in Stellenbosch .... Hulle is die room van die Afrikanerdom. Die goue kinders van die vroeë veertigerjare” (Joubert 2005: 239). Nou hoort sy by die Ossewa Brandwag wat die plek van die Voortrekkers inneem, en haar Voortrekkeruniform verruil sy vir ’n wit rok:

> *30 Augustus 1940*
> *... Dis ’n wonderlike gesig, al die meisies in wit, die mans in wit broeke en wit hemde, seker meer as ‘n duisend studente is aan die marsjeer en ’n offisier met ’n megafoon skree bevele uit .... Ons word ingesweer op die Bybel, dis nogal plegtig. Prof E.C. Pienaar is die hoofkommandant. Toe gaan staan Minister Ben Schoeman op die pawiljoen voor die mikrofoon, steek sy gebalde vuis in die lug en skree: “Ons eis!” En toe daar uit meer as 1 000 kele, ook met gebalde vuiste in die lug, die woord “Vryheid!” geskree word, toe kry ek darem ’n rilling by my ruggraat af (Joubert 2005: 241-242).*

Teen 1945 is sy reeds ’n verslaggewer by *Die Huisgenoot*. Oor ’n middaguur gaan sy in ’n rolprentteater kyk na films wat deur Amerikaners in Duitsland geneem is, en so word sy ingelig omtrent die werklikheid van die uitwissingskampe: Belsen, Auschwitz, Dachau en ander. Hierdie ervaring konfronteer haar op meer as een manier met skandvlekke in haar lewe – nie net met die politiek en die pro-Duitse houding van die verlede nie, maar ook met haar eie gedrag toe sy saam met ander op ’n eerstejaar toegesak het, dalk omdat die eerstejaar “armblankerig” voorgekom het en nie gehoort het “by hierdie room-van-die-volk” nie (Joubert 2005: 359). Hierdie eerlike insigte bring haar uiteindelik by ’n diep selfondersoek as sy wonder vanwaar die boosheid in haarself gekom het, maar in die breë ook by die vraag: “As ons ons so kon vergis oor die Duitsers, hoe kan ons in die toekoms op ons eie oordeel vertrou? Ons eie lewens wankel” (Joubert 2005: 359).

4.4.5 Samevatting

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die invloede uit die natuurlike omgewing, maar veral die invloede van haar interaksie met die mense om haar, ’n groot indruk op die uiters sensitiewe aard van die jong Elsa Joubert gemaak het. Dieselfde rykdom van familiegeskiedenis, godsdienstige geborgenheid en volkstradisie en -geskiedenis wat haar toegerus het met ’n verwysingsraamwerk wat wyer was as wat die meeste kinders tot hulle beskikking gehad het, het dikwels ook haar besonder sensitiewe senuweestelsel belas en

enorme spanning by die ontwikkelende jong meisie veroorsaak. Soos wat sy ontwikkel het en emosioneel by sekere groepe betrokke geraak het, is haar vermoë tot intensiteit van belewenis die eienskap wat bo alle ander uitstaan. Enersyds hoort sy graag by die groep, soms met die dra van ’n uniform daarby (so is sy lid van die musiekgroepie van Herr Metzler, en sy hoort by die Christene, Voortrekkers, Nasionale Party, Ossewabrandwag, en Afrikaners). Aan die ander kant gebruik sy die ervaring wat sy opdoen soos wat gebeure ontvou, om voortdurend haar eie standpunte en beginsels te bevraagteken en te herevalueer. Dit is ’n stadige proses, maar as die leser in ag neem hoe moeilik dit vir ’n jong mens is wat as een van die “room van die Afrikanerdom” gesien is, om die oorsprong van daardie voordeel te bevraagteken en selfs daaraan te wil ontsnap, dan word dit duidelik dat wat aanvanklik as ’n selfgenoegsame situasie geskets word, slegs die wegspringplek vir ’n merkwaardige lewensverloop was. Dit is juis hierdie ontsnapping aan die gekoesterde bestaan wat die verhaal merkwaardig maak. Paradoksaal is dit ook so dat juis hierdie bevoorregte posisie in die destydse samelewing dit vir haar moontlik gemaak het om aan die gewone bestaan te ontsnap: boeke en skrywerskap was nie vir haar vreemd nie; sy is omring deur boeke in haar jeug; haar vader en moeder het leesboekies geskryf; haar neef Gideon en ’n oom het ook aspirasies gehad om te skryf; haar pa het self ’n ongepubliseerde roman geskryf. Haar eie aspirasies om skryfster te word was dus nie ongewoon nie. ’n Verdere besliste voorsprong is die voorreg wat sy gehad het om universiteit toe te gaan en weer eens was dit binne die familiegegewe niks buitengewoons nie, want sewe van die tien De Villiers-kinders was op Stellenbosch, en hierdie agtergrond het dit vir haar maklik gemaak om dieselfde weg te volg. Ook die gedagte aan reis was nie in haar omgewing vreemd nie. Haar ouers was meermale met die posboot na Europa, haar ouma en oupa was op dieselfde manier oorsee, en selfs Afrika was nie totaal onbekende terrein nie, want haar Greatuncle William Murray was in Njassaland waar hy in ’n dramat vervoer is (Joubert 2005: 385).

Laastens was daar ook nog die kwessie van geld; geld sou haar bemagtig om haar eie keuses te maak, en sy was bewus daarvan (Joubert 2005: 281). Toe sy uiteindelik sover kom om haar reis deur Afrika te onderneem, was dit met die woorde van haar pa as vangnet onder haar:

> Sy het reistjeks van een honderd pond. Haar pa kom in stad toe om haar na die Standard Bank te neem en sy neem ’n kredietbrief vir nog een honderd pond uit. Enige verwante bank waar ook al in die wêreld sal haar die geld daarop laat trek. Hy sê vir haar in die reuse-hal van die bank, waar die kassiere oor hulle onsigbare papiere buk en die lug donker en koel is en die atmosfeer dié is van vertrek: “Van enige plek op die aardbol kan jy vir my laat weet en ek sal jou die geld vir jou passaat huis toe stuur” (Joubert 2005: 392).

Gelees binne die raamwerk van die kompleksiteit-sisteemteorie word dit dus duidelik dat niks eenvoudig geëvalueer kan word nie; al die gebeure hou met mekaar verband, en dit word besonder moeilik om ’n absolute uitspraak oor enige negatiewe of positiewe gedragspatrone of invloede uit die omgewing of groep te maak.

4.5 ’n Vergelykende lees

4.5.1 *My beskeie deel*, *Met die Boere in die veld* en *’n Wonderlike geweld*

Deur hierdie drie outobiografieë binne die kompleksiteit-sisteemteorie as vertrekpunt saam te lees, kry die leser die geleentheid om etlike interessante waarnemings te maak, waarvan enkeles uitstaan. Eerstens is dit opsigtelik dat die aard van die tekste definitief beïnvloed word ten opsigte van taalvaardigheid en die geïmpliseerde betekenis daaragter waar dit die outobiografie van ’n ervare skryfster soos M.E.R. of Elsa Joubert is. Dit stel die leser in staat om vrae te vra oor onderliggende betekenis en motivering wat te vinde mag wees agter ’n bepaalde struktuur of woordgebruik of sinspeling in die teks (soos wat M.E.R. die gebeure rondom haar egskeiding saaklik en puntsgewys aanstip, en Elsa Joubert se laaste sin: “Sy staar na die swart onrustige water wat deur die kiel deurboor word, sy hoor die geluidlose dinge wat in die diep donker water roer”). By ’n skryfster soos Sarah Raal is dit duidelik dat alhoewel geïmpliseerde betekenis bygehaal kan word, daar ’n groter mate van naïwiteit by die outeur te bespeur is en dat wat dit betref, sy die leser ’n eenvoudiger, maar ook enkelvoudiger verhaal vertel.

Elsa Joubert en Sarah Raal se outobiografieë is beide “jeugherinneringe”, terwyl dié van M.E.R. haar hele lewensverhaal, byna tot aan haar dood, vertel. Interessant is dat waar mens die indruk het dat Sarah Raal aan die einde van die teks na ’n soort bekende bestaan

terugkeer, om sover moontlik weer die drade op te tel en terug te keer na die bekende konvensionele bestaan van die verlede, eindig die jeugherinneringe van Elsa Joubert waar sy gereed maak om met die posboot na Afrika te vertrek. Dit is een van die oortuigendste aanduidings van die groter lewensplan wat sy vir haarself as kunstenaar in die vooruitsig gestel het. M.E.R., toe lank reeds ’n erkende outeur, maak duidelik ook gereed vir vertrek, maar in haar geval was sy in afwagting op die dood; die laaste hoofstuk van haar outobiografie het sy in haar negentigste jaar geskryf.

’n Vergelyking van die drie outeurs se persoonlike agtergrond dui daarop dat al drie op een of ander manier bevoorreg was. Al drie vroue was baie intelligent. Ten spyte van armoede is M.E.R. die geleentheid gegee om te gaan studeer. Hierdie studie het haar bemagtig, sodat sy later in haar lewe met kennis toegerus was, wat haar in moeilike omstandighede help oorleef het. Sarah Raal se buitengewone eienskap, en dus ook ’n soort voorreg, was haar vurige geaardheid en haar wil tot vryheid. Omdat sy in gegoede omstandighede grootgeword het, was die posisie van onderdanige waarskynlik nie vir haar ’n gemaklike een nie en het sy haar meer as die gewone burger teen oorheersing deur die Engelse verset. Hierteenoor het Elsa Joubert juis haar gekoesterde bestaan as beklemmend beleef, maar was dit ook die voorregte wat sy geniet het as een van die “goue kinders” uit haar tyd wat haar in die praktyk in staat gestel het om die moontlikhede van ’n ander vryheid en ’n groter wêreld te verken. Sy is self bewus van hierdie bevoorregte posisie en bevraagteken op ’n keer ook die opregtheid en nut van haar eie pogings om finansieel onafhanklik te wees:

> Soos sy is ook hy [Klaas] vasberade om self deel van sy studiegeld te betaal, en hy ken van spaar. Om in kwasi-armoede te leef, besef sy, is ook ’n verbeelde, gemaakte ding, of is dit deel van die onafhanklik-van-pa-wees-mystique? Of voel hulle hulle moet iets “opoffer” om hulle eie, selfopgelegde, byna esoteriese ideaal te bereik? (Joubert 2005: 314).

Dit is egter veral haar sensitiewe geaardheid en die wil om so diep moontlik na wat sy as die suiwer aard van haar eie wese sien, te keer wat haar lewensverloop so besonder maak. Toe haar pa op ’n keer haar planne wou temper en ’n oorsese reis saam met ’n maat as alternatief voorstel, sê sy:

> Ek moet alleen gaan, ek doen my hele lewe lank dinge wat vir my voorgeskryf is, alles was maklik, skool, universiteit, my werk, ek is nog nooit net as myself op die proef

> gestel nie, die draadjies wat my ophou soos ’n marionet s’n wil ek knip, ek wil kyk wat ek eintlik regtig is. Ek moet weet wie ek regtig is (Joubert 2005: 388).

Waar die verskillende tekste dit wil laat voorkom asof M.E.R. en Sarah Raal op ’n gegewe stadium onafhanklik hulle eie koers ingeslaan het, maar later weer aanpassings moes maak om by die konvensionele sosiale orde in te skakel, is die leser minder bewus van Elsa Joubert se poging om weer by ’n konvensionele sosiale orde te wil inskakel. Met haar skrywerskap het sy wegbeweeg van die beperkinge wat haar ma se strewe na “keeping up appearances” ingehou het, en alhoewel sy dikwels konflik moes hanteer om haar eie wil te laat geld, kry die leser nie die indruk dat sy ’n rebel was nie. In die era toe sy grootgeword het, was die moontlikhede vir vroue ook al heelwat groter as in die dae van M.E.R. en Sarah Raal se jeug. Hierdie behoefte om aanvaarding speel dus by haar ’n minder duidelike rol. Haar latere verhouding met haar man, Klaas Steytler, was volgens haar vir haar anker genoeg.

Hierdie drie vroue se verhale vorm uiteindelik verskillende perspektiewe op ’n enkele kroniek van Afrikanerskap wat oor ongeveer vyftig jaar strek: dit is die persoonlike verhale van drie intelligente en sterk vroue binne die milieu van die Afrikanervolk en die Afrikanergeskiedenis. Ter illustrasie kan die skakeling van gebeure in die breë as volg opgesom word: Die Anglo-Boereoorlog waarin Sarah Raal saam met die Boere op veld was, het ook M.E.R. se lewe as Kapenaar onherroeplik verander. Een van die grootste take in M.E.R. se lewe was haar betrokkenheid by die Carnegie Kommissie van Ondersoek na die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika. Die armblankevraagstuk het sy ontstaan na die oorlog gehad en is vererger deur die droogte en die depressie van die dertigerjare. Intussen is die Unie van Suid-Afrika uitgeroep, en die stryd om erkenning vir Afrikaans, hernieude bewuswording van Afrikanerskap, en politieke uitbuiting van Afrikanernasionalisme ten tye van die Eeufeesvieringe van die Groot Trek, asook die invloed van internasionale gebeure van veral die dreigende Tweede Wêreldoorlog, was die aktuele sake van die dag. In hierdie omgewing is Elsa Joubert gebore in die gekoesterde, welvarende omgewing van die Paarl. Haar sensitiewe geaardheid het haar vir talle indrukke vatbaar gemaak wat haar op ’n pad na selfondersoek, maar ook ’n pad na eerlike ondersoek van die eie tradisionele omgewing gedwing het. Hiervoor moes sy iets anders

leer ken om dit mee te kon vergelyk, en hierdie ander "iets" het sy in haar kennismaking met die ongereptheid van die oerwoud in Natal herken. Daarna sou sy die Boland, wat vir haar so beklemmend geword het, kon vergelyk met Afrika:

> Dis hiernatoe wat ek wil gaan. Waar daar nie name oor die aarde geskryf is nie, nie dorpe of stede gebou is nie, of as daar stede is, dit baie oud is, vergaan het in die sand en tussen berge.
> Ek gaan met die ooskus op, ook met 'n vragboot, en dan, dan gaan ek landin, eers hier na die mere wat soos groot juwele tussen die oerbos lê, dan noord .... Ek het eenmaal die oerwoud gesien en kan dit nie vergeet nie. Dis seker maar dit, miskien is daar ander redes ook, ek weet nie (Joubert 2005: 384-385).

Die gebeure wat aanleiding tot hierdie keuse van die jong Elsa Joubert gegee het en die kennis by die leser van haar latere werk, verhale soos *Die swerfjare van Poppie Nongena,* asook van Suid-Afrika se geskiedenis van 1948 tot op hede maak dit vir die leser van *'n Wonderlike geweld* moontlik om die omvang en betekenis van hierdie jeugherinnering na waarde te skat. Dit is die outobiografie van 'n sterk vrou wat deur die opteken van haar jeugherinneringe ook vir 'n groot gedeelte 'n perspektief op die geskiedenis van haar land en haar mense sou opteken.

4.5.2 Lesersreaksies

Interessante gevolgtrekkings kan uit 'n vergelyking van verskillende lesers se reaksies op *'n Wonderlike geweld* gemaak word. Drie resensies wat oor die werk geskryf is, word langs mekaar geplaas en ondersoek. Dit vorm 'n meta-observasie waar die waarnemings van die drie resensente as sisteem vir selektiewe aandag dien. Die drie resensente is André P. Brink (Afrikaanse skrywer van internasionale faam), Desmond Painter ('n lektor in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch) en Henriette Roos (professor in Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika).

Chronologies gesien, verskyn André P. Brink se resensie eerste, naamlik op 4 Desember 2005 in *Rapport*. Hierin beweer hy dat outobiografie "nie vir sissies is nie" en dat die outobiografie "meestal 'n lastige stuk hubris vra om jou eie verhaal so te vertel dat dit ander mense ook aangryp en nie maar net verval in 'n hinderlike ekkerigheid nie" (Brink 2005: 4). Hy gaan dan voort om Elsa Joubert te beskuldig van 'n "knaende beheptheid met die klein

daaglikse doenigheidjies" en gebruik meerdere verkleinwoordjies om sy negatiewe oordeel duidelik te maak. Hy vergelyk Elsa Joubert se manier van skryf met dié van J.M. Coetzee en vind dat laasgenoemde oor die vermoë beskik om persoonlike ervaring te "puur en distilleer". Verder verwyt hy Joubert (tussen hakies) vir die "ellelange passasies aangehaal uit 'n skoolkind se dagboek" (Brink 2005: 4). Hy beoordeel die memoires as grensloos vervelig.

Die tweede resensent is Desmond Painter. Sy resensie verskyn op 14 Februarie 2006 op Litnet onder die opskrif "Die tekstuur van die alledaagse: 'n resensie van Elsa Joubert se *'n Wonderlike geweld*". Vir sy resensie het hy die oorspronklike Joubert-teks, maar ook die Brink-resensie tot sy beskikking, wat hom in staat stel om sy eie standpunte op te weeg en te beredeneer teenoor die meestal teenstellende standpunte van André P. Brink. So meen Painter: "Soos Coetzee se tweeluik oortuig Joubert se boek eweseer as 'n roman, maar as 'n blik op 'n stuk kultuurgeskiedenis is Joubert dalk selfs meer oortuigend as Coetzee". Hy sê verder: "Wat Joubert regkry, is om 'n geskiedenis wat 'n mens van buite ken, meermale al opgeteken in boeke soos Hermann Giliomee se *Die Afrikaners* en etlike van JC Kannemeyer se skrywersbiografieë, van binne te belig. En dit doen sy uitstekend." "Eerder as dat haar verhaal nie 'universeel genoeg' is nie, bied dit die leser 'n insig in hoe een lewe, en haar unieke ervarings van grootword, gesinslewe, seksuele ontwaking, en dies meer, vervleg is met die veruniverselende, betekenisgewende narratiewe van 'n bepaalde tyd." En Painter sien dit so: dat hierdie sensitiewe en driftige kind die perfekte instrument word om die verskuiwings in die wêreld wat haar verwysingsraamwerk is, te registreer (Painter 2006).

Die derde resensent is Henriette Roos. Haar resensie (sy bespreek die teks ook die breedvoerigste) verskyn in die lente van 2006 in *Tydskrif vir letterkunde.* Die leser sou dus kon aanvaar dat sy toegang tot beide voorafgaande resensies gehad het, alhoewel sy nie direk na enige van die ander twee verwys nie. Tóg noem sy: "Dit is juis omdat hierdie teks so oortuigend die ontwikkeling van 'n postkoloniale perspektief by Joubert blootlê, dat die herhaaldelike kritiek van resensente op wat ervaar word as die kleinburgerlikheid van die vertelling – 'die selfkoesterende vassit in 'n knus wêreldjie' – so opval" (Roos 2006: 242).

Roos slaag daarin om die kerngedagtes uit die teks op ’n samehangende en insiggewende manier saam te vat. Daar is verskeie verwysings na ander letterkundige werke en bronne, maar sy rig haar hoofsaaklik op die teks self. Sy evalueer die teks op twee vlakke. Vir die “nie noodwendig Afrikaanssprekende, nie besonder histories georiënteerde lesers” bied Joubert se outobiografie volgens haar “’n rykdom van ander, eg-menslike fasette” (Roos 2006: 242). Vir die ander lesers, dié wat soos Joubert ’n verwantskap deur Afrikaans het, is dit of daar ’n spieël voorgehou word – “ons wás (en sommige is nog) almal so. In ’n mindere of meerdere mate, vir ’n korter of langer tyd, en bewustelik of onwetend het generasies ‘witmense’, sóós Joubert, grootgeword met ‘die soet, ligte spanning van (...) uitverkorenheid (224)’“ (Roos 2006: 243).

Twee van die drie resensente sien besondere meriete in Elsa Joubert se gedetailleerde vertelling en verhaaltrant. Die verwysingsraamwerk van beide hierdie resensente sentreer om die menslike psige. Deur bloot vanuit hulle professionele lewens elkeen se perspektief te probeer identifiseer, dra al by tot interessante insigte: Painter se agtergrond in die sielkunde is hoogswaarskynlik ’n kernfaktor in sy herkenning van die besonderheid van die persoonlikheid van die jong Elsa Joubert as “die perfekte instrument ... om die verskuiwings in die wêreld wat haar verwysingsraamwerk is, te registreer” (Painter 2006). En Roos se agtergrond in die letterkunde spreek van jarelange ervaring met vele tekste waarin die sensitiewe, kreatiewe psige waarskynlik by herhaling as belangrike onderdeel van enige letterkundige werk erken is. Roos en Painter stem dus saam dat Joubert se teks ’n merkwaardige sukses is in sover dit die sosio-politiese konteks van die Afrikaner in die 1930’s en 1940’s, en selfs daarna, uitbeeld, maar dat dit ook ten opsigte van haar ontwikkelende skrywerskap ’n insiggewende teks is. Roos gaan verder as Painter in haar reaksie op die teks omdat sy die teks nie alleen op ’n breë gesiglose Afrikanergemeenskap betrek nie, maar dat sy in die outobiografie van Elsa Joubert onsself, en dus ook haarself, herken. Sy skryf: “Ek lees in hierdie stories van en oor ’n besondere vrou egter ook die verhaal van ’n veelbewoë en kritieke periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die teks is ’n evokasie van die onlosmaaklike verstrengeling van een lewe, ’n ontwikkelende skrywerskap en ’n hele groeppsige – maar tegelykertyd word dit ook die verhaal van so baie van ons” (Roos 2006: 243).

Een vraag wat opduik is waarom ’n ervare skrywer soos André P. Brink een van diegene kan wees wat “die ironiese stem, die onthulling van die eie swakhede en die selfkritiese perspektief nie raaklees nie” en dus iemand is wat “afsydig staan teenoor dit wat soms lyk op die onsensitiewe, byna arrogante notas van ’n ‘goue kind’” (Roos 2006: 243). Die ondersoekende leser kan dalk ’n antwoord vind deur nader na die teks van Brink se resensie te gaan kyk.

In sy resensie val enkele veelseggende uitsprake op: sy openingsin – dat outobiografie “nie vir sissies is nie”; die sin oor die “lastige stuk hubris” wat die skrywer nodig het om ’n eie verhaal “so te vertel dat dit ander mense ook aangryp en nie maar net verval in ’n hinderlike ekkerigheid nie”; die herhaaldelike gebruik van evaluerende verkleinwoorde; en die oënskynlike minagting vir “ellelange passasies aangehaal uit ’n skoolkind se dagboek” (Brink 2005: 4).

Binne die kompleksiteit-sisteemteorie as raamwerk en die kernkonsep dat die mens in taal leef, en dat hierdie aspek altyd nuttige kennis oor ’n situasie of sisteem aan die lig kan bring, is dit geldig om op Brink se taalgebruik te konsentreer in die resensie waarin hy Joubert se outobiografie so negatief evalueer:

a. “*Die outobiografie is nie vir sissies nie.”*
Op hierdie uitspraak kan die leser tereg vra: Vir wie – vir die skrywer van ’n outobiografie of vir die leser? Sou hy die skrywer in gedagte hê, kan dit beteken dat die skryf van ’n outobiografie nie vir lafhartige mans bedoel is nie. Of kan dit beteken, sou mens verder op die etimologiese spoor gaan, dat vroue nie outobiografieë behoort te skryf nie? (Die woord “sissies” is afgelei van die Engelse woord “sister”.) Beide betekenisse van die woord kan nogal onthullend ten opsigte van die resensent wees – eerstens omdat hy dalk sê dat “lafhartige mans” nie outobiografieë behoort te skryf nie (en hy is self ’n man) of omdat hy dalk sê dat vroue nie outobiografieë behoort te skryf nie – en dan bevestig hy daarmee die neerbuigende chauvinistiese perspektief van die manlike literêre omgewing (Boshoff & Nienaber, *Afrikaanse Etimologie*, 1967 s.v. “sissie”).

b. *"Dit vra meestal 'n lastige stuk hubris om jou eie verhaal so te vertel dat dit ander mense ook aangryp en nie maar net verval in 'n hinderlike ekkerigheid nie."*

Om seker te maak dat ek Brink se woorde reg begryp, het ek my na twee woordeboeke gewend:

> **hu´bris.** Begeesterde aanmatiging, hovaardy, onbeskaamdheid, selfverheffing.
> (Labuschagne & Eksteen 1993)
> **hubris** noun [MASS NOUN] excessive pride or self-confidence.
> (in Greek tragedy) excessive pride towards or defiance of the gods, leading to nemesis
> (*Oxford Pop-up Dictionary* 2000)

Volgens Brink ontbreek dit dus by Joubert aan die onbeskaamdheid, selfverheffing en aanmatiging wat sy sou nodig hê om nie te verval in 'n "ekkerigheid" nie. Dit lyk vir hierdie leser na 'n paradoksale stelling, maar hoe dit ook gelees word, dit beteken blykbaar dat die skrywer vanuit 'n posisie van selfverheffing behoort te skryf, sodat die eie verhaal so vertel kan word dat dit ander kan aangryp. Dit wil dus lyk asof skrywerskap op hierdie manier gesien word as 'n skryf na benede – met die outeur wat met aanmatiging en selfverheffing 'n eie verhaal só vertel dat dit andere boei. Dit het Elsa Joubert inderdaad nie gedoen nie, maar hierdie leser dink dat dit juis in haar bereidwilligheid om haarself kwesbaar te stel, geleë is dat sy die leser se belangstelling en empatie hou. Haar "knaende beheptheid met die klein daaglikse doenigheidjies van die ek" kwalifiseer dus vir Brink as "hinderlike ekkerigheid" in teenstelling met die "lastige stuk hubris" wat volgens hom nodig is vir die vertel van die lewensverhaal. Volgens hierdie leser is Joubert se gebrek aan aanmatiging eerder 'n eerlike, "selfkritiese perspektief", soos wat Henriette Roos (2006: 243) dit noem.

c. *Verkleinwoorde*

Brink se herhaaldelike gebruik van verkleinwoorde het eintlik geen verdere kommentaar nodig nie. Die gesindheid agter hierdie soort taalgebruik is duidelik neerhalend. Al wat nog oorbly om te vra, sou wees: Waarom vind Brink dit nodig om op hierdie manier met Elsa Joubert se outobiografie om te gaan? En weer eens, bevestig dit nie dalk die standpunt dat daar vanuit die chauvinistiese, manlike literêre wêreld, waar mans persoonlike ervaring "puur en distilleer" en ook "interpreteer", die stem van die vrou met haar komplekse psige en haar selfkritiese perspektief nie interessant is nie? Dit strook volledig met wat Gilligan

(sien hoofstuk 3, paragraaf 3.3.2) vertel oor die stem van die vrou en beklemtoon ook die dilemma van ’n skryfster van ’n outobiografie as daar op so ’n onsimpatieke manier in die literêre wêreld met haar teks omgegaan sou word:

> By voice I mean voice. Listen, I will say, thinking that in one sense the answer is simple. And then I will remember how it felt to speak when there was no resonance, how it was when I began writing, how it still is for many people, how it still is for me sometimes. To have a voice is to be human. To have something to say is to be a person. But speaking depends on listening and being heard; it is an intensely relational act (Gilligan 1998: xvi).

d. “*Ellelange passasies aangehaal uit ’n skoolkind se dagboek*”

Die minagtende toon van hierdie stelling maak die leser ook agterdogtig ten opsigte van Brink se visie op tekste, outeurs en lesers in die algemeen. Sou dit wees dat ’n skoolkind se dagboek nie openbarend kan wees nie? Op watter stadium in die mens se lewe word jou gedagtes dan betekenisvol?

Dit wil dus vir hierdie leser voorkom asof Brink vanuit ’n verhewe posisie oordeel oor die teks van ’n vrou wat bereid is om te skryf sonder die beskerming van ’n konvensionele fasade. Die verhouding sluit waarskynlik aan by wat gebeur rondom vrouetekste in die algemeen en die outobiografieë van vroue in die besonder.

4.6 Samevattend

Volgens Gilligan (1998) se bevindinge (sien hoofstuk 3, paragraaf 3.3.2) lê die kern van ’n vrou se wese in haar betrokkenheid by die instandhouding van interpersoonlike verhoudings. Hoe belangrik verhoudings vir Joubert was, spreek duidelik uit *’n Wonderlike geweld*. Dit kontrasteer sterk met die houding wat openbaar word in ’n outobiografiese teks van ’n skrywer soos J.M. Coetzee wat deur Painter (2006) as “kil en afsydig” beskryf word.

Hierdie vergelyking van die drie resensies bied dus ’n sinvolle manier om die bespreking van Elsa Joubert se outobiografie af te rond en die teks in die konteks van die hede terug te plaas – waar die diverse aard van literêre standpunte duidelik aangetoon kan word. Dit dui ook daarop dat hierdie diversiteit weer gekoppel kan word aan die subjektiwiteit

waarmee die leser ’n reaksie op die teks registreer. Maar dat die ander soort stem van die vrou in die literêre wêreld soms minder geag word, is duidelik.

Hoofstuk 5
Verantwoording

In hierdie studie waarin die fokus op die blanke, Afrikaanssprekende vrou as skryfster van ’n outobiografie geplaas is, het ’n aantal verhelderende perspektiewe na vore gekom.

In die eerste hoofstuk is die historiese ontwikkeling van die outobiografie as genre nagespoor. Die komplekse ontwikkelingsproses, soos dit skakel met die ontwikkeling van die Westerse psige en gewaarwording van die Westerling se belewenis van individualiteit, met die Verligting as aantoonbare mylpaal in hierdie proses, is aangetoon.

> Die outobiografie is ’n *Westerse* literêre produk waarin die Self, die individu, sentraal staan en waarin die gekonstrueerde tekstuele vertelstem, in Lejeune (1989: 4) se terme “the story of his personality” aan die leser kommunikeer (Swanepoel 1996: 23).

Met die kompleksiteit-sisteemteorie as raamwerk vir die studie kon egter aangetoon word dat die enkeling altyd binne groepsverband verkeer en funksioneer en dat sy of haar bestaan altyd deur ’n spesifieke konteks bepaal word. Hiermee kan uitsprake oor die depersonalisering en disintegrasie van die Self aan die een kant en herstrukturering en identiteitsopbou deur gebruik te maak van ’n “kommunale ek” aan die ander kant (Swanepoel 1996: 23) met mekaar versoen word omdat die omvattender visie van die kompleksiteit-sisteemteorie en die belang van diverse verhoudings in die menslike bestaan hierdeur verhelder word. Die bewustheid wat dus vir die belang van gehele, patrone, struktuur, organisasie en verhoudings ontwikkel word, kom hier duidelik na vore en bevestig die hipotese in sover dit die bestaan binne groepsverband aan die metafore uit natuurnetwerke koppel.

In hoofstuk twee is die kern van die kompleksiteit-sisteemteorie soos dit binne die geesteswetenskappe geld, uiteengesit, en ’n vooruitskouing op die toepassing daarvan as leesstrategie is gemaak.

In hoofstuk drie is die outobiografieë van M.E.R. en Sarah Raal ondersoek, en sinvolle verbande kon gelê word uit die vergelyking van hierdie tekste van twee skryfsters wat

tydgenote was. Die vergelyking het inderdaad sekere ooreenkomste, maar ook sekere verskille belig. Daar is aangetoon dat hierdie twee vroue daarin geslaag het om die beperkings wat deur die genderrolle van hulle tyd aan hulle toegedig is, te ontsnap – al was dit moontlik net tydelik en al moes hulle later weer aanpassings maak om deur die breër gemeenskap in meer konvensionele rolle aanvaar te word.

In hoofstuk vier is die meer resente outobiografie van Elsa Joubert bespreek. Hiermee is die kompleksiteit-sisteemteorie as leesstrategie op ’n eietydse outobiografie toegepas, en hierdie teks is met die tekste van M.E.R. en Sarah Raal vergelyk. Insiggewende vergelykings van die menings van verskillende lesers is met hierdie analitiese metode moontlik gemaak.

Die vergelyking van hierdie drie outobiografiese tekste het aangetoon dat die kompleksiteit-sisteemteorie inderdaad insiggewend as analitiese metode en metateorie in die literatuurstudie gebruik kan word. Dit is by uitstek die selfrefleksiewe aard van hierdie metode, waarin die rol van die waarnemer van kardinale belang is, wat met soveel sukses in ’n studie oor outobiografie aangewend kan word.

Die rol van die waarnemer kom in die eerste instansie ter sprake met verwysing na die outeur van die outobiografie. Dit stel die leser van die outobiografie in staat om die invloed van die outeur se waarnemerskap ten opsigte van haar eie ervaring as outeur van haar lewensverhaal te evalueer. So herken die leser by Sarah Raal ’n ongesofistikeerde verteltrant in “’n tydperk toe Afrikanernasionalistiese gevoelens gemobiliseer moes word ten einde ’n nuwe vorm van vryheid in die vooruitsig te stel” (Swanepoel 1996), sowat veertig jaar na die oorlog waaroor haar verhaal handel. Alhoewel dit onmoontlik is om die skryfster se subjektiewe ervaring tydens die neerskryf van haar verhaal te bepaal, strook die “manipulerende aard van die vertelstem” (Swanepoel 1996) met die gedagte dat sy op daardie stadium betekenis daarin kon ervaar deur as “volksmoeder” haar persoonlike geskiedenis vir die saak van die Afrikanernasionalisme beskikbaar te stel.

Hierteenoor is beide M.E.R. en Elsa Joubert ervare, erkende outeurs, en dit spreek ook duidelik uit die onderskeie tekste. Die huidige leser as waarnemer beskou die tekste vanuit die hier-en-nou, en met subjektiewe beoordeling as enigste basis vir bespreking kan geen objektiewe waarneming of gevolgtrekking gemaak word nie. Nogtans kan nuwe perspektiewe openbaar word en kan uitsprake krities ondersoek word. In hierdie verband is gekyk na die uitsprake van drie kritiese lesers en was dit moontlik om aan te toon dat André P. Brink se negatiewe kommentaar op Elsa Joubert se teks waarskynlik in ’n manlik chauvinistiese perspektief gegrond is wat steeds van binne die literêre wêreld ervaar word. Aan die ander kant was dit ook moontlik om aan te toon dat die posisie wat M.E.R. histories gesien in die literêre wêreld ingeneem het, naamlik as die “wyse ta’Miem”, enersyds ’n geldige manier is om na hierdie besondere vrou en haar werk te kyk, maar dat dit andersyds gesien kan word as ’n oorlewingstrategie van iemand wat soos alle mense die behoefte gehad het aan aanvaarding binne haar gemeenskap. Om hierdie rede het sy waarskynlik in haar persoonlike lewe keuses van diensbaarheid gemaak sodat sy ná haar huwelik met ’n “Engelsman” kort na die Anglo-Boereoorlog, en die egskeiding daarna, weer binne die konvensionele sosiale patroon aanvaar kon word. Sy was ook suksesvol daarin om vir haarself genoeg lewensruimte te skep sodat sy nie gedoem was tot ’n eentonige, konvensionele bestaan nie.

Wat veral duidelik na vore gekom het, was dat die biologiese samestelling van ’n betrokke persoon/waarnemer bepalend is in die proses van evaluasie van lewenservaring omdat dit hierdie biologiese gegewe is wat die persoon as register van die belewenisse bepaal. En vanuit hierdie perspektief gesien, was al drie die vroue besonders. Dit is egter die omvang van Elsa Joubert se verslag oor haar emosionele ontwikkeling as skryfster wat veral opval. Wat die leser aangryp, is haar bereidwilligheid om van persoonlike, intieme belewenisse en gedagtes verslag te doen. Dit spreek van ’n bepaalde insig in haar eie aard en lewensverloop en ook van ’n krag in haar karakter waardeur sy kans sien om deur die opteken van haar jeugherinneringe haarself bloot te stel aan die observasie en evaluasie van ander wat onbetrokke is by die ontwikkeling van hierdie spesifieke persoonlikheid en wat dus minder simpatiek daarmee kan omgaan.

Verder het ondersoek binne die raamwerk van die kompleksiteit-sisteemteorie dit ook moontlik gemaak om krities na verskillende lesers van die tekste se waarnemings te kyk. ’n Leser se begrip of onbegrip vir ’n situasie soos dié van Elsa Joubert getuig op sy beurt weer van die invloed vanuit die waarnemer se omgewing op die sake wat evalueer word. ’n Leser se persoonlike ingesteldheid en moontlikhede as register van respons of ervaring word verder bepaal deur die moontlikhede van individuele biologiese “sisteme”. Hier is dus waarlik sprake van ’n metateorie wat enige verdere leser/waarnemer daaraan herinner dat die teks vanuit sy of haar spesifieke situasie evalueer word.

Die fyn balans tussen die enkeling se besef van individualiteit, maar ook die noodwendigheid van ’n bestaan, nie alleen in groepsverband nie, maar ook ’n bestaan direk gekoppel aan die omgewing, is hier aangetoon. Daar is ’n kontinue skakel tussen die persoonlike en volksgeskiedenis wat elke geslag se verhale met die verhale van hulle voorgangers verbind, en daar ontstaan só ’n narratief van mense se lewens wat die grondslag van hulle bestaan in tyd vorm.

In hierdie ondersoek het dit veral duidelik geword hoe ons deur die kultuurprodukte rondom ons gevorm word. Soos Elsa Joubert se soeke na wie sy nou regtig is, word dit vir die leser ook duidelik dat dit baie moeilik is om aan te toon tot watter mate elke identiteit gekonstrueer word uit al die woorde en beelde uit ons omgewing. Deur hierdie outobiografieë in kombinasie te lees en vanuit die hede terug te kyk na ’n eie verlede waarin elkeen van ons deur tradisie, omgewing en magte in bewind gevorm is en gemanipuleer is, raak die leser opnuut bewus van die waarde van ’n poging soos dié van Elsa Joubert om te wil wegkom uit die voorafbepaalde, gedefinieerde bestaan. Aan die ander kant bevestig die vergelykende studie die rol en waarde van ’n eie geskiedenis, kultuur en tradisie omdat die mens daarsonder ’n leë dop is. Die individu beweeg dus altyd binne hierdie spanningslyn tussen die pole van individualisme en kommunale bestaan.

Met hierdie twee grense vir die mens as waarnemer van sy eie lewe kan die opdrag van Kant weer opnuut na waarde geskat word: “Zelf denken betekent de hoogste toetssteen van de waarheid in zichzelf (dat is in zijn eigen rede) zoeken; en de grondregel, steeds zelf

te denken, is de Verlichting" (Aufenanger 1998: 121). Hierdie "Verligting" is egter slegs moontlik as die mens oor 'n wye verwysingsraamwerk beskik, maar ook oor die vermoë beskik om, waar die toetssteen van waarheid onsuiwerheid van denke sou aandui, die inligting te gebruik vir die maak van daardie konseptuele verskuiwings wat nodig mag wees om by die vereistes van 'n vollediger waarheid aan te pas − dit dan altyd met die bewustheid van die enkeling se onafwendbare subjektiwiteit van denke.

Laastens, en as integrale deel van die studie, kon binne die raamwerk van die kompleksiteit-sisteemteorie as leesteorie aangetoon word dat die stem van die vrou in die outobiografie 'n ander stem as die manlike stem is, maar dat dit op geen manier ondergeskik daaraan (of verhewe daarbo!) is nie. Indien 'n evaluasie daaroor gemaak moet word, sou dit eerder wees dat die stem van die vrou (hier die blanke, Afrikaanssprekende vrou), met haar gevoeligheid vir interpersoonlike verhoudings, eerder dien as unieke register van die kompleksiteit van bestaan as individu, en met 'n bewussyn van die deurlopende invloed, effek en behoeftes van ander, met ander woorde, 'n eiesoortige ubuntu.

Bronnelys

Aucamp, Hennie. 1998. *Beeltenis verbode.* Human & Rosseau: Kaapstad.

Aufenanger, Jörg. 1998. *Beknopte inleiding in de filosofie*. Utrecht: Het Spectrum.

Bateson, Gregory. 1979. *Mind and Nature*. EP Dutton: New York.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 1996. *Family Therapy − a Systemic Integration*. London: Allyn and Bacon.

Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S. 1967. *Afrikaanse etimologieë.* Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Brink, André P. 2005. Swaarwigtige geweld. *Rapport*, 4 Desember: 4.

Cellier, Paul. 2005. Eco se jongste boek is betowerend – ode aan waarde van woorde en beelde. *Die Burger*, 29 Augustus: 13.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.) 1989. *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Davis, Tom. 2003. Lacan and Deconstruction. *The Theories of the Mind Lectures. Lacan.* The University of Birmingham.
Online:
<http://www.english.bham.ac.uk/staff/tom/teaching/theories/theorieslectures/lacan/lacanlectures.htm>.
Accessed 21 August 2005.

Delius, Christoph. (ed.) 2000. *The Story of Philosophy: from Antiquity to the Present.* Cologne: Könemann.

Dillon, Michael. 2000. Poststructuralism, Complexity and Poetics. *Theory, Culture & Society,* 17(5): 1-26.

Eco, Umberto. 2005. *The Mysterious Flame of Queen Loana.* Harcourt: Orlando, Florida.

Farr, Vanessa. Making This Book is a Strange Thing to Me: Singing Away the Hunger and the Politics of Publishing in Collaborative Autobiography. *Alternation* 7(1): 125.

Fillingham, Lydia. 1993. *Foucault for Beginners*. London: Writers and Readers.

Foucault, M. 1995. *The Archaeology of Knowledge*. Routledge: London.

Fourie, David P. 1998. *Hypnosis in Treatment: an Ecosystemic Approach.* Pretoria: Unisa.

Franssen, J. 1995. *Van vroeger. Levensverhalen schrijven met ouderen*. Houten/Diegem: Bohn Stafleu Van Loghem.

Giliomee, H. 2003. The Rise and Fall of Afrikaner Women. *Litnet Seminar Room.*
Online:

<http://www.oulitnet.co.za/seminarroom/12kaschula.asp>.
Accessed 22 August 2005.

Gilligan, C. 1998. *In a Different Voice.* London: Oxford University Press.

Gilligan, C. 2003. *The Birth of Pleasure*. London: Vintage.

Grey, M. 1992. *De verlossing van de droom.* Kampen: J.H. Kok. B.V.

Grizans, Mary Ann. 1991. Identification in Autobiography*.* *Genre XXIV*, Fall: 299.

Gusdorf, G. 1980. Conditions and Limits of Autobiography, translated by J. Olney. In Olney, James (ed.) *Autobiography: Essays Theoretical and Critical*. Princeton: Princeton University Press, 28-48.

Hill, Philip. 1997. *Lacan for Beginners*. London: Writers and Readers.

Jansen, E. 1999. Een eeuw van onrecht*.* *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*.
Aanlyn:
<http://academic.sun.ac.za/afrndl/tna/521.html#ref_eindnota_23>.
Toegang 22 Augustus 2005.

Jefferson, A. & Robey, D. 1993. *Modern Literary Theory – a Comparative Introduction*. London: BT Batsford Ltd.

Jongeneel, Els (red.) 1989. *Over de autobiografi*e. Utrecht: HES Uitgevers.

Joubert, E. 2005. *'n Wonderlike geweld − jeugherinneringe.* Kaapstad: Tafelberg.

Kitto, H.D.F. 1981. *The Greeks.* Middlesex: Penguin Books.

Kundera, Milan. 1995. *Testaments Betrayed.* London: Faber & Faber.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. 8ste hersiene en uitgebreide uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

Landow, G.P. Cyberspace, Hypertext & Critical Theory. Gender Matters. *Cyberart Database: Cyberspace Web*.
Online:
<http://www.cyberartsweb.org/cpace/ht/cuihang/landow.htm>.
Accessed 29 November 2002.

Lejeune, Philippe. 1989. *On Autobiography.* Minnesota: Minnesota Press.

Maturana, Humberto R. S.a. Ontology of Observing the Biological Foundations of Self Consciousness and the Physical Domain of Existence.
Online:
<http://www.inteco.cl/biology/ontology/ooo-c10.htm>.
Accessed 29 January 2007.

Maturana, Humberto R. S.a. The Nature of Time.

Online:
<http://www.inteco.cl/biology/nature.htm>.
Accessed 29 January 2007.

M.E.R. 1950. *Die gewers.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

M.E.R. 1972. *My beskeie deel.* Kaapstad: Tafelberg.

Misch, Georg. 1973. *A History of Autobiography in Antiquity*. Connecticut: Greenwood Press.

Noelle-Neumann, E. 1984. *The Spiral of Silence*. University of Chicago, Chicago.
Online:
<http://changingminds.org/explanations/theories/spirals_silence.htm>.
Accessed 22 February 2007.

Olney, James. 1972. *Metaphors of Self: the Meaning of Autobiography*. Princeton, N.J.: Princeton University Press.

Olney, James. 1980. Autobiography and the Cultural Moment: a Thematic, Historical and Bibliographical Introduction. In: Olney, James (ed.) *Autobiography: Essays Theoretical and Critical*. Princeton, N.J.: Princeton University Press, 2-27.

Painter, Desmond. 2006. Die tekstuur van die alledaagse: 'n resensie van Elsa Joubert se *'n Wonderlike Geweld. Litnet Seminaarkamer*.
Aanlyn:
<http://www.litnet.co.za/seminaar/wonderlike_geweld_painter.asp>.
Toegang 14 Februarie 2006.

Palmer, Donald D. 1997. *Structuralism & Poststructuralism for Beginners*. London: Writers and Readers.

Pop-up Oxford English Reference Shelf on CD-ROM (single-user) version 1.0. 2000. Oxford: Oxford University Press.

Postma, M. 1957. *Hoe ek 'n skryfster geword het*. Kaapstad: Naweekpos-Uitgewers.

Raal, S. 2000. *Met die Boere in die veld*. Plumstead: Stormberg Uitgewers.

Rabinov, Paul. 1984. *The Foucault Reader*. London: Penguin.

Roos, H.M. 1992. Drie "dames"-romans. *Tydskrif vir letterkunde* 30(2): 41-52.

Roos, H.M. 1997. Reconstructions of a Destroyed Past. Autobiographical Writings after the South African Political Revolution (1990-1995). Ongepubliseerde referaat gelewer by die 15de Kongres van die ICLA, Universiteit van Leiden, Nederland, 16 Augustus 1997.

Roos, H.M. 2006. Resensie van *'n Wonderlike geweld. Tydskrif vir letterkunde* 43(2): 239-243.

Rosenblueth, A., Wiener, N. & Bigelow, J. 1943. Behavior, Purpose and Teleology. *Philosophy of Science* 10: 18-24.

Ruiz, Alfredo B. 1996. The Contributions of Humberto Maturana to the Sciences of Complexity and Psychology. *The Journal of Constructivist Psychology* 9(4): 283-302, Oct-Nov.
Online:
<www.inteco.cl/contrib.contrib.txt>.
Accessed 29 January 2007.

Sardar, Zaiuddin & Abrams, Iwona. 1998. *Chaos for Beginners.* Icon: Cambridge.

Schoeman, K. 2002. *Die suidhoek van Afrika.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Schoeman, K. 2003. *Die wêreld van Susanna Smit 1799-1863*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Severijnen, Olav. 1989. Genre en periode: de autobiografie en het modernisme. In: Jongeneel, Els (red.) *Over de autobiografie*. Utrecht: HES Uitgevers, 64-81.

Spender, S. 1980. Confession and Autobiography. In: Olney, J. (ed.) *Autobiography: Essays Theoretical and Critical*. Princeton: Princeton University Press, 115-122.

Steyn, J.C. 2004. *Die 100 jaar van M.E.R.* Kaapstad: Tafelberg.

Swanepoel, Eduan. 1996. Ubuntu en individualisme: enkele opmerkings oor die Suid-Afrikaanse outobiografie. *Stilet* (8)1: 20-27.

Van Coller, H.P. 1998. *Perspektief en profiel: Deel 1.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Coller, H.P. 1999. *Perspektief en profiel: Deel 2.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Van der Hoorn, Svea. 1995. The Development of Ecosystemic Thinking: an Epistomological Study. PhD dissertation, University of Stellenbosch.

Van Niekerk, A. 2001. Finding my Own Voice? Women's Ego Texts from the South African War – a Genre Exploration. *Stilet* 8(2): 103-122.

Van Reenen, H. 1927. *Voordelige hoenderboerdery.* Paarl: Paarl Drukpers Maatskappy, Beperk.

Waegeman, M. 1989. Autobiografische experimenten in de antieke Griekse literatuur. In: Jongeneel, Els (red.) *Over de autobiografi*e. Utrecht: HES Uitgevers, 97-103.

Weintraub, Karl. 1989. De ontwikkeling van de autobiografie als vorm van zelfbewustwording.
In: Jongeneel, Els. (red.). *Over de autobiografie*. Utrecht: Hes Uitgevers, 9-26.

Whitaker, R. 1995. Self-Organization, Autopoiesis, and Enterprises.
Online:
<www.acm.org/sigs/sigois/auto/Main.html>.
Accessed 21 February 2007.